

## INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING .....	5
2. SKOOLIED .....	10
3. FEESLIED (2013).....	10
4. VISIE EN MISSIE .....	11
4.1 VISIE.....	11
4.2 MISSIE.....	11
4.3 DIE SLAGSPREUKE/KLINKREËLS IS: .....	12
5. GETALLE .....	12
5.1 SKOOL .....	12
5.2 BEYERS TEHUIS .....	12
5.3 OOMPIE MEYER.....	12
6. PERSONEEL .....	13
6.1 ADJUNKHOOFDE .....	13
6.2 GRAADHOOFDE .....	13
6.3 SENIORVAKHOOFDE .....	14
6.4 VAKHOOFDE .....	14
6.5 OPVOEDERS .....	14
6.6 ADMINISTRATIEWE PERSONEEL .....	16
6.7 ONDERSTEUNERSPERSONEEL .....	17
6.8 KOSHUISPERSONEEL .....	17
6.9 NUWE PERSONEEL .....	17
6.10 TERREINPERSONEEL.....	17
6.11 PERSONEEL WAT SKOOL VERLAAT .....	18
6.12 SAMESTELLING VAN DIE PERSONEEL VAN HOËRSKOOL OUTENIQUA.....	18
7. DISTRIKSKANTOOR .....	19
8. FINANSIES .....	19
8.1 FINANSIËLE KOMITEE.....	19
9. OLIMPIADES EN KOMPETISIES.....	22
9.1 WISKUNDE OLIMPIADE .....	22
9.2 SPEL EN SKRYF – T. HAUPT.....	22

9.3 SKRYF .....	23
9.4 TAALBOND.....	23
9.5 AFRIKAANS SENIOR OLIMPIADE .....	23
10. MATRIEKUITSLAE 2017 .....	24
10.1 A-KANDIDATE .....	24
10.2 A-GEMIDDELDES .....	24
10.3 ONDERSKEIDINGS.....	25
10.4 VAKGEMIDDELDES:.....	26
10.5 GRAADGEMIDDELD .....	26
10.6 TOEKENNINGS:.....	26
11. VERSORGING: A.J. VAN SCHALKWYK.....	27
11.1 EMOSIONELE VERSORGING .....	27
11.2 GEESTELIKE VERSORGING.....	27
11.3 VCSV .....	27
11.4 FISIESE VERSORGING .....	27
12. FISIESE GERIEWE: F. DE SWARDT .....	28
12.1 PROJEKTE .....	28
12.2 MEUBELMENT .....	29
12.3 INVENTARIS .....	29
12.4 SPORTTERREIN .....	29
12.5 TOEGANGSBEHEER .....	29
13. BEMARKING .....	30
13.1 DIE KWAGGA TRUST: .....	30
13.2 SPORTDAG BORGSKAPPE: .....	31
13.3 BORGE VAN SPORTSPANNE: .....	32
13.4 GHOLFDAE: .....	33
13.5 HALFWAY GEORGE KWAGGA 4 X 4 : .....	33
13.6 KWAGGA WYNVEILING:.....	33
13.7 HOËRSKOOL OUTENIQUA:.....	34
13.8 ANDER BORGSKAPPE : .....	37
13.9 ADVERTENSIES : .....	37

13.10 MEDIA SKAKELING EN INTERNE BEMARKING/KOMMUNIKASIE:.....	37
13.11 ONTWIKKELING EN DAARSTELLING VAN BEMARKINGSMATERIAAL EN GESKENKE:.....	37
13.12 SAMEVATTEND .....	37
14. REKENAARSENTRUM: H. BEZUIDENHOUT .....	38
15. KWAGGA CUISINE: A. LUBBE .....	38
16. KWAGGARAAD: R. HATTINGH .....	39
16.1 KWAGGA+ (T. HAUPT) .....	40
16.2 MEDIA (T DE SWARDT).....	40
16.3 DISSCIPLINE (Y. PRETORIUS).....	41
16.4 AKADEMIE (N. MALAN) .....	41
16.5 EVENTS (L. KOTZÉ EN H. SWANEPOEL).....	41
16.6 UITREIKPORTEFEULJE (S. VAN DER WALT) .....	41
16.7 TANK: .....	42
16.8 SKOOLTROTS EN GEESPORTEFEULJE (M EYGELAAR EN A VAN DER MESCHT).....	42
16.9 IMPAKPORTEFEULJE: (E. RAUTENBACH) .....	43
16.10 GROENPORTEFEULJE (E PRETORIUS EN S. WANNENBURG) .....	43
17. SPORT: P. CLOETE .....	45
17.1 ATLETIEKVERSLAG (J. WOLVAARDT).....	45
17.2 BERGFIETS (A. VAN TONDER EN C. VAN DYK).....	50
17.3 DOGTERSHOKKIE: (MEV. B. GIBSON).....	50
17.4 SEUNSHOKKIE (F. OLIVIER).....	55
17.5 GHOLF( HJ SMIT) .....	57
17.6 KRIEKET: (J. ELS).....	58
17.7 MUURBAL (NJ ZANDBERG).....	59
17.8 NETBAL (MEV. H. VAN ROOYEN).....	60
17.9 RUGBY (J. JANSEN VAN RENSBURG).....	64
17.10 SKAAK (Y. PITTS) .....	68
17.11 SWEM (C. VAN ZYL) .....	69
17.12 TENNIS (A. WARREN) .....	69
17.13 TWEEKAMP, BIATHLE, TRIATHLE, DUATHLE EN LAZERRUN: (I GIBSON).....	70
17.14 WATERPOLO (J. J. V. RENSBURG).....	72

17.15 KONDISIONERING.....	72
18. NOODHULP (C.E. BRINK en H. ERASMUS).....	79
19. KULTUUR.....	80
19.1 OUTENIQUA KOORFEES: (A. VAN SANTEN).....	80
19.2 SKOOLKOOR: (P. RAATH).....	80
19.3 KLANKBROUSEL: (L. PETERSEN).....	81
19.4 JAZZ ENSEMBLE: (L. PETERSEN).....	81
19.5 VOKALE ENSEMBLE: (K. NETLEY).....	82
19.6 WEAR ART: (E. PRETORIUS).....	83
19.7 ONTWERP HIGH TEA:(E. PRETORIUS).....	83
19.8 OUTENIQUA SCREENWORX: (E. PRETORIUS).....	83
19.9 DANSPRODUKSIE: (W. VAN JAARVELD).....	84
19.10 SKRYFSKOOL: (A.M. LOUW).....	84
19.11 REDENAARS: (M.J. SMITH).....	84
19.11 DEBAT: (A.G. LOUW).....	85
19.12 DRAMA EN TONEEL: (K. HERBST).....	86
19.13 BELGIESE UITRUILPROGRAM: (M.J. SMITH).....	88
20. KOSHUISE .....	89
20.1 BEYERS TEHUIS KOSHUIS (L. SCRIVEN).....	89
20.2 OOMPIE MEYERKOSHUIS: (R. HATTINGH).....	92
21. PRESTASIE TOEKENNINGS .....	99
EERSTE KWARTAAL 2018 .....	99
TWEEDE KWARTAAL 2018 .....	102
DERDE KWARTAAL 2018.....	105

## 1. INLEIDING

Dit is met groot dankbaarheid teenoor alle partye betrokke by die Hoërskool Outeniqua dat die jaarverslag van 2018 saamgestel kan word. Dankie aan elke persoon wat met die skryf van die jaarverslag 'n bydrae gelewer het om dit wat die jaar in en om die Hoërskool Outeniqua plaasgevind het weer te gee. Die skryf van die jaarverslag is egter een kant van die saak, maar die harde werk wat deur personeel, leerders, ouers en die gemeenskap gedoen is, verdien die eer.

In die 95ste bestaansjaar van die skool het die Outeniqua-gemeenskap baie om voor dankbaar te wees. 2018 sal een van die jare wees wat gekenmerk is deur puik leierskap deur leerders, 'n rustige atmosfeer in die skool, leerders wat deelgeneem het aan 'n verskeidenheid van aktiwiteite en prestasies van hoogstaande gehalte.

Uit die aard van wie die skoolgemeenskap is, besef ons dat al die seëninge wat ons ontvang slegs uit genade aan ons gegee word. Dankie aan elke persoon wat deur sy/haar bydrae gehelp het om die Hoërskool Outeniqua 'n skool van uitnemendheid te maak.

In die afgelope 95 jaar is daar baie mense wat met baie talente en harde werk 'n skool van uitnemendheid daar gestel het. Dit plaas op die mense wat nou en in die jare wat kom, 'n groot verantwoordelikheid om op die nalatenskap voort te bou. Daarom mag geen persoon betrokke by Hoërskool Outeniqua toelaat dat daar 'n verlaging van standarde sal wees nie.

Die 95-jaar se feesvieringe op Vrydag, 31 Augustus het ons as personeel en leerders in verwondering laat staan oor die prestasies van ons oud-leerders en die lojaliteit en harde werk van ons opvoeders. Die volgende oud-onderwysers is vereer met 'n Nobilitat Labor-toekenning vir uitmuntende en getroue diens:

### In die kategorie **SKOOLHOOF:**

1. Mnr. GJB Volschenk (1940 – 1961 / 22 jaar / Postuum)
2. Mnr. Tommie Smook (April 1986 – Desember 2009 / 23 jaar en 9 maande)

### In die kategorie **ADJUNKHOOF:**

1. Mnr. Casper Brink (23 jaar en 5 maande)
2. Mnr. Chris Hattingh (23 jaar en 8 maande)

### In die kategorie **OPVOEDER**

1. Mev. Madene Reitz (38 jaar en 8 maande)
2. Mnr. Chris Hattingh (36 jaar en 8 maande)
3. Mnr. Hendrik Smit (36 jaar en 8 maande)
4. Mnr. Gavin Falck (34 jaar en 5 maande)
5. Mev. Jackie Minnie (31 jaar en 2 maande)
6. Dr. Francois Joubert (30 jaar en 8 maande)
7. Mej. Anna van Schalkwyk (30 jaar)

In die kategorie **ONDERWYSER** is die volgende Nobilitat Labor-toekenning reeds vroeër gemaak:

1. Mnr. Emile Kloppers (41 jaar)
2. Mnr. Erik Müller (40 jaar)
3. Mnr. Bernard Clur (35 jaar en 9 maande)
4. Mnr. Burrie du Toit (35 jaar en 8 maande)
5. Mnr. Swannie Swanepoel (33 jaar)
6. Mev. René Heunis (33 jaar)
7. Mev. Eddie Sterley (32 jaar)
8. Mnr. Flip de Swardt (31 jaar en 6 maande)
9. Mnr. Carlo Loubser (31 jaar en 4 maande)
10. Mnr. GJB Volschenk (30 jaar)
11. Mnr. SAS de Kock (30 jaar)
12. Mev. Anna du Toit (30 jaar)

Die volgende oud-leerders is vereer met die skool se hoogste toekenning, naamlik die **ERETOEKENNING**, vir prestasies op nasionale en internasionale vlak.

1. Jaco Thom (Dux-leerder 1975) – Bekroonde skrywer van Bybelse romans en godsdienstige lektuur
2. Professor Cas Wepener (1990) – Hoogleraar in Teologie, navorser en kreatiewe skrywer
3. Professor Anthonie Cilliers (1998) – Professor in die praktyk en kenner van kernenergiestelsels
4. Karo van Tonder (Hoofdogter 2007) – Wêreldkampioen in seilplankry; Afrika-kampioen en rekordhouer
5. Warrick Gelant (2013) – Springbokrugbyspeler (no. 890), Blitzbok en Curriebekerspeler van die jaar 2017
6. Dewald Human (2013) – Blitzbok, Blitzbokkaptein en wenner van 2 HSBC Wêreldreeksbekers (2017/2018)

Die tweede gedeelte van ons 95-jaarfiering het eer aan die skrywer van ons invloedryke skoollied gegaan. Die skoollied is ongeveer 80 jaar gelede geskryf en graag wil ek in die jaarverslag hulde aan die skrywer, wyle mnr. Nico le Roux, bring. Hy was 'n besielende onderwysleier en het duisende leerders se lewe beïnvloed met die skryf van die skoollied.

Nico le Roux is in 1932 aangestel as Outeniqua se tweede skoolhoof. Hy was 'n diep denker, 'n filosoof en 'n dinamiese leier wat leerders gemotiveer het om bo die armoede en swaarkry van die ekonomiese depressie uit te styg. Hy het die kernwaarde van SELFHELP gevestig en vele projekte geloods om fondse te genereer om vir behoeftige leerders moontlik te maak om te kon skoolgaan.

Onder sy besielende leiding het die skool op akademiese gebied uitstekend gevaar. In 1934 word Hoërskool Outeniqua as die top akademiese skool in die Kaapprovinsie aangewys vir die beste matriekuitslae in die provinsie. Die Hoërskool Outeniqua het oornag landwyd bekend geword.

Vir mnr. Nico le Roux was karakteropvoeding, doelgerigte, praktiese onderrig, opleiding tot nuttige burgerskap en goeie vryetydsbesteding die boustene van goeie onderwys. Om hieraan uiting te gee, het hy besef dat leerders en opvoeders op 'n dieper vlak geïnspireer moet word. Dit het hom aangevuur om 'n besielende skoollied te skryf wat sedert 1938 die hartklop van ongeveer 25 000 Kwaggas geword het.

Die **personeel** het die afgelope jaar baie hard gewerk en daar is deur die meeste van hulle die ekstra myl geloop om in die eerste plek leerders te help opvoed en in die tweede plek hulle te onderrig. Die ondersteuningspersoneel, van die koshuispersoneel tot die administratiewe personeel van die skool, werk daaglik baie hard om die skoolprogram vlot te laat verloop.

Die jaar was ook **beheerliggaamverkiesing**. Op 6 Maart het ons vir die eerste keer in die geskiedenis 'n voldag verkiesing gehou en met die eerste probeerslag 'n kworum verkry. Die beheerliggaam het vanjaar hard gewerk om die finansies van die skool op 'n gesonde grondslag te plaas en ondersteuning aan die skoolbestuur in die uitvoering van hulle pligte. Baie dankie vir die voorsitter, mnr. Andre Keyser en die res van die beheerliggaam. Dit is 'n groot voorreg om saam met die ouers te werk. Elkeen van hulle het op 'n besondere manier 'n bydrae gelewer om die standaard van bestuur, onderrig, sport en kultuur te verbeter.

Baie dankie aan die **OOV** wat onder leiding van mnr. Attie Bedeker hard gewerk het om tuiswedstryde se snoepie te hanteer. Die ander groep ouers wat die afgelope jaar hard gewerk het, is die ouers wat met die Kwagga Lang Tafel gehelp het. Baie dankie vir ouers wat baie betrokke by die skool was. Dit was baie aangenaam om baie ouers by ons vergaderings te sien, om ouers by die sportwedstryde en kultuur se produksies en op vele ander terreine by die skool te sien. Die belangrikste is egter dat ouers hulle kinders opvoed en dat dit die taak van die onderwysers vergemaklik.

Die groep ouers wat elke dag vir die skool bid speel 'n baie belangrike rol. Dankie, vir mev. Annemarie Roux en die hele span voorbidders vir julle getroue gebede en julle omgee vir die leerders, personeel en ander ouers.

Gedurende die afgelope 95 jaar het die skool hom op verskeie terreine as een van die top en toonaangewende skole in Suid-Afrika gevestig. Dit is vir almal by die skool betrokke, 'n voorreg om met Hoërskool Outeniqua geassosieer te word. Regoor Suid-Afrika maak Oud-Kwaggas 'n groot verskil in hulle omgewing van werk, ontspanning en op die gebied van godsdienste. Die leerders, personeel en ouers wat ook met die minder bekende aktiwiteite 'n groot verskil by die skool maak, verdien ook melding. Om elke dag in die snoepie te werk of om op 'n Saterdag as ouer of onderwyser in die Hommel Trommel te werk of op die sportveld met noodhulp te help, maak net so groot verskil soos daardie leerders wat die skool op provinsiale en nasionale vlak te verteenwoordig. As dit nie vir die pa's en ma's in die Hommel Trommel was nie, sou ons moeilik die sportdae kon aanbied. As daar nie leerders was wat in die Snoepie en Cuisine gewerk het nie, sou dit ook moeilik gewees het om al die leerders, personeel en ouers van noodsaaklike eet- en drinkgoed te voorsien.

Die nuwe jaar het op 'n gebruikelike matriekuitslae dag afgeskop. Die matrieks het uitsonderlik presteer en kyk gerus onder akademie hoe het die matrieks van 2017 presteer. 'n Hoogtepunt is dat ons vir die tweede agtereenvolgende jaar twee leerders op die Wes-Kaap se merietelys gehad het. Emma Nel en Tiaan Swart het die besondere prestasie behaal. Die Afrikaans-vakspan het die besondere prestasie behaal om 'n toekenning van uitnemendheid by die WKOD te kry.

Dit was ook aangenaam om vanjaar te sien hoe Demi Leigh Nel Pieters as Mej. Heelal steeds die sprankelende persoon van ouds is. Sy was in 2013 die hoofdogter van die skool en van OMK. Dit is 'n besondere eer dat Mej. SA Tiener, Monique Best en Mej. Suid-Afrika verbonde aan die Hoërskool Outeniqua is en was. Monique het vanjaar nog 'n titel agter haar naam geskryf, naamlik Miss. Asia Pacific.



Op kultuurgebied was dit 'n uitsonderlike jaar. Die vokale ensemble, Jazzband en die redenaars en debat leerders het ons vanjaar vermaak met wêreldklas optredes. Dit was ook een van die redes waarom Kwêla 'n program van Kerwin Albertus gemaak het. Buiten die drie groepe het die aanbiedings van die Dans Extravaganza, die Koorfees en Klank Brousel ons vermaak.

Die sportmanne en-vroue het vanjaar ook vir besondere prestasies gesorg. Meike Strydom se insluiting in die SA atletiekspan, Michelle Groves se insluiting in die SA o/17 netbalspan (kaptein), Christo Lamprecht se wen van die Ierse Amateurkampioenskappe (en verskeie ander toekennings), die 0/16-rugbyspan wat tweede in Suid-Afrika geëindig het, ens. is 'n bewys van leerders, personeel en ouers se harde werk. Die leerders wat in die C- en D-spanne Saterdag na Saterdag op die sportveld verteenwoordig, verdien ook vermelding. Dit is ook die leerders wat die eerste spanne op die pawiljoen ondersteun. Die sanggroep van 2018 was ook deurlopend op die pawiljoen en het ons vanjaar ook trots gemaak.

Ons is dankbaar teenoor ons Hemelse Vader vir die genade en die energie wat Hy vir ons gee om daagliks met die kroon van die skepping te kan werk. Ons is baie dankbaar vir 'n jaar waarin ons baie seëninge ontvang het. Hoërskool Outeniqua kan nie genoeg dankie sê vir groot betrokkenheid van die gemeenskap nie.

In die afgelope agt jaar het ons daarop gefokus om 'n gemeenskaplike waardestelsel daar te stel. In 2017 het ons die gedragskode van die skool hersien en gepoog om daardeur 'n proaktiewe benadering ten opsigte van gedrag te volg. Ons poog om deur karakteropvoeding op deugde van integriteit, lojaliteit, respek, eerlikheid, diensbaarheid, vriendelikheid, nederigheid, dankbaarheid, volharding en betroubaarheid onder die leerders te vestig. Daarom heel eenvoudig te stel wil ons graag sien dat leerders die vraag "Wat is reg en verkeerd?" vra.

Deel van die proses was dan ook om die missie en visie van die skool in lyn met dié waardestelsel te bring. Daarmee saam is daar twee belangrike beginsels waarvolgens die skool bestuur word, naamlik "**Kwaggas vir kwaliteit**" en "**Die skool vir elke kind**". Dit is natuurlik maklik om die waardes en deugde op skrif te stel, maar dit bly 'n groot uitdaging om die waardes in die harte van mense te vestig en om hierdie waardes en deugde uit te leef.

Die handhawing van goeie dissipline en daar dan ook die inagneming van die regte van leerders is seker een van die sake wat onderwysers se energie die meeste tap. Die ouer as primêre opvoeder is verantwoordelik vir die vestiging van goeie maniere en die aanvaarding van die norme en standaarde van die skool. Skole kan nie goed funksioneer as daar nie 'n gemeenskaplike waardestelsel is nie.

Die onderwys in Suid-Afrika het weer vanjaar sy kwota uitdagings beleef. Die gaping tussen goeie en minder goeie skole word elke jaar groter. Die druk op skole wat kwaliteit onderrig lewer om meer leerders te neem, neem toe.

Sosiale media speel 'n al hoe meer belangrike rol in die mens se alledaagse bestaan. Die kern beginsel vir die hantering van sosiale media is as ek iets op sosiale media plaas, ek bereid sal wees om dit ook op 'n groot advertensiebord langs 'n snelweg met my naam langsaan, te plaas.

Die toelating van leerders is ook een van die groot uitdagings van ons tyd. Omdat daar soveel disfunksionele skole is, wil ouers graag hulle kinders by die funksionele skole inskryf. Daarom is die druk op funksionele skole soveel groter. In baie gevalle gee ouers foutiewe adresse op wat naby funksionele skole is, net om hulle kinders in daardie spesifieke skool in te skryf.



Die enigste manier hoe onderwys in Suid-Afrika kan verbeter, is deur dissipline en harde werk van onderwysers en beamptes. Die doel van hierdie harde werk moet wees om ons kinders se vermoë om te lees, skryf en te reken te verbeter.

Die jongmense leef vandag in opwindende tye. Hulle is dalk die generasie wat Mars gaan koloniseer. Hulle het geleenthede om regoor die wêreld te kan werk, sowel as die geleenthede wat groen energie hulle bied. Hierdie is sake wat 'n mens opgewonde maak. Die groot vereiste is egter dat hulle kreatiwiteit aan die dag moet lê om die uitdagings van klimaatsverandering die hoof te bied. Daar is definitief 'n groep jongmense wat die wil en verstand het om hierdie uitdagings die hoof te bied.

Die verbetering en instandhouding van die terrein en geboue is 'n hoë prioriteit. Ons het vanjaar baie onderhoud aan die bestaande geboue gedoen.

Ek wil baie graag met die aanvang van die verslag 'n paar bedankings doen. Soos reeds aan die begin geskryf is, weet ons waar kom al die seëninge vandaan. Die onderwysers het in die afgelope jaar baie hard gewerk om die siklus in die verskillende vakke af te handel. Die verhoging van slaagvereistes in gr. 8 en 9 plaas baie meer druk op die personeel en leerders. Onderwysers en beamptes moes die afgelope jaar hard werk om by die regte uitkomst uit te kom. Dit het baie nuwe eise aan elke onderwyser gestel. Ek hoop regtig dat die skoolomgewing volgende jaar meer stabiel sal wees en dat skole op die verhoging van standaard kan fokus.

Baie dankie aan die administratiewe- en finansiële kantoor, die koshuispersoneel en die span wat die geboue en terrein in stand hou.

Die leerders het, met die uitsondering van 'n paar, hulle baie goed gedra. Dit was een aspek waar Hoërskool Outeniqua se leerders geweldig gegroei het. Onder leiding van die hoofleerders, Braam van Huyssteen, Melissa Vorster, Michael Bezuidenhout en Elizma Beyleveld en die Kwaggaraad het ons vanjaar 'n besondere jaar ten opsigte van ons dissipline gehad. Die hoofleerders het nie net ten opsigte van die alledaagse 'n verskil gemaak nie, maar het ten opsigte van die dieper sake soos die welstand van die leerders en die opvoeding van die mede-skoliere ook 'n verskil gemaak.

Die matrikulante was vir die res van die skool 'n voorbeeld in hulle optrede. Baie dankie aan elke leerder.

Baie dankie aan elke ouer wat sy/haar kind gedurende die jaar op geestelike, fisiese en al die ander terreine van die lewe ondersteun het. Daardeur versterk ons die George- en die Outeniqua-gemeenskap en maak ons 'n belegging in ons kinders se toekoms.

## 2. SKOOLIED

Aan die voet van trotse berge,  
Aan die oewer van die see,  
Wyd omsoom deur bos en oerwoud,  
Sprekend van 'n lang verlee,  
Staan ons skool, die Outeniqua,  
Roem van skole, bron van lig.  
By ons werk en sport en strewe  
Is Sy eer ons eerste plig.  
Outeniqua! Outeniqua!  
Sing ons vrolik dag na dag;  
Outeniqua! Outeniqua!  
Bly ons wagwoord en ons krag!

## 3. FEESLIED (2013)

Greta Delpont Benadé  
Opdragwerk

Aan die voet van trotse berge,  
Aan die oewer van die see;  
Wyd omsoom deur bos en oerwoud,  
Sprekend van 'n lang verlee.  
Outeniqua, Outeniqua,  
Roem van skole, bron van lig.  
By ons werk en sport en strewe,  
Is haar eer ons eerste plig.

Op die skoolbank, op die sportveld,  
Waar kultuur ons ook mag lei,  
Bly ons lewens, werk en wandel,  
Aan die Hoogste toegewy.  
Outeniqua, Outeniqua,  
In die grootsheid van jou naam,  
Is daar blyplek vir ons kinders,  
Vind 'n toekomsdroom sy raam.

Nobilitat Labor;  
Ons neem dit met ons saam.  
Jou ligglans en jou leuse  
Rig ons waar ons ook mag gaan.

Ons eer ons onderwysers,  
Ons eer ons wyse leiers.  
Soveel, soveel,  
Soveel het ons hier gedeel.

Aan die voet van trotse berge,  
Aan die oewer van die see;

Staan ons skool die Outeniqua  
Waar die ware wysheid leef!  
Dankbaar, vir Genade,  
Dankbaar vir ons Heer.  
Dra haar verder, hou haar sterk,  
Seën die goeie werk.

Hou die Kwaggas veilig, sterk,  
Seën hul goeie werk.

(Met erkenning aan die skrywer van die skoollied: N.J. le Roux)

#### **4. VISIE EN MISSIE**

##### **4.1 VISIE**

Hoërskool Outeniqua is 'n openbare skool wat daarna streef om:  
waardegedrewe, gebalanseerde en kwaliteit opvoeding aan leerders te bied en hulle as verantwoordelike  
en trotse landsburgers voor te berei.

##### **4.2 MISSIE**

Ten einde ons visie te realiseer, sal die volgende uitgevoer word:

- Die volgende waardes moet in die saal, in die klas, op die sportveld en op die kultuurakker beskerm en gekweek word en deur opvoeders voortgeleef word: integriteit, lojaliteit, respek, eerlikheid, diensbaarheid, vriendelikheid en betroubaarheid.
- Ten einde gebalanseerde opvoeding aan leerders te bied, sal akademie soos in alle openbare skole die hoofokus dra. Daarnaas sal daar ewe veel ontwikkeling- en prestasiegeleenthede in kultuur en sport aangebied word. Geestelike, fisiese en emosionele versorging sal vir leerders en opvoeders beskikbaar wees.
- Die skool se opvoeders sal professioneel optree en aantrek, voorbereid klas toe kom, kwaliteit lesse, take, toetse en vraestelle aanbied en hul buitemuurse en administratiewe verpligtinge stiptelik en met toewyding afhandel. Hulle sal buitemuurse aktiwiteite gebruik vir die holistiese ontwikkeling van die kind. Deugde, waardes en lewensvaardighede sal daar gekweek word.
- Daar sal van leerders verwag word om verantwoordelikheid te neem vir hulle akademiese werk, terwyl selfwerkzaamheid en selfbestuur aangemoedig sal word. Leerders sal deur buitemuurse aktiwiteite holisties opgevoed word in deugde soos spanwerk, deursettingsvermoë, mededeelsaamheid, sportiewe gedrag en die kuns van wen en verloor.
- Die waardes van die grondwet sal beskerm word en in die gedragskode van die skool vervat word. Die gedragskode sal berus op die waardes wat deur ons skool hoog geag word. Dit sal berus op die grondbeginsel en lewensreël dat die individu verantwoordelikheid vir sy/haar eie gedrag aanvaar en dat sy/haar vryheid en regte gepaard gaan met verantwoordelikhede en die inagneming van ander se regte. Sodoende wil ons verantwoordelike landsburgers kweek.

#### 4.3 DIE SLAGSPREUKE/KLINKREËLS IS:

- KWAGGAS VIR KWALITEIT!
- DIE SKOOL VIR ELKE KIND!

#### 5. GETALLE

##### 5.1 SKOOL

Getalle soos op 14 September 2018

Graad	Seuns	Dogters	Totaal
8	148	173	321
9	148	175	323
10	142	173	315
11	150	197	347
12	133	182	315
<b>Totaal</b>	<b>721</b>	<b>900</b>	<b>1621</b>

##### 5.2 BEYERS TEHUIS

Graad	Seuns
8	22
9	19
10	19
11	21
12	19
<b>Totaal</b>	<b>100</b>

##### 5.3 OOMPIE MEYER

Graad	Dogters
8	24
9	20
10	19
11	16
12	27
<b>Totaal</b>	<b>106</b>

## 6. PERSONEEL

Baie dankie aan elke opvoeder, assistentopvoeder, administratiewe personeellid, ondersteuningspersoneellid, terreinwerkers en elkeen wat die afgelope jaar baie hard gewerk het. Baie van die personeel het die ekstra myl vir leerders en ouers geloop. Die onderwys is vir die meeste van ons nie 'n werk nie, maar 'n roeping.

Die grootste uitdaging waarvoor die skoolbestuur in 2019 te staan gaan kom, is die groot hoeveelheid personeel wat in die volgende vier jaar gaan aftree. Volgende jaar tree vier senior kollegas af en die jaar daarna nog drie.

### 6.1 ADJUNKHOOFDE

Baie dankie vir elke adjunkhoof se harde werk en die leiding wat hulle die afgelope jaar geneem het. Hulle doen baie goeie werk en moet soms onder moeilike omstandighede verskillende aktiwiteite bestuur. Baie dankie vir doeltreffende en harde werk.

#### **Die twee senior adjunkhoofde:**

Mnr. Chris Hattingh:	Akademie, Bemarking en GGBS
Mnr. Casper Brink:	Dissipline, Toekennings en Tegnologie

#### **Die vier adjunkhoofde wat intern aangestel is:**

Me. Anna van Schalkwyk:	Versorging
Me. Retha Smith:	Kultuur
Mnr. Piet Cloete:	Sport en Klere
Mnr. Frans de Swardt:	Fisiese Geriewe

Baie dankie aan mev. Carien Gericke wat as Finansiële bestuurder in moeilike ekonomiese tye sorg dat die finansies van die skool goed bestuur word.

### 6.2 GRAADHOOFDE

As deel van die skool se bestuursplan om die skool in kleiner eenhede op te deel, het elke graad drie graadhoofde. Hulle taak sluit kommunikasie met ouers, motivering van die leerders, die hantering van leerders met probleme, akademiese ondersteuning, monitering en hulp met die algemene welstand van die leerders in. Die graadhoofde speel dus 'n kern rol in die funksionering van die skool.

Gr. 8	mnre. Deon Minnie, Hendrik Smit en mev. Mona Eygelaar
Gr. 9	mnre. Robert Gerber, mevv. Lenelle Taljaard en Nesta Olivier.
Gr. 10	mnre. Jacques Els, Vernon Muller en mev. Heidi Erasmus
Gr. 11	mnr. Braam Tukker en mevv. Belinda Barkhuysen en Caroline Jordaan
Gr. 12	mnr. Jacques Wolfaardt, mevv. Irene Brink en Marietjie Kalp

### 6.3 SENIORVAKHOOFDE

Baie dankie aan die seniorvakhoofde wat 'n baie belangrike rol in die skool se akademie speel. Hulle is mnr. C. Brink, mejj. A. van Schalkwyk, R. Smith, mevv. B. Barkhuysen, I. Brink en dr. F. Joubert

### 6.4 VAKHOOFDE

Dankie, aan die vakhoofde: me. M. Basson (Afrikaans Huistaal), mnr. G. Falck (English Home Language), mevv. M. Reitz, (English First Additional Language), L. Taljaard (Wiskunde), M. Kalp (Wiskundige Geletterdheid), mev. Telanie Moore (Fisiese Wetenskappe), dr. F. Joubert (Lewenswetenskappe), mevv. R. Hattingh (Rekeningkunde), G. Joubert (Ekonomie), S. van der Walt (Toerisme), S. de Beer (Besigheidstudies), J. Minnie (Geskiedenis), mnre. B. Tukker (Geografie), H. Smit (Visuele Kunste), mevv. E. Pretorius (Ontwerp), K. Herbst (Dramatiese Kunste), A. Lubbe (Gasvryheidstudies), mev. S. Moore (Verbruikerstudies), mnre. R. Gerber (IGO), mev. H. Bezuidenhout (IT), mnr. A. Hattingh (RTT), mev. K. Netley (Musiek) en mnr. J. Wolfaardt (LO).

### 6.5 OPVOEDERS

Skoolhoof:	Mnr. C. P. Vorster (1 Jan. 2010: 9 jaar.)
Adjunkhoofde:	Mnr. C. A. Hattingh (1 Jan. 1982: 37 jaar.) Mnr. C. J. Brink (1 Apr. 1995: 23 jaar en 9 maande.) Mej. M. J. Smith (1 Jul. 1989: 28 jaar en 6 maande; sedert 1 Apr. 2010 Interne adjunkhoof) Mnr. P. E. Cloete (1 Apr. 1999: 19½ jaar; sedert 1 April 2010 Interne adjunkhoof) Mej. A. J. van Schalkwyk (1 Okt. 1988: 29 jaar en 3 maande; sedert 1 Apr. 2010 Interne adjunkhoof) Mnr. J. F. de Swardt (1 Okt.1989: 28 jaar en 3 maande; sedert 1 April 2010 Interne adjunkhoof)
Departementshoofde:	Mnr. J. S. Wolfaardt (1 Jan 2008: 11 jaar.) Mev. C. E. Brink (1 Feb. 1996: 22 jaar en 11 maande - DH vanaf 1 Apr 2013.) Mev. H. Bezuidenhout (1 Jan 2017: 2 jaar) Dr. F. Joubert (1 Jan. 1988: 31 jaar. DH vanaf 1 Jan 2018)
Opvoeders:	Mnr. H. J. J. Smit (1 Jan. 1982: 37 jaar.) Mnr. G. J. C. Falck (1 Apr. 1984: 34 jaar en 9 maande.) Mev. J. J. Minnie (1 Okt. 1987: 31 jaar en 3 maande.) Mev. G. J. M. Joubert (1 Jan. 1989: 30 jaar.) Mev. A. G. Louw (1 Jan. 1989: 30 jaar.) Mnr. J. A. Tukker (1 Jan. 1990: 29 jaar.) Mev. B. Barkhuysen (1 Jan. 1990: 29 jaar.) Mej. M. Basson (1 Jan. 1990: 29 jaar.) Mej. A. Lubbe (1 Jan. 1995: 24 jaar.) Mev. S. Moore (1 Jan. 1995: 24 jaar.) Mev. A. F. van Tonder (1 Jan. 1998: 21 jaar)

Mev. M. Kalp (1 Jan. 2001: 18 jaar)  
Mnr. R. Gerber (1 Jan. 2003: 16 jaar.)  
Mnr. J. Els (1 Apr. 2003: 15 jaar en 9 maande)  
Mev. B. Gibson (1 Apr. 2003: 15 jaar en 9 maande)  
Mev. A. M. Louw (1 Jan. 2005: 14 jaar.)  
Mnr. C. A. Hattingh (1 Jan. 2005: 14 jaar.)  
Mev. R. Hattingh (1 Jul. 2005: 13 jaar en 6 maande.)  
Mnr. G. Gibson (1 Jan. 2001: 18 jaar)  
Mev. L. Pretorius (1 Feb. 2006: 12 jaar.)  
Mev. L. Taljaard (1 Jan. 2008: 11 jaar.)  
Mev. H. Erasmus (1 Jan. 2009: 10 jaar.)  
Mev. S. van Niekerk (1 Jan. 2009: 10 jaar.)  
Mev. M. Stronach (1 Jan. 2009: 10 jaar)  
Mnr. D. Minnie (1 Jan 1989 – 30 Jun. 2003 en 1 Jan. 2010: 24 jaar en 6 maande.)  
Mev. N. Zandberg (1 Jul. 2007: 11 jaar en 6 maande.)  
Mnr. I. Gibson (1 Jan 2008: 11 jaar)  
Mev. V. du Toit (1 Jan. 2010: 10 jaar.)  
Mej. E. Rautenbach (1 Jan. 2011: 8 jaar)  
Mev. H. van Rooyen (1 Jan. 2013: 6 jaar.)  
Mej. N. Olivier (1 Jan 2015: 4 jaar.)  
Mej. L. Kotzé (1 Jan 2015: 4 jaar.)  
Mnr. H. Swanepoel (1 Jan 2015: 4 jaar.)  
Mnr. L. Scriven (1 Jan 2016: 3 jaar)  
Mnr. T. Terblanche (1 Januarie 2017: 2 jaar)

Beheerliggaamposte:

Mev. M. L. Reitz (1 Jan. 1980: 39 jaar)  
Mev. S. de Beer (1 Jan. 1998: 21 jaar)  
Mev. E. Pretorius (1 Apr. 2003: 14 jaar en 9 maande)  
  
Mev. K. Netley (1 Jan 1986 – 31 Des 1991 en 1Jan. 2007: 18 jaar)  
  
Mev. K. Liebenberg-Smith (1 Jan. 2007: 12 jaar.)  
Mev. S. van der Walt (1 Jan. 2007: 12 jaar.)  
Mev. I. de Waal (1 Okt. 2007: 12 jaar. en 3 maande)  
Mev. C. Jordaan (1 Jan. 2008: 12 jaar.)  
Mev. T. Haupt (1 Jan. 2010: 9 jaar.)  
Mev. M. Eygelaar (1 Jan. 2011: 9 jaar.)  
Mnr. W. van Jaarsveld (1 Jan 2008 – 31 Des 2008 en 1 Jan. 2011: 9 jaar.)  
Mev. A. Naude (1 Jan. 2012: 8 jaar.)  
Mev. A. van Santen (1 Okt. 2012: 7 jaar.)  
Mev. K. Herbst (1 Jan 2014: 5 jaar)  
Mnr. A. Warren (1 Jan 2013: 5 jaar)  
Mev. M. Kruger (1 Jan 2015: 4 jaar)  
Mnr. C. van Zyl (1 Jan 2015: 4 jaar.)

Mej. S. Zwiendelaar (1 Jan 2015: 4 jaar)  
Dr. Y. Pretorius (1 Aug. 2015: 3 jaar en 5 maande)

Mev. E. de Vos (1 Jan 2016: 3 jaar)  
Mej. M. Potgieter (1 Jan 2016: 3 jaar)  
Mej. C. Rossouw (1 Jan 2016: 3 jaar)  
Mev. T. de Swardt (1 Jan 2016: 3 jaar)  
Mev. E. Kaplan (1 Jun. 2016: 2 jaar en 6 maande)  
Mnr. F. Olivier (1 Jul 2015: 2 jaar en 6 maande)  
Mnr. J. Jansen van Rensburg (1 Jan 2017: 1 jaar)  
Mev. E. Niewoudt (1 Jan 2017: 2 jaar)  
Mnr. R. van der Vyver (1 Jan 2016: 3 jaar)  
Mnr. P. Raath (1 Okt 2015: 1 jaar en 3 maande)  
Mej. A. van der Mescht (1 Jan 2008 tot Des 2013 en 1 Jan 2018: 7 jaar)  
Mej. Y. Pitts (1 Jan 2018: 1 jaar)  
Mnr. S. van Loggenberg (1 Okt. 2017: 1 jaar en 4 maande)  
Mev. T. Moore (1 Okt. 2017: 1 jaar en 4 maande)  
Mnr. V. Muller (1 Jan 2018: 1 jaar)  
Mej. M. Minnie (1 Jan 2018: 1 jaar)  
Mnr. M. Nel (1 Jan 2018: 1 jaar)  
Mej. T. Luddick (1 April 2018: 9 maande)

Assistentonderwysers:

Mej. M. Fourie (1 Jan 2015: 4 jaar)  
Mej. C. van Dyk (1 Jan 2015: 4 jaar)  
Mej. Y. Janse van Vuuren (1 Jan 2017: 2 jaar)  
Mnr. M. Swanepoel (1 Jan 2017: 2 jaar)  
Mej. L. Hayes (1 Jan 2018: 1 jaar)  
Mnr. D. Rall (1 Jan 2018: 1 jaar)  
Mej. I. Davis (1 Jan 2018: 1 jaar)

## 6.6 ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

Departementeel:

Mev. P. Wilkinson (1 Jul 2003: 14 jaar en 6 maande.)  
Mev. R. du Plessis (1 Jan 2017: 2 jaar)

Beheerliggaam:

Mev. C. Botha (1 Apr. 1999: 19 jaar en 8 maande)  
Mev. C. Scriven (1 Jan. 2003: 16 jaar)  
Mev. A. Strydom (1 Feb. 2002: 17 jaar)  
Mev. J. Venter (1 Sept. 2004: 14 jaar en 6 maande)  
Mev. M. Venter (1 Jan 1979 – 1999 opvoeder 21 jaar en 1 Apr. 2004: 12 jaar en 4 maande)  
Mev. E. Gouws (1 Apr. 2012: 6 jaar en 9 maande)  
Mev. C. Gericke (1 Jan 2016: 3 jaar)  
Mnr. G. Kerspey (1 Jan 2018: 1 jaar.)  
Mev. P. Muller (1 Feb. 2018: 11 maande)



## 6.7 ONDERSTEUNERSPERSONEEL

Bemarker:	Mev. R. Lambrecht (1 Julie 2015: 3 jaar en 6 maande)
Bemarker Assistent:	Mev. B. Müller (1 Jan 2018: 1 jaar)
Gimnasium:	Mnr. H. Daehne (1 Feb. 1998 21 jaar)
Sportkondisioneerder:	Mnr. W. Lutsch (1 Okt. 2010 8 jaar en 3 maande)
Sportkondisioneerder:	Mnr. C. Richardson (1 Jan 2017 2 jaar)
Sportontwikkeling:	Mnr. A. Minnie (1 Junie 2014 4 jaar en 6 maande)
Sportbeampte en ordonnans:	Mnr. I. Hattingh (1 Jan 2014: 5 jaar)
Skoolopsigter:	Mnr. P. Botha (1 Jan. 1989: 30 jaar)

## 6.8 KOSHUISPERSONEEL

Beyers Tehuis

(Sien onder BTH se verslag)

Oompie Meyerkoshuis

(Sien onder OMK se verslag)

## 6.9 NUWE PERSONEEL

Die Hoërskool Outeniqua is bevoorreg om die volgende nuwe personeel by die skool te ontvang: mnr. Vernon Muller (Wiskunde en Wiskunde Geletterdheid), Mej. Y. Pitts (Natuurwetenskappe en Fisiese Wetenskappe), mnr. S. van Loggenberg (Wiskundige Geletterdheid en Geografie) en Mej. T. Luddick (Natuurwetenskappe en Lewenswetenskap)

Mnr. D. Rall en mej. I. Davis het as jeugwerkers aan die begin van die jaar by ons aangesluit.

## 6.10 TERREINPERSONEEL

Mnr. Flip Botha en die span werkers sorg dat skool se terrein en geboue pragtig onderhou word en dat dit vir ons almal baie lekker is om by Hoërskool Outeniqua te werk.

Mev. Chinese Scriven en haar span skoonmakers werk daaglik baie hard om die skool skoon te maak.

### Terreinwerkers:

Mnr. P. Louw	(1 Jan. 1994: 25 jaar.)
Mnr. C. Springbok	(1 Mrt. 2005: 14 jaar.)
Mnr. J. Pedro	(1 Apr. 2006: 13 jaar.)
Mnr. V. Konki	(1 Jan. 2014: 5 jaar.)
Mnr. B. Tarentaal	(1 Jan. 2015: 4 jaar)
Mnr. H. Tarentaal	(1 Apr. 2015: 3 jaar en 8 maande)
Mnr. R. Lottering	(1 Mrt. 2016: 2 jaar en 8 maande)
Mnr. P Galant	(1 Jun. 2016: 2 jaar en 6 maande)

### **Skoonmaakwerkers:**

Me. A. Jonck	(14 Sept. 1992: 26 jaar.)
Me. C. Blaauw	(1 Febr. 2010: 7 jaar.)
Me. M. Meas	(1 Mrt. 2014: 4 jaar 8 maande.)
Me. S Meas	(1 Mrt. 2015: 3 jaar 8 maande)
Me. V. Johnson	(1 Sep 2018: 4 maande)

### **Cuisine**

Me. E. Manene	(1 April 2006 12 jaar en 9 maande)
Me. C. Jonkers	(1 Okt. 2008 10 jaar en 3 maande)

### **Sekuriteitswagte**

Mnr. L. Barnard	(1 Augustus 2011 6 jaar en 5 maande)
Mnr. R. Simoes	(1 Augustus 2017 1 jaar en 5 maande)
Mnr. A. Wolmarans	(1 Mei 2018: 8 maande)
Mnr. W. Weideman	(1 Mei 2018: 8 maande)

### **6.11 PERSONEEL WAT SKOOL VERLAAT**

Mevv. L. Taljaard (Wiskunde) en A. Van Tonder (Wiskunde) tree die einde van die jaar af. Mev. L. Pretorius (Engels) het op 30 September 2018 afgetree. Baie dankie vir die harde werk by die skool en mag julle 'n geseënde aftrede hê.

### **6.12 SAMESTELLING VAN DIE PERSONEEL VAN HOËRSKOOL OUTENIQUA**

<b>No</b>	<b>Tipe werk</b>	<b>Getal</b>
1	Opvoeders: WKOD	46
2	Opvoeders: BL	42
	<b>Totaal:</b>	<b>88</b>
4	Ondersteuning: Akademie	3
5	Ondersteuning: Admin	12
6	Ondersteuning: Sport	6
7	Ondersteuning: Terrein	16
8	Ondersteuning: Sekuriteit	4
9	Ondersteuning: OMK	11
10	Ondersteuning: BTH	12
	<b>Totaal</b>	<b>64</b>
	<b>Totaal (alle personeel)</b>	<b>152</b>

## **7. DISTRIKSKANTOOR**

Baie dankie aan mnr. Koos Eksteen vir u ondersteuning en harde werk om nie net die leerders van Hoërskool Outeniqua nie, maar al die leerders in Kring 8, te ondersteun. Baie dankie aan al die vakadviseurs wat die afgelope jaar hulp en bystand aan die vakonderwysers verleen het. Baie dankie aan mnr. Desmond Maarman, die direkteur van die Eden en Karoo-distrik, vir sy ondersteuning, leiding en raad. Baie sterkte aan die distrikskantoor met hulle baie belangrike werk.

## **8. FINANSIES**

### **8.1 FINANSIËLE KOMITEE**

Die nuwe Beheerliggaam is gekies op op 6 Maart 2018. Die Finansiële Komitee bestaan uit die lede hieronder en behoort ingevolge sy goedgekeurde opdrag ten minste een keer per kwartaal te vergader. Teen 19 September het 6 vergaderings reeds plaasgevind.

#### **Lede van die finansiële komitee:**

<b>Naam van lid</b>	<b>Hoedanigheid</b>
Marius Bezuidenhout	Voorsitter (Finansiële Komitee)
Carien Gericke	Sekretaris
André Keyser	Voorsitter (Beheerliggaam)
Johann Venter	Gekoöpteerde lid
Riaan Putter	Gekoöpteerde lid
Jacobus Maloney	Gekoöpteerde lid
Christo Vorster	Skoolhoof
Chris Hattingh	Adunkhoof
Casper Brink	Adjunkhoof
Frans de Swardt	Interne Adjunkhoof: Fisiese Geriewe

#### **Verantwoordelikhede van die finansiële komitee**

- Jaarliks 'n konsepbegroting vir die daaropvolgende jaar op te stel en aan die beheerliggaam voor te lê.
- Die begroting sodanig te bestuur dat inkomste en uitgawes so ver moontlik met die begroting klop. Die Finansiële Komitee ontvang magtiging van die beheerliggaam om redelike begrotingsaanpassings te maak ten einde noodsaaklike uitgawes te delg. Sodanige aanpassings moet binne die vereistes van die ouervergadering wat die begroting goedgekeur het, hanteer word.
- Die maksimum kleinkasbedrag asook die maksimum bedrag waarvoor individuele items uit die kleinkas aangekoop mag word, vas te stel.
- Kontrole en beheer oor die finansiële sake van die skool uit te oefen.
- Fondsinsamelingsprojekte in samewerking met ondersteuners / ouerkomitees te oorweeg, en goed of af te keur.
- Die finansiële en ander potensiële risiko's van die skool, te bespreek en advies in die verband aan die beheerliggaam en die skoolhoof te voorsien.
- Kontrole en beheer oor die finansiële sake uit te oefen en toe te sien dat dit winsgewend bedryf word.

- Minstens een keer per kwartaal te vergader, en presensielyste en notules van alle vergaderings te hou.
- Behoorlike kontrole oor rekords van alle skoolontvangste en -uitgawes te hê.
- Behoorlike kontrole oor rekords / inventarisse van alle roerende en nie-roerende skoolbates te hê.
- 'n Behoorlike afskrywingsprosedure van bates in te stel en daaroor aan die beheerliggaam verslag te doen.
- Jaarliks die finansiële state deur 'n ouditeur wat deur die beheerliggaam aangewys word, te laat ouditeer, en die auditverslag daarna aan die beheerliggaam voor te lê.
- Jaarliks die geouditeerde state vóór 30 Junie aan die onderwysdepartement voor te lê.
- Toe te sien dat enige finansiële toekenning soos van tyd tot tyd deur die onderwysdepartement toegewys, gevorder word deur aan alle tersaaklike departementele vereistes te voldoen.
- Kwartaalliks finansiële bestuurstate aan die beheerliggaam voor te lê.
- Om 'n 3 jaar vooruitskatting op die begroting te maak ten einde 'n gesonde finansiële posisie te handhaaf.

Ten einde hierdie verantwoordelikhede na te kom, is 'n skoolfonds ingestel en dit word bestuur ooreenkomstig voorskrifte van die Wet op Suid-Afrikaanse Skole, 1996 en regulasies wat van tyd tot tyd deur die Departementshoof: WKOD uitgevaardig word [SAS: art 37 & REG: 49].

Die skoolfonds en bates van die skool mag slegs aangewend word vir:

- opvoedkundige doeleindes, by of in verband met die skool;
- die uitvoer van die pligte en funksies van die beheerliggaam; of
- 'n ander opvoedkundige doel soos ooreengekom tussen die beheerliggaam en die Departementshoof: WKOD [SAS: art 37].

'n Stelsel van interne kontrole word in stand gehou wat ontwerp is om redelike sekerheid te verseker dat transaksies volgens neergelegde voorskrifte plaasvind en aangeteken word en dat die bates van die skool beveilig word.

Die finansies van Hoërskool Outeniqua is bestuur ingevolge die begroting wat goedgekeur is by die Ouervergadering op 18 Oktober 2018.

## **Projekte**

Baie dankie aan al ons ouers, personeel, kinders, borge en die bemarkingskantoor wat ons projekte deur die jaar met soveel oorgawe ondersteun het.

'n Totaal van R344,458 is ingesamel deur die verskeie fondsinsamelingsprojekte.

## **Beoordeling van die finansiële state**

- Die finansiële state is geouditeer deur Moore Stephens MO Ing.
- Die Finansiële Komitee het die geouditeerde finansiële jaarstate hersien en met die skoolbeheerliggaam bespreek.
- Die Finansiële Komitee het die ouditeure se verslag sowel as die beheerliggaam se reaksie daarop hersien.

Die Finansiële Komitee stem saam met en aanvaar die ouditeure se gevolgtrekkings oor die finansiële jaarstate, en is van mening dat die geouditeerde finansiële state aanvaar en in samehang met die verslag van die ouditeure gelees behoort te word.

Die geouditeerde finansiële state van 2017 is by die skool beskikbaar ter insae vir ouers.

## **Die volhoubaarheid van die skool op middel- en langer termyn**

Stiptelike betaling van skoolgelde is belangrik om noodsaaklike instandhouding, verbeteringe en groei by ons skool te verseker. Dit is egter jammer dat talle ouers die ontwikkeling by die skool demp deur hul versuim om skoolgelde te betaal en direk 'n negatiewe impak op die skool se begroting het. Vir 2017 het die totale oorhandigings aan prokureurs van wanbetalers meer as R2,5 miljoen beloop en vrystelling aan behoeftige ouers meer as R5 miljoen. Die vrystellingsgelde wat van die WKOD ontvang word is gewoonlik nie meer as 5% van die bedrag wat toegestaan is nie en word eers November van die volgende jaar betaal. Dit, tesame met die toename in slegte skuld afgeskryf, plaas die skool se kontantvloei onder geweldige druk. Te midde van hierdie druk, is ons dankbaar vir die meerderheid ouers wat wel hul finansiële verpligtinge nakom.

Die skoolgeld vir 2018 beloop R19,530 per jaar, en die koshuise R22,995 (Beyers Tehuis) en R21,887 (Oompie Meyer Koshuis) onderskeidelik. Deur effektiewe besparingsmaatreëls, sowel as deeglike beplanning, fondsinsamelings en gesonde finansiële strukture kon ons dit steeds regkry om alles te doen wat vir die jaar beplan was. Baie dankie aan die Beheerliggaam, Finansiële Komitee en personeel wat ons fondse oordeelkundig aanwend.

## **9. OLIMPIADES EN KOMPETISIES**

Die deelname aan akademiese kompetisies en olimpiades verbeter leerders se akademiese vaardighede en help leerders om op 'n hoë vlak te dink. Dit stimuleer leerders om navorsing oor die spesifieke vak te doen en daarom moedig ons deelname aan akademiese kompetisies en olimpiades aan.

Daar neem agt van ons graad 11- leerders deel aan die 54<sup>ste</sup> Nasionale Wetenskap Olimpiade (Fisiese Wetenskappe). Die leerders kwyd hulle goed van hulle taak. Die Graad 12-leerders het nie deelgeneem omdat die datum in hulle Maart-toetsreeks geval het. Tiaan Swart (graad 12 2017) was in die 53<sup>ste</sup> Nasionale Wetenskap Olimpiade van 2017 onder die 10 toppresteerders in die land. Tiaan het in 2017 sewende in die nasionale Fisiese Wetenskappe olimpiade gekom. Hierdie is voorwaar 'n groot prestasie.

### **9.1 WISKUNDE OLIMPIADE**

Hoërskool Outeniqua se leerders het hierdie jaar vir die 20ste agtereenvolgende jaar aan die South African Mathematics Olympiad deelgeneem. Daar het 36 leerders ingeskryf waarvan 18 deurgedring het na die tweede rondte van die Olimpiade. Baie geluk aan al die kandidate wat deelgeneem het.

### **9.2 SPEL EN SKRYF – T. HAUPT**

#### **ATKV Spelathon**

Die SPELATHON-kompetisie is vir Afrikaans Huistaal en Afrikaans Addisionele taalleerders. Dit word nasionaal deur die ATKV aangebied. Dit was die tweede jaar wat Outeniqua daaraan deelgeneem het en die eerste jaar wat gr 11 en 12-leerders ook ingesluit is. In Augustus het nege leerders onder leiding van me. Haupt en Alida Louw, in Kaapstad aan die Wes-Kaapproewe deelgeneem.

#### Junior Afdeling (gr.8 & 9):

Joslyn Swanepoel, Anke van der Schyff, Wikus Jordaan en Zimy Welgemoed het die skool verteenwoordig

#### Senior Afdeling (gr.10-12):

Marilie Putter, Karlien Verster, Marianne Nel, Shanika van der Merwe en Marizyl Marais het aan die Wes-Kaapkompetisie deelgeneem.

Marizyl Marais het uiteindelik as wenner van die senior-afdeling uitgetree en gaan die Wes-Kaap in Oktober in Stellenbosch verteenwoordig. 'n Puik prestasie teen sterk kompetisie van die Wes-Kaapse skole.

#### **WOW-Spelfees**

Hierdie kompetisie vind jaarliks in samewerking met die Departement van Onderwys, Universiteit van Stellenbosch en SANLAM plaas. Tien leerders van gr.8-10 het in Augustus aan die WOW-spelfees deelgeneem:

Janette Spangenberg, Zimy Welgemoed, Rossouw Heyns, Joslin Swanepoel en Marilie Putter het deurgedring na die volgende rondte en het SWD by die Wes-Kaapproewe verteenwoordig. Daar het Rossouw Heyns(gr.9) vyfde gekom en is 'n reserwe vir die Wes-Kaap.

Die nasionale kompetisie vind in Oktober in Stellenbosch plaas.

### 9.3 SKRYF

Vanjaar het Outeniqua aan twee skryfkompetisies deelgeneem.

#### **Die Bloemfonteinse Skrywersvereniging.**

Dit is 'n nasionale inisiatief in samewerking met die Universiteit Vrystaat. Die kompetisie bestaan uit 'n junior en senior afdeling. Daar was 30 inskrywings daarvoor. Ongelukkig was daar vanjaar geen wenners nie, maar dit bly 'n opwindende geleentheid en leerders neem graag daaraan deel.

#### **Poort**

**Poort** is 'n prestige skryfkompetisie wat al sedert die sewentigerjare deur die SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS aangebied word. Die keurpaneel van vier letterkundiges beoordeel die inskrywings in drie kategorië:

1. Nasionale wenner vir Poësie en vir Prosa
2. Die tien toppresterders (vyf per kategorie)
3. Werk van leerders wat gekeur word vir opname in die *POORT* bundel.

Marizyl Marais (gr 12) was een van die tien toppresterdes (vyf per kategorie) met haar prosawerk *Wanneer Stiltes Praat*. Haar werk is in die bundel opgeneem en sy is in Junie na 'n slypskool in Bloemfontein genooi.

Anika van Santen (gr. 10) se gedig *My Afrika*, is ook in die bundel opgeneem.

### 9.4 TAALBOND

Die SA Taalbond vier vanjaar sy 65-jaar bestaan. Dit is 'n tweetaligheidseksamen wat jaarliks plaasvind. Daar is jaarliks 'n studiebeurs by US vir die wenner van hierdie kompetisie op die spel. Outeniqua het 55 leerders ingeskryf. Dit behels 'n senior afdeling vir gr. 11 en 12 en 'n junior afdeling vir gr. 8-10.

Twee van Outeniqua se juniors was onder die top 20 -leerders in die land. Ilse Barnard was twaalfde en Lize-Marie Colyn sewentiende. Vyf seniors het met lof (80% en meer) geslaag.

### 9.5 AFRIKAANS SENIOR OLIMPIADE

Baie geluk aan die volgende leerders wat goeie uitslae in die Afrikaans Senior Olimpiade behaal het. Rhodé Ferreira en Michael Bezuidenhout behaal eerste en tweede plekke in die Wes-Kaap Top 20.

Die volgende leerders presteer onder die top 100 nasionaal. Felicia Lategan, Munae Troskie, Nina Augustyn, Elma Lamprecht, Minke Katzke en Marizyl Marais.

Baie geluk aan hierdie leerders.

## **10. MATRIEKUITSLAE 2017**

Vanaf die jaar 2000 het meer as 4 000 matrieks die eksamen geskryf en slegs 8 het dit nie gemaak nie. Uit die 18 jaar het ons elf jaar 'n 100% slaagsyfer gehad. In die vier-en-negentigste bestaansjaar van die Hoërskool Outeniqua het matrieks van 2017 baie goed presteer. Baie geluk aan die Kwaggas se matrieks van 2017. 82,2% van die kandidate het vir graadstudies gekwalifiseer en 16,6% vir diplomastudies.

### **10.1 A-KANDIDATE**

51 kandidate (14,00%) het in 2017 A-gemiddeldes behaal. 30 kandidate het 'n gemiddeld bo 85% gehad. 13 kandidate het 'n gemiddeld van bo 90%.

### **10.2 A-GEMIDDELDDES**

51	Lee-Handré Lambrecht	80,0%
50	Andrée Roux	80,1%
49	Carissa Pretorius	80,9%
48	Lissa Fourie	80,0%
47	Ashley Oosthuizen	80,7%
46	Chané Botha	81,4%
44	Kara van Niekerk	81,6%
44	Britney Wilmans	81,6%
43	Jacques Voigt	81,9%
42	Anya Fechter	82,0%
41	Jeani Goedhart	82,1%
39	Paul Rademeyer	82,4%
39	Simoné du Plessis	82,4%
38	Estiaan King	82,6%
36	Leonora du Preez	82,9%
36	Zané Smidt	82,9%
35	Ruan Fourie	83,4%
34	Nickey Potgieter	83,7%
33	Kiara Wolmarans	83,9%
31	Simoné van Niekerk	84,4%
31	Michael Myburg	84,4%
30	Nicola Violante	85,4%
28	Yvonne du Plessis	85,6%
28	Zanja Yssel	85,6%
27	Emma Barry	86,0%
26	Viandre Robertson	86,7%
25	Bernice Gerber	87,1%
24	Reinard Lotter	87,3%
22	Reinardt Marx	87,4%
22	Elizabeth Henning	87,4%
21	Angelique Hurn	88,4%
19	Chandrè Botha	88,6%
19	Louise Swanepoel	88,6%



18	Carmi Jacobs	88,9%
16	Marguete Nothnagel	89,0%
16	Hildi Vermeulen	89,0%
15	Wanika Barkhuizen	89,1%
14	Hannro Steenekamp	89,7%
13	Kyla Gricius	90,0%
11	Kyla Nel	90,1%
11	Landi Wentzel	90,1%
10	Pieter-Jean Lombard	90,4%
8	Wikus Venter	91,0%
8	Anri Potgieter	91,0%
7	Riaan Scorgie	91,3%
5	Marco Blom	91,9%
5	Albert Kruger	91,9%
4	Janel de Swardt	93,1%
3	Malisa Ferreira	93,3%
2	Tiaan Swart	93,9%
1	Emma Nel	95,0% (Dux-leerder)

### 10.3 ONDERSKEIDINGS

591 vakonderskeidings: Dit verteenwoordig 24,97% van alle vakke wat geskryf is.

**72,9 van alle vakke wat geskryf is het bo 60% gekry.**

26 Kandidate het **3 onderskeidings**

19 kandidate het **4 onderskeidings** behaal

Lisa Fourie, Simone Heyneman, Anya Fechter, Beate Niemand, Chantel Janse van Rensburg, Carissa Pretorius, Stefan Schoeman, Marili Terblanche, Bianca Theron, Chrismarie van Greunen, Lauren Barnard, Kayleigh van Wyk, Barry Botha, Chane Botha, Chrislia Visser, Chloe de Swardt, Jacques Voight, Britney Wilmans en Anja Zeeman

9 kandidate het **vyf onderskeidings** gehad.

Michael Myburg, Leandre Lambrecht, Paul Rademeyer, Simone van Niekerk, Bernadette Botha, Kiara Wolmarans, Zanja Yssel, Ruan Fourie en Lenora du Preez

4 kandidate het **ses onderskeidings** behaal:

Estiaan King, Nickey Potgieter, Zane Smith en Simone du Plessis

22 kandidate het **sewe onderskeidings** behaal:

Wikus Venter, Hildie Vermeulen, Nicola Violante, Landie Wentzel, Kayla Gricius, Elizabeth Henning, Carmi Jacobs, Albert Kruger, Raynard Lotter, Raynard Marx, Marguete Nothnagel, Kayla Nel, Viandre Robbertson, Riaan Scorgie, Wanika Barkhuizen, Emma Barry, Marco Blom, Chandre Botha, Yvonne du Plessis, Tiaan Swart, Handro Steenekamp en Bernice Gerber

**6 kandidaat het 8 onderskeidings** behaal:

Pieter-Jean Lombard, Anri Potgieter, Janel de Swardt, Louise Swanepoel, Genie Goedhart en Cara Van Niekerk

## 2 Kandidaat het 9 onderskeidings Malissa Ferreira en Emma Nel

### 10.4 VAKGEMIDDELDES:

Die volgende vakke het uitsonderlik presteer:

Vak	Gim
Afrikaans Huistaal	69,4%
Besigheidstudies	55,1%
Dramatiese Kunste	72,9%
Engels Huistaal	76,9%
Engels Eerste Add	75,1%
Fisiese Wet	72,5%
Gasvryheidstudie	68,0%
Geskiedenis	63,5%
Geografie	65,6%
Lewenswetenskappe	60,6%
LO	71,3%
Ingenieursgrafika	65,5%
Ontwerp	80,0%
Rekeningkunde	64,7%
RTT	68,1%
Toerisme	75,5%
Verbruikerstudie	62,0%
Visuele Kunste	79,4%
Wiskunde	60,5%
Wiskundige Geletterdheid	66,3%

### 10.5 GRAADGEMIDDELD

Die gemiddeld vir die graadgroep is 68,1%.

Die slaagsyfer van die matriekgroep was 99,4%.

### 10.6 TOEKENNINGS:

WKOD toekennings: Uitnemendheid vir Afrikaans Huistaal

Ander statistiek: Ons het wat vakonderskeidings betref onder die top-tien skole in die land geëindig en die aantal A's per leerder onder die top 20 skole in die land. Afrikaans het die vierde meeste onderskeidings in SA gekry en die meeste in die Wes-Kaap.

### Vakke:

In die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen het Bianca Theron en Hilde Mari Vermeulen onderskeidelik 9e en 10e in die Wes-Kaap gekom en in Visuele Kunste het Kayla Nel tweede in die Wes-Kaap gekom. Baie geluk aan die drie leerders met uitsonderlike prestasies.

## **11. VERSORGING: A.J. VAN SCHALKWYK**

Die versorging in Hoërskool Outeniqua gaan oor die geestelike, emosionele en fisiese versorging van die leerders en personeel. Saam hiermee is daar ook 'n verskeidenheid van komitees en portefeuljies waardeur die leerders uitreik na minderbevoorregte groepe in die dorp. In hierdie uitreike deur die leerders, probeer ons hul bewus maak van een van die sewe waardes van die skool, naamlik diensbaarheid. Ons glo ook dat hierdie projekte ons leerders die vaardigheid van omgee vir jou medemens, reeds op 'n jong ouderdom aanleer. Hierdie projekte sluit onder meer 'n kwartaallikse bloedskenkkliniek en ons is trots daarop dat Kwaggas een van die skole in Wes Kaapland is wat die meeste bloed skenk.

### **11.1 EMOSIONELE VERSORGING**

Soos in die verlede het die skool weer die afgelope jaar gebruik gemaak van professionele persone van buite die skool om ons te help met die emosionele versorging van ons leerders. Baie dankie aan die volgende persone wat ons leerders met liefde en empatie bystaan, Brenda de Swardt(berader) en Andries Olivier(sielkundige). Dankie ook aan die persone by die Distrikskantoor wat altyd bereid is om ons te help.

### **11.2 GEESTELIKE VERSORGING**

Ons bly steeds dankbaar teenoor die Beheerliggaan en Senior Skoolbestuur vir die tyd wat in Hoërskool Outeniqua beskikbaar gestel word vir die geestelike versorging van ons leerders. 'n Besondere groep ouers vergader elke Vrydagoggend onder leiding van me Anna Marie Roux om vir die skool te bid. Hierdie groep het ook uitgebrei na ouers wat nie fisies teenwoordig kan wees nie, maar wat elke Maandagoggend per e-pos die week se gebedsversoeke ontvang. Baie dankie aan elkeen van julle wat so getrou vir Kwaggas voorbidding doen. Ek glo dat jul en baie ander ouers se gebede 'n groot verskil in Kwaggaland maak.

### **11.3 VCSV**

Dit bly steeds die aktiwiteit waaraan die meeste Kwaggas jaarliks deelneem. Die groep van meer as 'n duisend leerders vergader weekliks in kringe onder leiding van kringleiers. Die kringleierskamp aan die begin van die jaar is deur Gerhardt de Jager aangebied. Baie dankie aan Raymond Hill wat die kringleiersklasse deur die jaar aangebied het. Dankie vir ure se beplanning en dat hy die besondere gawe wat hy van die Here ontvang het om met jong mense te werk, ook hier by Kwaggas aanwend. Die eerste jeugweek in April is vanjaar gelei deur Raymond Hill en Chrismarie Elstadt en die tweede jeugweek in Augustus is gelei deur dr. Johan Smith. Baie dankie aan elkeen van hierdie mense wat hul gawes en talente in Sy diens by Outeniqua beskikbaar stel. Beide hierdie weke is baie goed deur ons leerders bygewoon, iets waarvoor ons baie dankbaar is. In 'n terugblik op die jaar besef ons maar net weer hoe dankbaar ons teenoor ons Hemelse Vader kan wees vir Sy sorg en seën deur die jaar.

### **11.4 FISIESE VERSORGING**

Ons is baie dankbaar teenoor die George Vryburgers vir 'n ruim bydrae sodat ons dwarsdeur die jaar pouses eetgoed aan minder bevoorregte leerders kan gee. Die uitreikportefeulje het ook deur die jaar twee pogings aangewend om ons noodspens te vul. Die Mnr en Mej Kwagga finaliste het 'n ruim bydrae tot die noodspens gemaak waarvoor ons baie dankbaar is. Hierdie voedsel word aangewend vir huisgesinne wat deur die jaar 'n voedselnood beleef.

## **12. FISIESE GERIEWE: F. DE SWARDT**

Ons moet voortdurend toekomsvisie aan die dag lê om die wonderlike uitdagings en geleenthede vir ons kinders daar te stel en goed tot hulle voordeel te benut. Ons moet positief wees en voortdurend met die WKOD skakel om relevante onderwysbehoefte by Kwaggaland onder hulle aandag te bring.

Ons moet gereed wees vir veranderings, vernuwings, aanpassings en onderwystegniese en moderne tegnologie in die Onderwys en Opvoeding van ons kinders.

Herstelwerk is duur en kan nooit agterweë gelaat word nie. Dit is daarom noodsaaklik dat ons almal mede-eienaarskap vir die skoonmaak en skoonhou van ons geboue en terrein aanvaar. Ons het werklik goedversorgde fasiliteite en dit is ons elkeen se plig en verantwoordelikheid om dit op te pas en te bewaar vir almal wat na ons kom.

Ons het egter 'n aantal leerders by die skool wat nie hul samewerking gee nie. Graffiti kom oral in ons kleed- en klaskamers voor. Banke word bekrap en ons kleedkamers loop veral onder vandalisme deur. Ons moet bewus wees van swakhede en tekortkominge en in ons begroting jaarliks voorsiening maak vir die instandhouding en verbetering van ons fasiliteite.

Inbrake en diefstal het in 2018 redelik afgeneem. Ons glo dat dit ons nuwe veiligheidstelsel by die skool is wat hierdie verbetering teweeggebring het. Toegangsbeheer en veiligheid word later volledig bespreek.

Ons doen graag 'n baie ernstige beroep op alle leerders om ons geboue en alle skooleigendom goed op te pas, want alle vervanging en herstelwerk word met ouers se geld verrig. Ons bedank graag alle betrokke personele wat die fisiese reparasiewerk hanteer. Baie dankie aan al die lede van die fisiese komitee wat na die beplanning en visie van uitbreidings- en herstelwerk omsien.

Ons wil graag die WKOD en die Departement van Publieke Werke bedank vir hulle positiewe gesindheid teenoor die Hoërskool Outeniqua. Daar is die afgelope vier jaar baie geld bestee om van Kwaggaland 'n beter plek te maak. Die skool sou dit nie alleen kon doen nie, aangesien daar 'n groot ekonomiese uitgawe hieraan verbonde is. Nogmaals baie dankie. Kwaggaland waardeur dit opreg!!

### **12.1 PROJEKTE**

#### **Ons het die volgende projekte alreeds in 2018 afgehandel:**

- Kameras is in die gange en vierkante geïnstalleer. 'n Kamer is ook ingerig met monitors wat deur een van ons veiligheidswagte beman word.
- Nog veiligheidshekke is in die skool opgesit.
- Die boonste vierkant is aan die buitekant geverf.
- Die laboratoriumblok is aan die buitekant geverf.
- Die klasse aan die noordekant van die skool is aan die buitekant geverf.
- Rubbermatte is op die vloer van die danslokaal geplaas.
- 100 saalstoele is aangekoop
- Die palissadeheining langs die treinspoor is met 'n 100 meter verleng.
- Nuwe aanlope vir ver- en hoogspring is aangebring.
- Plaveisel is voor kunsklasse aangebring.
- 'n Tuin is ook voor die kunsklasse begin.
- Die Burgerpad is herstel en 'n groot stuk is geplavei.
- Meer parkeerplekke is aangebring.
- Die uitmerk van paaie en parkeerplekke is gedoen.
- Nuwe rondetafels is gemaak.
- Dreinerings is by die kunsklasse verbeter.
- 'n Nuwe kombi is aangekoop.

'n Baie groot dankie aan mnr. Johan Pedro vir die instandhouding van die skool se swembad. Die groot bate van die skool is in 'n baie goeie toestand. Jou harde werk word opreg waardeer.

Mnr. P. Botha (senior algemene voorman) en sy helpers probeer hulle uiterste bes om 'n baie moeilike taak na die beste van hulle vermoë uit te voer. Ons wil vir julle baie dankie sê vir al julle harde werk. Ons terrein lyk baie netjies en ek dink nie ons almal besef hoeveel ure se harde werk julle elke dag verrig nie. Sommige van julle kom selfs vroeg die oggend in om ekstra werk te doen.

Baie dankie ook vir julle hulp op Saterdag tydens byeenkomste. Julle is 'n klomp mense wat julle beste vir Kwaggaland bied. BAIE BAIE DANKIE. Kwaggaland is trots op julle en ons kan met trots en eerlikheid sê dat ons skoolterrein 'n voorbeeld vir ander is. Julle is uiters positiewe mense wat Kwaggaland se belange op die hart dra en wat werklik vir die skool omgee. Julle is YSTERS en trotse KWAGGAS.

## **12.2 MEUBELMENT**

Baie tyd en geld word bestee om stukkende meubelment te herstel. Hier is dit veral skoolbanke, glas en advertensieborde wat deurloop. Ons doen 'n ernstige beroep op leerders om nie skoolbanke te beskadig of daarop te krap nie en om asseblief diesulkes te rapporteer. Ons moet jaarliks klasse van nuwe meubels voorsien.

## **12.3 INVENTARIS**

Alle nie-verbruikbare voorraad van die skool word op die skool se inventaris geplaas. Ons moet alle voorraad deeglik kontroleer en op die inventaris hou. Die voorskrifte ten opsigte van aankope en afskrywings moet noukeurig gevolg word. Baie dankie aan mnr. Ian Hattingh saam met die personeel vir al hulle werk.

## **12.4 SPORTTERREIN**

Ons beskik oor pragtige fasiliteite en min skole is so bevoorreg soos ons. Dit beslaan 'n groot oppervlakte met 11 tennisbane, 5 netbalbane, 3 rugbyvelde, 1 Astro en 2 gras hokkievelde, 2 krieketvelde, 3 muurbalbane, 1 atletiekbaan en 'n swembad. 'n Baie groot dankie aan al ons borge en donateurs vir finansiële bydraes om ook ons sportgeriewe in 'n goeie toestand te hou.

## **12.5 TOEGANGSBEHEER**

Ons het vier veiligheidswagte by die skool om toe te sien dat ons leerders in 'n veilige omgewing kan werk en speel. Die VIER veiligheidswagte is mnr. Leonard Barnard, Robert Simoes, Andre Wolmarans en Waldo Weideman. André Wolmarans se hoofsaak is om die Oompie Meyerkoshuis dogters veilig oor die brug te laat beweeg. Die vier wagte word ook na-ure by funksies aangewend en werk ook op ons sportdae om 'n veilige omgewing by die skool te skep. Om ons te help, het ons ook die afgelope aantal jare twee opgeleide Duitse Herdershonde, Nkita en Oscar, bygekry. Hierdie honde is goud werd vir die skool en inbrake het geweldig afgeneem. Hulle is in 'n baie goeie kondisie. Ons wil graag die veiligheidswagte bedank dat hulle so mooi na ons viervoetige kinders omsien. Ons sien julle harde werk raak.

## **13. BEMARKING**

### **13.1 DIE KWAGGA TRUST:**

Baie welkom aan Berneen Müller, wat sedert Januarie 2018 deur die Kwagga Trust in die Bemerkingskantoor aangestel is. Berneen is primêr gefokus op oud-Kwaggas en sosiale media.

Die daarstelling van die Kwagga Trust sedert 2008, is veral daarop gemik om oud-Kwaggas, Kwagga-ouers en ondersteuners finansiël betrokke te maak by Hoërskool Outeniqua, die enigste begunstigde van die trust. Sodoende kan Hoërskool Outeniqua op die voorpunt geplaas word op akademiese- en kulturele vlak en ook op die sportveld 'n toonaangewende skool wees, nie net in die Suid-Kaap nie, maar ook nasionaal. 'n Brosjyre met die name, beroepe en donateurskategorieë van Trustlede is beskikbaar by die bemerkingskantoor.

Die **Kwagga5000**, 'n nuwe inisiatief van die Kwagga Trust, is vanaf April 2015 tot stand gebring. Hierdeur sluit lede aan by die Kwagga Trust teen R100,00 per maand vir 'n minimum tydperk van twee jaar.'n Inligtingstuk en debietordervorm van die Kwagga5000 is ook by die bemerkingskantoor beskikbaar. Lede word ook sedert 2016 met unieke Kwagga Trust lidmaatskapkaarte toegerus. Lede word ook na 'n eksklusiewe Winter Kuier geselligheid genooi en geniet 20% korting op inskrywings/kaartjies na fondsdinsamelings van die Kwagga Trust.

'n Kwagga Trust Nuusbrief word ook aan lede elektronies gestuur.

#### **Kwagga Trust Lede:**

Die Kwagga Trust bestaan tans uit:

Weldoeners (R20 000 +)	(14)
Nobilitat Donateurs (R10 000 +)	(26)
Ere Donateurs (R5000)	(60)
Kwagga 2000 (R2000)	(58)
Kwagga 1000 (R1000)	(112)
Kwagga5000(R100+ pm) – 28 nuwe lede	(121)
<b>Totaal</b>	<b>(381)</b>

#### **Promosie en Ondersteuners items:**

Die Bemerkingskantoor het vanjaar 'n reeks eksklusiewe kwaliteit leeritems en ander promosie items begin aankoop met die oog op verkope en vir spesiale geskenke. Dit sluit 'n "canvas" en leer voorskoot in, 'n leer wysak, leer strikdassies asook sleutelhouers. Verder beskik die bemerkingskantoor ook oor Kwagga penne, lisensieskyfhouers en rekenaargeheueestokkies, alles met die skool/Trust se handelsmerk daarop. 'n Spesiale 95 Jaar bottel wyn met spesiale etiket ter viering van Hoërskool Outeniqua, se 95 ste bestaanjaar, is ook daargestel in samewerking met oud-Kwagga en wynmaker van L'Avenir, Dirk Coetzee.

## **Kwagga Trust Winter Kuier :**

Tydens 'n baie suksesvolle geselligheid van die Kwagga Trust het 'n rekordgetal van 84 gaste op 14 Junie die derde Kwagga Trust Winter Kuier te Hoërskool Outeniqua in die Kwagga Cuisine bygewoon.

Die gaste het heerlik sosiaal verkeer en is getraakteer met 'n keurige "Canapé Wine Pairing" deur Ronelle Wright (oud-Kwagga) van Le Barrique in samewerking met die Kwagga Cuisine aangebied. Die formaat van die "pairing" het nege soorte wyn en ses verskillende "canapes" ingesluit.

Die oud-Kwagga, Lynette de Jager, het as uitvoerende violis by die geleentheid opgetree.

Le Barrique en Fancy Functions was die borge by die geleentheid.

Die Kwagga Wynklub het ook by die geleentheid ondersteuning geniet met hul aankope.

Die voorsitter van die Kwagga Trust, Johann Venter, het die lojale lede van die Trust by die geleentheid geëer vir hul getroue finansiële ondersteuning. Hy het voorts gesê dat Hoërskool Outeniqua die enigste begunstigde van die Kwagga Trust is. "Dit stel die skool in staat om besondere doelwitte op akademiese, sport en kulturele gebied na te streef ten einde gehalte onderwys by uitnemendheid te kan handhaaf."

## **Reünies:**

Vanjaar is reünies gehou vir die 1968, 1983, 1998 en 2008 jaargroepe by die Kwagga Cuisine of by ander venues in George. Die 1958 & 1988 reünie volg nog. Die sukses van reünies word bepaal deur die goeie samewerking en ondersteuning van 'n betrokke jaargroep. Dit is en bly maar altyd 'n heerlike kuiergeleentheid as oud-Kwaggas mekaar na soveel jare weer sien.

## **Oud-Kwagga uitreikbyeenkomste:**

Tydens die Paarl Gimnasium sportnaweek in die Paarl, op 20 Julie, het 'n **Boland oud-Kwagga Geselligheid** met oud-Kwaggas te L'Avenir Wynlandgoed plaasgevind. Die aand was in die vorm van 'n spitbraai @ R150 per persoon aangebied deur die gasheer, oud-Kwagga en wynmaker, Dirk Coetzee van L'Avenir. Die geleentheid was vir die derde keer geborg deur Rodney Koen van Laubscher & Hattingh Prokureurs en dit was goed bygewoon deur 44 oud-Kwaggas en 6 personeellede. Dit was 'n heerlike geleentheid met oud-Kwaggas van alle ouderdomme!

## **13.2 SPORTDAG BORGSKAPPE:**

Baie dankie aan die borge van ons sportdae en toernooie wat tuis aangebied is:

- Die Kwagga Junior Rugbyweek o/14 + o/15 (28 Maart – 2 April) se borge was vanjaar, die hoofborg, CANON, Top Gear Sport en Living Ball. Ander ondersteunende borge was Van Rensburgs Foods, Coca-Cola Fortune en FURNTEX SA.
- Die o/14-Junior Hokkieweek het vanjaar na afloop van die Rugbyweek vanaf 2 tot April plaasgevind. Die borge wat dit moontlik gemaak het, is Combrinck & Associates en Akademia.
- Van Rensburgs Foods Sportdag teen Paarl Boishigh & Girls High (14 April)
- Palm Tyres Sportdag teen Stellenberg (12 Mei)
- Cavalli Sportdag teen Framesby (28 Julie)

Die welwillendheid van soveel persone, instansies en besighede wat altyd bereid is om te help, geld te voorsien, diens te lewer, pryse te gee, toerusting te borg aan die Hoërskool Outeniqua, maak die werk uit die bemarkingskantoor 'n vreugde. Wees verseker dat die Kwaggas u ondersteuning opreg waardeer.

### **13.3 BORGE VAN SPORTSPANNE:**

Ons skool is baie dank verskuldig aan al die borge vir hulle ruim bydrae om die sportdrag en/of -toerusting van baie van ons spanne te borg. Al ons eerste spanne het vanjaar sportborgskappe gehad asook verskeie van ons ander spanne.

#### ***Baie dankie aan die volgende borge:***

**Atletiek Kleure Byeenkoms** : Sportscentre

**Netbal:** 1ste span : Henties, Kempston Truck Hire

**Afrigtersklere** : Fine & Country

**Hokkie dogters:** 1ste span : Imperial Ford George, Star South Fruits (Pty)Ltd

**Afrigtersklere** : DEMTECH Architectural Services

**Hokkie seuns:** 1ste span : Fouché Metallurgical Services (FMS)

**Afrigtersklere** : Pick 'n Pay Pre Cap Centre, George

**Muurbal:** R&S Communications

**Rugby:** o/19A : Imperial Select en Hollard/Sapcor

**Rugby Afrigtersdrag:** Third Generation

o/19B-span : Volvo

O/16-span : Halfway Toyota

O/15 : Mc Donalds

O/14 : Top Gear Sport

**Krieket:** 1ste Span : Cash Crusaders, KFC, Arena Pumps (2018/2019)

o/15-T20 Toernooi : SPAR Wellington Square

**Gholf:** Kwagga Gholfdag

**Skaak:** ACME Hire

**Tennis:** Sportscentre

**Bergfietsry:** Coimbra

**Klere vir 1ste Wintersport Spanne** : EXOCET

**Sportsakke vir 1ste Spanne:** RAMBLE

**Elektroniese Telborde vir Rugby en Netbal:** Discovery Consulting Services, George

Die bemarker nooi op 'n gereelde basis ook borge van spanne na komplimentêre etes by die Kwagga Cuisine tydens Sportdae en moedig hulle aan om die blootstelling- en advertensiepakette wat Hoërskool Outeniqua hulle bied, te gebruik tot hul besighede se voordeel.

'n Baie groot dankie aan al die ondernemings/instansies vir die borg van sporttoerusting en sportgebeure. Ondersteun asseblief ons borge!



### **13.4 GHOLFDAE:**

- Die Kwagga Gholfdag geborg deur Sanlam Private Wealth, Hollard, Lynn Schroeder BMW, Earle Design, Shell Kraaibosch, en Gold Vault het op 30 November 2017 te Fancourt plaasgevind. 104 spelers (26 vierballe) het die geleentheid gehad om deel te neem. Die geleentheid het 'n wins van sowat R105,000.00 opgelewer.
- Die Kwagga Gholfdag geborg deur De Jagers Uitrusters, GFA Holdings en SPUR en het op 10 Mei te Oubaai Gholfklub plaasgevind. 112 spelers, (28 vierballe), het aan die dag deelgeneem en bygedra tot die sukses van die geleentheid. Die totale wins van die De Jagers Gholfdag kom op sowat R98,000.00 te staan. 'n Baie groot dank ook aan al die spelers sonder wie se deelname die dag nie kon plaasvind nie asook aan al die borge van putjies en skenkers van pryse.
- Die volgende Kwagga Gholfdag word op 30 November 2018 weer te Fancourt aangebied.

### **13.5 HALFWAY GEORGE KWAGGA 4 X 4 :**

Vir die tweede keer is daar vanjaar op 3 Februarie by die Vleesbaai Duineroete 'n 4 x 4 vir entoesiaste en avontuurlustiges aangebied. Die fondsinsameling is met 'n Ouerkomitee, onder leiding van die bemarker, in samewerking met Mario Ferreira, die fasiliteerder, aangebied.

Die Hoofborg was Halfway Toyota George (Mark & Anthea Jones), Altech Netstar (Engela Marais), Chas Everitt (Mario Ferreira), LA Sport (Norman & Magda Burton) en Dunlop/Palm Tyres (Craig Westcott), Outdoor Warehouse George (Marie Kotzé) en Coca-Cola (Arnold Taute).

Daar was 50 inskrywings @ R400 per voertuig asook R6350,00 se lootjieverkope @ R10/lootjie vir 'n R5000 Checkers koopbewys wat deur Altech Netstar geborg is. Vir die eerste keer is daar ook "sandboarding" aangebied wat veral onder die kinders byval gevind het.

Die bedrag van sowat R71,300.00 is ingesamel.

### **13.6 KWAGGA WYNVEILING:**

Die Kwagga Wynveiling is vanjaar weer deur die Kwaggas saam met Calitzdorp NG Gemeente aangebied en het op 17 Augustus in die G.J.B. Volschenksaal van Hoërskool Outeniqua plaasgevind. 'n Vasgestelde gedeelte van die wins word aan die NG Kerk Calitzdorp geskenk. Skenkings word ook aan die liefdadigheidsorganisasies, Emmaus en die Carpe Diem Skool gemaak. Beyers Truter van Beyerskloof het met sy kennis en vindingrykheid as afslaer gesorg vir nog 'n rekordveiling met 'n bruto opbrengs van R404,590.00 (2017: R336,939,00). Goedgesinde kelders het die tafelwyn gratis verskaf. Daar was vanjaar 83 wynkelders by die veiling betrokke.

'n Baie groot dankie aan al ons gaste en die ywerige wynkopers. Ons hartlike dank ook aan al die Calitzdorpers vir hulle aandeel in die mooi aand.

Die volgende borge was by die Kwagga Wynveiling betrokke : Van Rensburgs Foods, Golden Harvest asook die Wine & Liquor Boutique, Kerkel en Kraai, Jetline, BofBerg Flowers, Just Water, Henties, Oakhurst Hotel en Gourikwa Reserve. Die P-10 Kariba Huisbootvakansie is by die veiling vir R75 000 opgeveil. Die prys is geskenk deur die oud-kwagga, George Pio. Die Wynlande Wegbreek het R21 000 behaal.

## **13.7 HOËRSKOOL OUTENIQUA:**

### **Uitbouing van die Handelsmerk:**

Die Bemarkingskantoor het vanjaar begin om bemarkingsmateriaal aan te koop ten einde die skool se unieke handelsmerk uit te bou. Vier vere- baniere vir binne en buitenshuise gebruik is aangeskaf asook twee “optrek” baniere vir binneshuise gebruik.

Die baniere word veral by sport en ander funksies van die skool aangewend asook tydens die neem van foto's vir die media.

### **Oprigting van 3 volkleur Terreinborde:**

Die bemarkker het in samewerking met die skoolbestuur die inisiatief geneem om drie volkleur terreinborde op strategiese plekke op die skoolterrein te laat oprig. Die borde is geborg deur CAW Signs en vertoon professioneel en netjies.

### **Oueraande:**

Die bemarkker het gedurende Januarie die Gr 8, 9, 10, 11 en 12-oueraande bygewoon. Ouers is ingelig oor die rol van die bemarkker en kon deur middel van 'n vraelys aandui by watter fondsinsamelingfunksies, kultuur, “groen” projekte, ens. hul betrokke wou raak. Voornemende MySchool kaarthouers is ook so opgevolg. Alle voorstelle/idees van ouers is ook persoonlik opgevolg. Ouers kon op hierdie wyse vanjaar betrek word by verskeie aktiwiteite en ook so ingelig word oor aktiwiteite en aanbiedings van die skool.

### **Hoërskool Outeniqua Borge Ontbyt:**

Die gebruiklike jaarlikse ontbyt vir alle borge van Hoërskool Outeniqua (sport, kultuur, leierskap en akademie, fondsinsamelingfunksies, ens.) is op 16 Maart in die Kwagga Cuisine aangebied. 'n Rekordgetal van 90 gaste het dit bygewoon.

### **Graad 7-Opedag:**

Die bemarkingsproses wat besondere ondersteuning en entoesiasme ontlok het, van Hoërskool Outeniqua aan Suid-Kaapse laerskole, is afgesluit met die Kwagga Opedag wat op 5 Maart aangebied. Die personeel en leerders het op 'n interaktiewe wyse deelname aan die program gehad. Die hersiene Hoërskool Outeniqua bemarkingsvideo is ook by die geleentheid vertoon en het besondere byval gevind.

### **The Grocery Express Kwagga Lang Tafel :**

Die vierde Kwagga Lang Tafel is vanjaar op 2 Maart by Transnet Spoorweg Museum met 650 gaste aangebied.. Die tema was Gatsby en het ingepas by die skool se 95 jarige bestaan se era.'n Vrywillige ouer Komitee van 14 lede onder leiding van die bemarkker het hierdie groot uitdaging baie suksesvol afgehandel. Hulle is : Adele Hayes, Riana du Plessis, Maxie Pretorius, Norette Katzke, Thea Terblanche, Elrinda van der Schyff, Elana van Rensburg, Elaine Keyser, Karen Victor, Serena Groenewald, Meloney Oliphant, Melanie Maré, Samantha Brink. 'n Besondere woord van dank ook aan die leerders, personeel en werkers van ons skool wat by die projek betrokke was. Die Kwagga Lang Tafel het vanjaar 'n wins van R95 882.29 getoon. Die DBV is as 'n liefdadigheidsorganisasie deur die projek ondersteun. Van Rensburgs Foods was die verskafferborg van Piekniekkos en Jakkalsvlei die verskafferborg van wyn en bier.70 Piekniek “platters” is bestel en 55 eenhede is van Jakkalsvlei aangekoop.

Daar is ook twee items per “silent auction” opgeveel wat 'n inkomste van R8000 gegenereer het.

Borge van die 2018 Kwagga Lang Tafel : Hoofborg : The Grocery Express, Primêre Borge : FNB en Oakhurst Insurance Company Limited. Die Media borg : George Herald en Verskaffer Borge : Loerie Bakery, Lew Geffen Sotheby's International Realty, SND Productions, Van Rensburgs Foods, Jakkalsvlei, Pure Craft and Foods en EONMEDIA.

### **Kwagga - Bonanza:**

Die Bonanza is 'n jaarlikse instelling en weer het ons personeel en leerders ongelooflik hard saamgewerk om die rekordbedrag van R139,078.70 te in. 'n Baie groot dankie aan al die skenkers van hierdie wonderlike pryse.

### **Bonanza pryse & wenners 2018 :**

LEERDER WAT DIE MEESTE BOEKIES VERKOOP HET:

Jani Gerber – Graad 11/70 – 36 boekies

#### **Top 3 leerders per graad**

Graad 8

- Jaden Fritz – 11 boekies
- Inge-Mari Ferreira – 8 boekies
- Rudi Scholtz – 5.6 boekies

Graad 9

- Zuande Niemand – 4 Boekies

Graad 10

- De Wet Heunis – 4 boekies
- Katya Olwagen – 3 boekies

Graad 11

- Jani Gerber – 36 boekies
- Ayla Evans – 25 boekies
- Lané du Plessis – 10 boekies

Graad 12

- Meike Strydom – 6 boekies
- Kyle Pieters – 4 boekies

### **Klas & onderwyser wat meeste boekies verkoop het**

Graad 11/06 – Mev. Madene Reitz = R7 720.00

GRAAD WAT MEESTE BOEKIES VERKOOP HET

Graad 8 = R 37 760.00

Totaal verkoop per klas:

Gr 12 = R19 820

Gr 11 = R36 010

Gr 10 = R28 500

Gr 9 = R32 170

Gr 8 = R37 760

**Wenners van die 2018 bonanza is:**

**1STE PRYS** - Botha & Barnard "Mingle" tafel met 2 bankies (R18 000) - **CHRIS ELS**

**2de Prys** – Wilderness Village - Kwikspar – kruideniersware (R3 000) **TYRA TOWNSHEND**

**3de Prys** – Third Generation - SMEG voedselverwerker (R3 400) - **CHRISTIAAN JANSEN VAN RENSBURG**

**4de Prys** – Cavalli - Karoolam (R2 000) - **MARI ROUX**

**5de Prys** – Vodacom - Tablet en selfoon (R1 200) - **JACKIE MEYERS**

**6de Prys** – Tokkie Nel Juweliers - Geskenkbewys (R800) - **CHARMAINE WERNER**

**7de Prys** – De Jagers – koopbewys (R500) – **KYLE THORESEN**

**8ste Prys** – De Jagers – koopbewys (R500) – **JANA VORSTER**

**9de Prys** – De Jagers – koopbewys (R500) – **DIRK BOTHA**

**10de Prys** – De Jagers – koopbewys (R500) – **SANET FOUCHÉ**

**11de Prys** – De Jagers – koopbewys (R500) – **LINDA NORTJE**

Baie dankie aan almal wat ons ondersteun het en ons gelukwense aan die prysweners.

**Societas nobilitat : gala funksie :**

'n Glans funksie is by die Kwagga Cuisine aangebied waar die top 3 akademiese presteerders van elke graad saam met hul ouers vereer is. Die bemarker verleen 'n ondersteunende funksie tot die ontwikkeling van hierdie akademiese prestige vereniging en jaarlikse byeenkoms.

Die hoofborg van die geleentheid was Nelson Mandela Universiteit.

**Myschool kaart ondersteuners:**

Die MySchool kaart word op 'n deurlopende basis aan ouers en ondersteuners bemark en lede het 'n goeie groei in 2018 getoon. Die bedrag van R25,146.39 is oor die afgelope jaar vir die skool met die My School kaart ge-in.

**95 jaar feesvieringe**

Die bemarker het 'n aktiewe rol gespeel met die daarstelling van geskenke aan die ses oudleerders wat Eretoekennings ontvang het.

Die volgende borge is ook genader en om bydraes te maak : JC Slagtery, Coca-Cola, Loerie Bakkery, SPAR De Dekke, Group Editors, EMMAUS, SAFARI, Braaiwood for Africa en Outeniqua Palms Kwekery.

Die spesiale 95 logo is ook met die hulp van 'n ouer, Melanie Maré, vir die skool ontwerp.

'n Spesiale wynetiket, geborg deur 'n ouer, Ruane Breytenbach, Label and Print Technologies, het daarna gevolg en dit dien as die 95 Wyn ter viering van die feesjaar.

### **13.8 ANDER BORGSKAPPE :**

Drukwerk : Remax, Leeuwenbosch Dairy.

Praatsaam Debatkompetisie : Pinnacle Systems

### **13.9 ADVERTENSIES :**

Ons opregte dank aan plaaslike en buite instansies/besighede wat advertensies in ons skool se maandelikse Nuusbrief plaas.

Die bemarkingskantoor speel ook 'n aktiewe rol in die voorbereiding van media advertensies en spesiale bylaes van prestige aangeleenthede. (Gr. 7 Opedag, Matriekeindeksamenuitslae, Kwagga Junior Rugby en Hokkie Week, Winter Sportdae, ens.)

### **13.10 MEDIA SKAKELING EN INTERNE BEMARKING/KOMMUNIKASIE:**

Mediaskakeling vind op 'n deurlopende basis plaas. Prestasies en nuusgebeure van Hoërskool Outeniqua en die Kwagga Trust word ekstern aan die gedrukte media: George Herald en susterskoerante in die streek deurgegee. Daar word ook gebruik gemaak van die Kouga Express en Die Burger. Interne bemarking/kommunikasie behels die benutting van die D6 Kommunikeerder, afkondigings en benutting van die maandelikse Nuusbrief.

Sosiale Media :

'n Nuwe Hoërskool Outeniqua Webtuiste is vanjaar in die tweede kwartaal in werking gestel. Brandlab is die borg waarmee daar saamgewerk is om hierdie droom te verwesenlik.

Statistieke sedert die nuwe webtuiste tot op datum is as volg :

- "Views" – 22 875
- Gebruikers wat vanaf Facebook die webtuiste besoek deur te klik – 7817
- Gebruikers wat die die webtuiste m. b. v. Google besoek - 4472

FACEBOOK Statistieke :

Facebook "Followers" het as volg toegeneem: Januarie 2018 (4672) tot September 2018 (6653)

### **13.11 ONTWIKKELING EN DAARSTELLING VAN BEMARKINGSMATERIAAL EN GESKENKE:**

Word deurlopend aangekoop op grond van die beskikbaarheid van fondse.

### **13.12 SAMEVATTEND**

Hoe kan ons anders as om ons hoogste dank en waardering uit te spreek teenoor sakemanne, ouers, oud-Kwaggas, vriende en elkeen met wie ons pad die afgelope jaar gekruis het. U almal lewer 'n reuse bydrae om Kwaggaland 'n plek van kwaliteit en uitnemendheid te maak.

#### **14. REKENAARSENTRUM: H. BEZUIDENHOUT**

Die skool beskik oor drie moderne rekenaarsentrums met 41 werkstasies elk. Al drie sentrums is met MS Windows 10 en MS Office 2016 toegerus. Die sentrums word hoofsaaklik vir RTT en IT gebruik. Die rekenaars in een van die RTT-sentrums is vervang met nuwe rekenaars wat deur WKOD geskenk is.

Al die graad 8-leerders het vanjaar aanlyn aan 'n leesprogram deelgeneem en kon ook Maandagmiddae in 'n lokaal by die leesprogram inskakel indien hulle nie internettoegang by hul huis het nie.

Ons het vanjaar aan twee rekenarolimpiades deelgeneem.

10 IT-leerders het in Maart aanlyn aan die Rekenaar-olimpiade se talentsoek deelgeneem en drie brons-, drie silwer- en twee goue sertifikate in die senior kategorie vir graad 10 en 11 verwerf.

In Augustus het ons aan die eerste rondte van die Rekenarolimpiade se programmeringolimpiade vir IT-leerders deelgeneem waar vier leerders, Monté Ekron, Nelis Smit, Lloyd Landsberg en Hendré Stander 100% verwerf en deurgedring na die tweede rondte in September. Al vier leerders is ongelukkig in die tweede rondte uitgeskakel.

Daar het ook vyf spanne van drie leerders elk (vier spanne uit Outeniqua en een span uit York) aan NMMU se programmeringskompetisie, teen skole in die Oos-Kaap en Suid-Kaap streek sowel as NMMU studente, deelgeneem. Die span wat plaaslik die beste gevaar het, en R500 gewen het, was Hennie Anderson, Francois Cronjé en Monté Ekron.

#### **15. KWAGGA CUISINE: A. LUBBE**

2018 is gekenmerk deur 'n bedrywige jaar in die Kwagga Cuisine. Nie net is die hooffokus van die Cuisine die verskaffing van 'n diens aan die skool en publiek nie, maar word daar ook akademies verkeer. Leerders word opgelei in die gasvryheidsbedryf en dit is dan hierdie vaardighede van die leerders wat gebruik word om 'n diens te lewer.

Die Cuisine is verantwoordelik vir die aanbied van verskeie funksiegeleenthede wat insluit alle sportdae, die rugbykliniek gedurende die Maartvakansie, matriekafskeid, reünies, troues, jaareindfunksies van besighede en dan ook seminare/slypskole. Al hierdie geleenthede word met trots aangebied deur die Cuisinepersoneel en sy leerlinge.

Tydens sportdae word die Cuisine bedryf as 'n restaurant. Die publiek kan dan kies van 'n ontbytspyskaart sowel as 'n middagetespykaart. Alle geregte word voorberei deur die personeel en leerders. Met hierdie sportdae word die personeel van die onderskeie skole ook getraakteer met 'n heerlike aansit middagete. Met die aanbied van 'n funksie word die kliënt toegelaat om sy eie spyskaart saam te stel uit 'n verskeidenheid geregte wat beskikbaar is.

Op akademiese gebied hou die Cuisine gedurende die tweede en derde kwartaal drie restaurantaande, een vir elke graad. Hierdie restaurantaande dien as die leerders se praktiese eksamen. Hulle word dan getoets vir hulle kelnervaardighede sowel as hul vaardighede as sjef in die kombuis.

Dit is met groot dankbaarheid en trots dat ons kan terugkyk na nog 'n suksesvolle jaar in die Kwagga Cuisine.

## **16. KWAGGARAAD: R. HATTINGH**

Vir die Kwaggaraad van Hoërskool Outeniqua was 2018 weer eens 'n suksesvolle jaar propvol hoogtepunte. Nie alleen het hulle besondere geesdrif, inisiatief en oorspronklikheid geopenbaar nie, maar hulle het ook die groot verskeidenheid take wat hulle aangepak het met verantwoordelikheid en toegewydheid volvoer. 'n Leierskap Ontwikkelingskamp te Swartvlei, wat deur alle lede van die Kwaggaraad bygewoon is, het tydens die Oktobervakansie plaasgevind. Die termyn is afgeskop met die aanbieding van n uiters suksesvolle Kwalentaand waar Kwaggas hulle talent ten toon gestel het. Daarna het die Maltrapdag (into the wild) vir die graad 12-leerders plaasgevind, waar hulle n boom geplant het as n simbool van ewige verbintenis met Kwaggaland. Verder het hulle 'n kranslegging tydens die jaarlikse MOTHS-seremonie en 'n Metodiste Kerk-diens vir leerderleiers van George bygewoon. Kort daarna het die vier hoofleiers die ATKV-Leiersberaad in Worcester bygewoon. Ons hoofdogter, Melissa Vorster, het die eer te beurt geval om gedurende die Desember vakansie Hoërskool Outeniqua by die jaarlikse *Die Burger* leierskapsimposium te verteenwoordig.

Die graad 8-Induksie-n-Larwekamp wat vroeg in 2018 aan die beurt was, is suksesvol afgehandel. Volgende op die lys was die Valentynsdagverkope wat uiters geslaagd was. Op Saterdag, 12 Mei 2018, het die hoofdogter, Melissa Vorster, en onderhoofseun, Michael Bezuidenhout, 'n VRL- Opleidingsseminaar wat deur FEDSAS aangebied is, bygewoon.

### **Die volgende inisiatiewe het gedurende 2018 die lig gesien, nl.**

- Kwartaallikse Portefeulje Kommunikasie
- Matriektop is verander
- Digital Adminstelsel (sisteem waar dokumente digitaal, veilig en deelbaar is)
- Kwartaalliks: Nuwe Kwagga - Aksie
- Dankbaarheidsprojek (werkers)
- Verwelkoming van die graad 8-leerders
- Mentor- sisteem (by en vanaf Larwekamp)
- Kwaggawordingseremonie
- Onthaal van besoekende skole se VRL tydens sportdae
- School's United Event
- Saal-instap-aksie
- LSB-komitee vorder data kwartaalliks in oor badkamers, probleme, entrepreneurskap en kwaggakeuses
- Kwaggapersoneel verjaarsdaggeskenkie projek is voortgesit

Die handhawing van dissipline was deurgaans 'n prioriteit wat gekenmerk is deur voortdurende proaktiewe optrede van elke lid van die Kwaggaraad. 'n Besondere woord van gelukwensing én dank aan ons hoofleiers, Melissa Vorster en Braam van Huyssteen asook ons onderhoofleiers, Elizma Beyleveld en Michael Bezuidenhout, wat 'n reusetaak met onderskeiding volvoer het.

'n Opregte woord van dank aan **alle** lede van die Kwaggaraad 2017/2018 vir die wyse waarop hulle hul uiters belangrike en uitdagende taak verrig het. Hul bereidwilligheid om te alle tye puik diens te lewer was lofwaardig en word hoog waardeer. Baie geluk ook aan die nuwe Kwaggaraad 2018/2019. Ek glo dat hulle die krag en wysheid sal ontvang om die uiters verantwoordelike taak wat aan hulle opgedra, is met groot ywer en trots te verrig.

Baie dankie ook aan elke Portefeulje-koördineerder. Sonder julle toewyding en inspirerende leiding sou hierdie groot suksesse nie moontlik wees nie.

Ten laaste 'n woord van dank aan ons Hemelse Vader vir talente ontvang, geleentheid om ons volle potensiaal te verwesenlik en ook vir 'n uiters geseënde 2017/2018.

**Die Portefeulje-stelsel** wat die hartklop van die skool is, is gemik op die uitbreiding van leierskapontwikkelingsgeleentheid en hulle funksioneer definitief op 'n hoë vlak. Die onderskeie portefeuljes het 'n groot verskeidenheid inisiatiewe van stapel gestuur:

### **16.1 KWAGGA+ (T. HAUPT)**

- Lede: 15 komiteelede het die bestuur gevorm
- Aktiwiteite:
  1. Snaagspel: Dit is 'n kompetisie, aangebied deur Mentorvennote, waarin skole simulatie speletjies speel. Die skool met die hoogste wins dring deur na die volgende rondte en ding teen 9 ander skole mee. Die kompetisie is nog aan die gang.
  2. Mentorvennote het vanjaar ook die Jong entrepreneur van die jaar-kompetisie begin. Twee kandidate is ingeskryf.
  3. 'n Saalbyeenkoms in samewerking met Mentorvennote, die Wes-Kaap Handelskamer, plaaslike besigheid en ouers is gehou. Die doel was om entrepreneurskap en die belangrikheid daarvan onder leerders se aandag te bring.
  4. 'n Ontwikkelingswerkswinkel vir entrepreneurs is deur die Wes-Kaap Handelskamer aangebied. Ongeveer 60 leerders het dit bygewoon. Die aktiwiteit is deur die aanbieders gefinansier.
  5. 'n Markdag is gehou waar leerders hul produkte kon verkoop. Goeie terugvoering en entoesiasme is ervaar.
  6. Allan Gray ENTREPRENEURSHIP Challenge(#AGEC18)  
Dit is 'n baie intensiewe, uitdagende kompetisie wat aanlyn plaasvind. Leerders kry weekliks opdragte met aktuele onderwerpe waarvoor oplossings gevind moet word. 'n Paar gr. 11-leerders en gr.9-leerders het die uitdaging saam met hul EBW-onderwyser, mnr. T. Terblanche, en mev. Haupt aangepak. Die kompetisie is nou halfpad en eindig 30 September.
  7. Ander aktiwiteite is deelname aan kompetisies soos die ATKV- Spel, WOW-spel, skryfkompetisies ensovoorts.

### **16.2 MEDIA (T DE SWARDT)**

- Media het die sosiale, geestelike en kalenderbord op die skoolterrein deurentyd op datum gehou. Hier probeer ons die leerders op hoogte hou van (onder andere) belangrike skooldatums, geleentheid/, sosiale mode tendense, skoolprestasies en geestelike inspirasie.
- Die amptelike Outeniqua "Instakwa" Instagram bladsy is nog sterk aan die gang. Ons leuse is 'Vir Kwaggas deur Kwaggas' dus word die bladsy slegs deur leerders gehandhaaf. Die blad se volgelinge het fenomenale groei getoon: 1053 tydens 2017 tot 1643 in 2018. Hier streef ons om leerders op hoogte te hou van prestasies en gebeurtenisse by die skool. Ons gebruik dit as 'n platform om gebeurlikhede wat deur die onderskeie portefeuljes aangebied word te bemark. Dit is nie net 'n advertensie- of informasieblad nie, maar ons streef ook daarna om leerders te vermaak.
- Ons is tans besig met ons grootse projek vir die jaar, die Tussen lyne koerant. Ons is in samewerking met die George Herald en poog om 'n koerant van hoë gehalte te lewer. Die redaksie bestaan uit 'n redakteur, agt subredakteurs, 15 skrywers en 'n grafiese ontwerpspan. Die leerders is hard aan die werk om artikels te lewer wat alle aspekte van Outeniqua verteenwoordig. Hou die spatie dop.



### 16.3 DISSCIPLINE (Y. PRETORIUS)

- Die grootste funksie wat die dissiplinêre portefeulje vervul is om skool laatkommers vas te vat asook om die skoolgrond te patrolleer tydens linies of saalopening. Laatkom vir skool is steeds 'n enorme probleem en dit is ongelukkig ook so dat 'n groot gros laatkommers, gereelde laatkommers is. Dit is ons werk om hierdie probleem aan te spreek, op te volg en om te help dat laatkommers sonder verskoning hul debietpunte dienooreenkomstig ontvang. Rondloop en dros tydens linies het drasties afgeneem sedert ons meer sigbaar is en patrolling op punte doen wat as gewilde “*wegkruipplekke*” gedien het.
- Die portefeulje bestaan uit 18 lede wat op roterende basis dienspunte beman. Sekere graad 9–12-leerders dien op hierdie portefeulje en tydens 'n keuringsproses word voorkeur gegee aan senior leerders wat meer bemaagtig is om dissiplinêre oortredings soos laatkom aan te spreek weens hul senioriteit. Die portefeulje handhaaf ook 'n streng beleid oor lede se eie dissiplinêre profiel. Sou 'n lid hom/haar skuldig maak aan 'n ernstige dissiplinêre oortreding, sal hy/sy summier van die portefeulje verwyder word, aangesien die lid nie 'n dissiplinêre voorbeeld vir ander is nie.

### 16.4 AKADEMIE (N. MALAN)

- Die akademiese portefeulje se deurlopende projekte is gegrond op motivering sowel as erkenning. Die Top 20-leerders in elke graad word kwartaalliks aangekondig tydens graadlinies, waar balkies aan elke leerder oorhandig word. 'n Funksie waar die top drie kandidate beloon sal word vir hul harde werk, word weer eens vir die vierde kwartaal beplan. Tydens hierdie funksie vereer ons die leerders wat deurlopend harde werk lewer.
- 'n Opwindende vooruitsig vir die akademiese portefeulje is die rol wat ons beoog om te speel in die herontwerp van Outeniqua se aanlyn hulpblad, die eKOS stelsel. Die portefeulje beplan om te help met die insameling van sinvolle studiemateriaal wat beskikbaar gestel kan word aan medeleerders.

### 16.5 EVENTS (L. KOTZÉ EN H. SWANEPOEL)

Die events portefeulje het hierdie jaar die Valentynsbal behartig. Die tema vir die aand was *Grease*. Leerders van die portefeulje het gehelp om die saal te versier en op te maak. Die aand was 'n sukses sonder enige onaangename insidente.

### 16.6 UITREIKPORTEFEULJE (S. VAN DER WALT)

- 'n Groot aantal leerders het in 2018 by die uitreikportefeulje aangesluit. Dit is verblydend dat so baie Kwaggas hul harte vir ander oopgemaak het. Dit was oorwegend meisies en ons sal graag meer seuns betrokke wil kry. Die leerders is in drie subportefeuljes, naamlik intern, kinders en ouetehuse ingedeel.
- Die *Interne-groep* was verantwoordelik vir insamelings vir die skool se Noodspens, asook vir die insameling vir die DBV en Kerspakkies vir Bethesda Kliniek. Die Noodspens was die grootste projek wat in kwartaal een en twee geloods is, omdat die nood in die skool al meer word. Nie-bederfbare kos, asook toiletware is ingesamel. Baie dankie aan elke leerder en personeellid in die skool wat bygedra het, asook aan die Meneer & Mejuffrou Kwagga finaliste wat groot hoeveelhede noodware ingesamel het.
- Die *Kinders-groep* het op 'n tweeweeklikse basis alternatiewelik na Up with Downs en Life Community Centre uitgereik. Tydens Up with Downs-uitreike het OHS se leerders saam met die kinders

handwerkprodukte vir hul basaar en vir Kersfees gemaak. By Life Community Centre is daar gefokus op lewensvaardigheidslesse en speletjies met 50 laerskoolkinders.

- Die *Ouetehuis-groep* het na die Watsons Ouetehuis en die Rosemore Ouetehuis uitgereik. Tydens die besoeke is daar met die bejaardes gesels, bingo-gespeel en gesing. Daar is ook tydskrifte ingesamel as leesstof vir die inwoners.
- Baie dankie aan elke portefeuljelid wat bereid was om uit hul gemaksone te gaan om na ander uit te reik. Dank ook aan mee. Van Niekerk, Louw en Hattingh en die hoofleiers wat die leerders per geleentheid vergesel het.

### **16.7 TANK:**

- Die volgende is bereik in die TANK portefeulje:
- Stig deurlopende IT-tegnikus onderrigprojek; Projek Alpha.
- Lede leer om bedryfstelsels te installeer en benut bo 'n normale gebruikers vlak.
- Lede leer basiese programmeringsbegrippe.
- Lede leer basiese programmeringtegnieke.
- Lede skryf intermediêre programme in Java.
- Lede bemeester konstruksie en dekonstruksie van rekenaars.
- Lede leer IT-tegnikusvaardighede soos gebruik in IT-werkswinkels.
- Lede leer hoe om programmatuur te installeer, te opgradeer en in stand te hou.
- Lede word onderrig in hoë vlak begrippe i.v.m. die werking van rekenaar-komponente.

### **16.8 SKOOLTROTS EN GEESPORTEFEULJE (M EYGELAAR EN A VAN DER MESCHT)**

- Kwagga Sangspan (250 lede) wen vir die vierde keer in 'n ry die geesbeker tydens die HART-LOOP byeenkoms.
- Random Act of Kindness: Daar word 646 kolwyntjies in die strate, winkelsentrums, hospitale en onkologie sentrum uitgedeel.
- Daar vind weer eens "lip sing battles" plaas tussen onderwysers om skoolbywoning te verbeter, maar hierdie keer het matrieks ook teen onderwysers deelgeneem.
- Geesweek: Elk van die drie dae het 'n tema waarvolgens die leerders moet aantrek. Een derde van die fondsinsameling skenk ons aan die GROEN portefeulje om te help met herwinning.
- Met Lentedag mag leerders weer eens kleurvolle bykomstighede aantrek om gees te bou en gemoedere te lig.

## **16.9 IMPAKPORTEFEULJE: (E. RAUTENBACH)**

- Die IMPAK-portefeulje van Hoërskool Outeniqua het besluit om hierdie jaar 'n verskil in die lewens van minderbevoorregte leerders te maak. Hulle het hande gevat met Solidariteit Helpende Hand Wes-Kaap om hulle droom 'n werklikheid te maak. Die projek, "Bring die hoop weer terug", is van stapel gestuur. Die doel was om geld in te samel om vir Laerskool Herold 'n Preprimêre klaskamer te bou. Tans word 14 leerders in 'n stoorkamer van 2m x 3m onderrig.
- Leerders van die portefeulje het verskeie kere gaan uitreikwerk doen by Laerskool Herold.
- Gedurende die Junievakansie het 'n groep van 16 leerders en ses volwassenes, 525km per fiets aangepak, vanaf Herold tot in Worcester. Laerskool Herold het die eerste dag saamgetrap, en een van Laerskool Herold se Gr. 7- leerders het die hele toer meegemaak. Benette Rautenbach van Solidariteit Helpende Hand het ook die toer saamgetrap. Op die pad het die leerders komberse en sagte speelgoed vir minderbevoorregte leerders uitgedeel – om sodoende hoop te bring vir leerders wat nie so bevoorreg is nie.
- Op Saterdag, 1 September het die IMPAK portefeulje hulle afsluitingsfunksie te Herold gehad. Alisha de Lange van Solidariteit Helpende Hand het die geleentheid bygewoon. Hierdie groep gemotiveerde jongmense het d.m.v. verskeie fondsinsamelingsmetodes 'n bedrag van R161 800 ingesamel vir die projek "Bring die Hoop weer terug". Alisha de Lange het die bedrag namens Solidariteit Helpende Hand Wes-Kaap aan hulle oorhandig. Daar is 'n fiets aan Jay-Jay Joubert, gr.7- leerder van Laerskool Herold oorhandig wat die hele toer meegemaak het.
- Die IMPAK Portefeulje het ook hande gevat met die Mnr & Mej Kwagga finaliste. Tydens die geleentheid is die volgende wenners aangekondig: Armand Kritzinger (Mnr Kwagga) en Tharien Kruger (Mej Kwagga). Met Mnr & Mej Kwagga is daar R40 000 ingesamel. Dus is 'n totale bedrag van R201800 vir die projek ingesamel. 16 bokse klere is oorhandig aan Solidariteit Helpende Hand en ses trollies vol kos aan Hoërskool Outeniqua se noodspens.
- Benewens die bou van 'n preprimêre klaskamer vir Laerskool Herold, gaan daar ook met die fondse 'n IMPAK-studiefonds gestig word by Solidariteit Helpende Hand vir 'n minderbevoorregte leerders in die omgewing.

## **16.10 GROENPORTEFEULJE (E PRETORIUS EN S. WANNENBURG)**

- Die Groenportefeulje het vier fokusafdelings waarin aktiwiteite en projekte geloods word. Die Skoner Aarde afdeling hanteer die herwinningsprojek by die skool. Papier, plastiekbotteltjies en blikkies word deur die portefeulje herwin. Die groen en rooi mandjies en papier herwinningsdromme in die klasse en op die terrein verseker dat hierdie materiale nie op vullishope beland nie, maar weer bottels, blikkies en papier word. Die portefeulje het vanaf November tot Junie 72 kg plastiek en 25 kg aluminium herwin. 5890 kg papier is vanaf 2016 herwin.
- Groener Aarde is verantwoordelik vir boomprojekte. Die portefeulje het reeds 48 geelhoutbome op die terrein geplant. Die spekboomprojek is reeds drie jaar aan die gang en gemiddeld 300 Spekboompies word van steggies gemaak en elke jaar aan Kwaggas verkoop en geskenk aan van die Laerskole in ons gebied.
- Groen slim is die bewusmakingsarm van die portefeulje en ernstige kwessies soos seebesoesedeling word deur teikengerigte aktiwiteite en projekte aangespreek. Die portefeulje het die nuwe Groenbord opgesit en plakkate en foto's word gebruik om die Kwaggas te inspireer om Groen slim te wees. Jaarliks word

die gr 10-Ontwerpleerdes se logo's gebruik en produkte soos hangertjies, speldjies en sleutelhouers word vervaardig om die boodskap van omgee, herwin en hergebruik ter wille van alle lewende wesens op aarde uit te dra.

- Die Groenlede het in die tweede kwartaal kleiborde met die hand gemaak. Nadat dit gevuur is, het hulle dit geverf en dit hang nou in die Binnetuin. Die bordjies is kleurvol en die boodskappe positief en gerig op leerders.
- Die portefeulje het in samewerking met die Skeppende Kunsteleerders van me. Vanessa du Toit en me. Tanea de Swardt winkelsakke met die hand vir hul ouers gedruk. Hiermee word almal gemotiveer om nie plastiëksakke nie, maar herbruikbare sakke te gebruik.
- Groen Gee Om sorg vir die insameling van doppies, proppies en broodknippies wat deel vorm van die rolstoelprojek. Die Kwaggas is ongelooflik hiermee en daar is leerders wat regtig moeite doen met hierdie klein stukkies plastiek om te sorg dat dit 'n positiewe impak het op iemand wat baie swaarkry se lewe.
- Groendag is altyd ons hoogtepunt van die jaar. Met Groendag word produkte, eetgoed en spekboompies verkoop om fondse in te samel. Met hierdie geld word dan weer mandjies vir herwinning en sakkies vir boompies gekoop.

## 17. SPORT: P. CLOETE

Die groot hoeveelheid leerders wat aan sport deelneem en hulleself daar uitleef, is iets wat ons as Hoërskool Outeniqua-gemeenskap mooi moet oppas. Leerders en personeel offer hulle naweke op en die vorming van goeie karaktereienskappe is die eerste doelwit wat gestel word. Die Hoërskool Outeniqua bied 13 sportsoorte aan en kan in elkeen van die sportsoorte op nasionale vlak kompeteer. Ons atlete presteer jaarliks uitsonderlik, die hokkiespanne is besig om in Suid-Afrika 'n krag te word, die netbal het vanjaar gewys dat hulle onder die top 10-skole in Suid-Afrika presteer, die bergfietsryers neem jaarliks aan die nasionale kampioenskappe deel, die krieketspanne het die afgelope seisoen alle ligas in Eden gewen, die muurbal wen die ligas in Eden en presteer ook nasionaal, ons het twee tennisspeelsters wat onder die top 10 in hulle onderskeie ouderdomsgroepe in Suid-Afrika is, die Tweekamp-atlete het weer die afgelope jaar op nasionale vlak presteer en is aangewys as die beste skool in Suid-Afrika en ons skaakspelers presteer ook jaarliks op nasionale vlak.

Dankie, aan elke afrigter en atleet vir julle harde werk en mag julle ook die geleentheid wat die Hoërskool Outeniqua vir julle bied, waardeur.

### 17.1 ATLETIEKVERSLAG (J. WOLVAARDT)

#### KLEURE ATLETIEK

Eerstens kan 'n mens nie anders as om aan elke ondersteuner, deelnemer, spankaptein en dirigent 'n spesiale woord van dank te sê nie, want as dit nie vir bogenoemde was nie, sou die dag nie naastenby so 'n reuse sukses gewees het nie.

Die dag is deur die Groenspan gewen . Die Geelspan het met die louere weggestap as die span wat die beste gees gehad het.

Daar is altesaam **10 rekords** gedurende die dag verbeter . Daar is ook een rekord geëwenaar.

NAAM EN VAN	GESLAG	OUDERDOM	ITEM	AFSTAND/TYD	GEWIG
Riancke Slump	Dogter	14	Hamergooi	34,5 m	3 kg
Áine Ferreira	Dogter	14	Paalspring	2,10 m	
Loudré Pretorius	Seun	14	Hoogspring	1,67 m	
Juan Terblanche	Seun	15	Paalspring	3,0 m	
Ancois Jordaan	Dogter	17	Hamergooi	43,05 m	3 kg
Meike Strydom	Dogter	19	Gewigstoot Diskus	14,93 m 40,56 m	4 kg 1 kg
Simonn Swanevelder	Dogter	19	Paalspring	3,09 m	
Hanno du Plessis	Seun	19	Hamergooi	58,47 m	6 kg
Marnel Coertze	Seun	19	Paalspring	3,90 m	

Die volgende atleet het rekords geëwenaar:

NAAM EN VAN	GESLAG	OUERDOM	ITEM	AFSTAND/TYD
Caston Michaels	Seun	17	100m	11,0 s

**Beste individuele prestasies:**

OUERDOM	GESLAG	NAAM EN VAN	ITEM	PRESTASIE
14 jaar	Dogter	Riancke Slump	Gewigstoot	11,29 m
14 jaar	Seun	Loudré Pretorius	Hoogspring	1,67 m
15 jaar	Dogter	Neline Naude	Gewigstoot	10,97 m
15 jaar	Seun	Jd Heyns	Gewigstoot	14,7 m
17 jaar	Dogter	Ancois Jordaan	Hamergooi	43,05 m
17 jaar	Seun	Caston Michaels	100m	11,0 s
19 jaar	Dogters	Meike Strydom	Gewigstoot	14,93 m
19 jaar	Seun	Hanno du Plessis	Hamergooi	58,47 m

Die beste **individuele prestasie van die dag** was Meike Strydom. Sy het 960 punte in haar gewigstoot behaal.

**Bekerwenners:**

Junior Victrix Ludorum : Lané Coertze  
 Junior Victor Ludorum: Loudré Pretorius  
 Senior Victrix Ludorum : Meike Strydom  
 Senior Victor Ludorum : Zander Labuschagne

## HJS UITNODIGINGSBYEENKOMS

Ons atlete het voor die Kleure-atletiekbyeenkoms aan die HJS Uitnodigingsbyeenkoms wat in die Paarl plaasgevind het, deelgeneem. Die doel van die byeenkoms was om ons atlete soveel as moontlik blootstelling te gee voordat die groot byeenkomste van die jaar sou plaasvind.

Ons het altesaam 16 eerste, 9 tweede en 11 derde plekke behaal. Voorwaar prestasies om op trots te wees.

Na afloop van die byeenkoms is Meike Strydom aangewys as die beste dogtersveldatleet van die dag. Sy het in die gewigstoot vir dogters 19 jaar 14,43 meter gestoot. Sy het altesaam 951 punte op die Bekkertabelle verwerf .

## ♡ LOOP- INTERSKOLE-ATLETIEKBYEENKOMS

Kwaggas het soos oudergewoonte weer eens puik presteer by die vierde Interskole-atletiekbyeenkoms. Outeniqua het sewe van die elf trofeë wat op die spel was, gewen. Ons het vir die vierde jaar in 'n ry die geesbeker gewen. Kwaggas het ook die meeste goue medaljes (58) verower. Ons Kwagga-atlete het ook twaalf rekords laat spat. Na afloop van die byeenkoms is daar in elke ouderdomsgroep die beste seun- en dogtersprestasie aangewys. Die volgende atlete het toekennings daarvoor ontvang:

<b>OUDERDOM</b>	<b>GESLAG</b>	<b>NAAM EN VAN</b>
14 jaar	Dogter	Riancke Slump
15 jaar	Seun	Jd Heyns
17 jaar	Seun	Caston Michaels
19 jaar	Dogter	Meike Strydom
19 jaar	Seun	Hanno du plessis
Victrix Ludorum	Dogters	Lané Coertze
Beste prestasie van die dag	Dogter	Meike Strydom
Beste prestasie van die dag	Seun	Hanno du Plessis

Meike Strydom se 14,98 m in gewigstoot vir dogters o/19 jaar was die beste prestasie van die dag.

## **GEORGE STREEKSBYEENKOMS**

Kwaggas het na afloop van hierdie byeenkoms weer eens gewys dat Kwagga-atletiek van hoogstaande gehalte is, want ons het 78 eerste, 58 tweede en 32 derde plekke behaal. Kwaggas was vir 12 van die 17 rekords wat gedurende die byeenkoms verbeter is, verantwoordelik:

<b>NO</b>	<b>OUDERDOM</b>	<b>GESLAG</b>	<b>NAAM EN VAN</b>	<b>ITEM</b>	<b>PRESTASIE</b>
1	14 jaar	Dogter	Riancke Slump	Hamergooi	31,19 m
2	14 jaar	Dogter	Zea Claasen	Paalspring	1,90 m
3	15 jaar	Dogter	Lize-Ann Minnie	Paalspring	2,30 m
4	17 jaar	Dogter	Jana Botha	Hamergooi	44,23 m
5	17 jaar	Dogter	Miré Reinstorf	Paalspring	3,20 m
6	19 jaar	Dogter	Meike Strydom	Gewigstoot Diskus	14,40 m 41,31 m
7	19 jaar	Dogter	Simonn Swanevelder	Paalspring	2,80 m
8	14 jaar	Seun	Loudré Pretorius	Hoogspring	1,67 m
9	17 jaar	Seun	Claude van der Schyf	Paalspring	3,20 m
10	19 jaar	Seun	Hanno du Plessis	Hamergooi	62,07 m
11	19 jaar	Seun	Marnel Coertze	Paalspring	3,80 m

Spesiale melding moet gemaak word van Meike Strydom wat twee rekords verbeter het en sy het weer eens die prestasie van die dag gelewer toe sy in die gewigstoot item vir dogters o/19 jaar 'n afstand van 14,40 m gestoot het. Sy het 950 punte op die Bekkertabel daarmee verdien.

## **EDEN-BYEENKOMS**

Tydens die Eden-atletiekbyeenkoms op Oudtshoorn is drie en vyftig Kwagga atlete in die Eden-atletiekspan opgeneem wat aan die Wes-Kaap Kampioenskappe in die Paarl deelgeneem het. By hierdie byeenkoms moes hulle kwalifiseer om aan die SA Kampioenskappe deel te neem.

DIE VOLGENDE ATLETE WAS ALMAL IN DIE EDEN-SPAN:

Mila Barnard, Zia Claasen, Anje Metz, Riancke Slump, Juanette Spangenberg, Lané Coertze, Ansoné Cronje, Áine Ferreira, Philique Fick, Deonell Grobler, Anuk Maloney, Lize-Ann Minnie, Neline Naude, Debbie Verster, Caylynn Victor, Jana Botha, Klariska Broxham, Ancois Jordaan,

Ellen Kleinsmidt, Shané Kruger, Carmen Olivier, Stephany Petro, Miré Reinstorf, Maretha Theron, Luné vd Westhuizen, Nolene van Rensburg, Deàndri Boucher, Lara Schlechter, Meike Strydom, Simonn Swanevelder, Emile Goedhals, Loudré Pretorius, Keith Syster, Ralston Appies, Gerhard Doubell, Dean Malherbe, Christiaan Theron, Jd Heyns, Dillan Smuts, Russel Tenteni, Juan Terblanche, Elzaine Terblanche, Jaydan Crouse, Ryan Laruffa, Caston Michaels, Claude van der Schyf, Marnel Coertze, Hanno du Plessis, Ludwig Ellis, Theron Human, Zander Labuschagne, CJ Niemand, Daniël Snyman, Darrel Solomans.

In 2018 het die Kwagga-atlete hierdie gesogte byeenkoms (Eden-byeenkoms) totaal oorheers en ongeveer 150 atlete van Kwaggaland het aan die byeenkoms deelgeneem. Kwaggas het by die Eden-byeenkoms 41 eerste, 29 tweede en 27 derde plekke behaal. Daar is altesaam vyf rekords deur Kwaggas verbeter nl. Meike Strydom (diskus en gewigstoot), Juan Terblanche (paalspring), Marnel Coertze (paalspring), Simonn Swanevelder (paalspring).

### **WES-KAAPLAND BYEENKOMS (Daljosafat, Paarl)**

Ons atlete het uitstekend by die Wes-Kaapland byeenkoms gevaar en het die volgende prestasies behaal, nl. vier goue medaljes, vyf silwermedaljes en drie bronsmedaljes.

Die volgende atlete het medaljes verower:

#### **Goud:**

Meike Strydom (diskus, gewigstoot), Hanno du Plessis, Riancke Slump.

#### **Silwer:**

Simonn Swanevelder, Carmen Olivier, Lize-Ann Minnie, CJ Niemand, Lané Coertze.

#### **Brons:**

Miré Reinstorf, Caston Michaels, Ellen Kleinsmidt.

### **SA – BYEENKOMSTE:**

#### **SA - SKOLE BYEENKOMS (Potchefstroom)**

Die volgende atlete het wel aan die SA-skole byeenkoms gaan deelneem, nl. Lize-Ann Minnie, Meike Strydom, Simonn Swanevelder, Miré Reinstorf, Carmen Olivier, Ellen Kleinsmidt, Hanno du Plessis, Jd Heyns, Riancke Slump, CJ Niemand, Lané Coertze, Caston Michaels. Ons Kwagga-atlete het sewe medaljes verower, nl.

Lize-Ann Minnie	: brons - paalspring dogters o/15
Miré Reinstorf	: brons - paalspring dogters o/17
Simonn Swanevelder	: silwer - paalspring dogters o/19
Ellen Kleinsmidt	: silwer - 4 x 100m aflos dogters o/17
Hanno du Plessis	: goud - hamergooi seuns o/19
Meike Strydom	: goud - gewigstoot dogters o/17 (SA-rekord 16,32 m)
	: goud – diskus

Meike Strydom is na afloop van die byeenkoms aangewys as die beste veldatleet van die byeenkoms.



## **SA – JUNIOR BYEENKOMS (Dalljosafat, Paarl):**

Dit raak nou al 'n gewoonte dat ons Kwaggas medaljes by bogenoemde byeenkoms verower. Ons Kwagga-atlete het agt medaljes verower, nl.

Meike Strydom	: goud - gewigstoot dogters o/19
	: silwer - diskusgooi dogters o/19
Simonn Swanevelder	: silwer - paalspring dogters o/19
Miré Reinstorf	: brons - paalspring dogters o/17
Hanno du Plessis	: brons - hamergooi seuns o/19
Carmen Olivier	: brons - hoogspring dogters o/17
Nolene van Rensburg	: brons - stap dogters o/17
Ellen Kleinsmidt	: brons - "medley" aflos dogters o/17

Die volgende atlete het ook aan bogenoemde byeenkoms deelgeneem, nl. Maretha Theron, Meike Strydom, Ancois Jordaan, Marnel Coertze, Daniël Snyman, Ryan Laruffa, Caston Michaels.

Ons is besonder trots op die volgende drie atlete wat na afloop van die byeenkoms gekies is om in Desember aan die Junior en Jeugspele (AUSC Region 5 Games) in Botswana te gaan deelneem nl. Hanno du Plessis, Simonn Swanevelder en Meike Strydom.

## **CAA Southern Region Jeug en Juniorkampioenskappe - Boksburg:**

Vier van ons topatlete het aan hierdie byeenkoms deelgeneem waar Suider-Afrika se topatlete teen mekaar deelgeneem het en ons atlete het soos volg gevaar: Meike Strydom - goud, Simonn Swanevelder - brons, Hanno du Plessis - brons en Carmen Olivier - brons.

## **SA – SENIOR BYEENKOMS - Pretoria:**

Meike Strydom het by hierdie byeenkoms 'n silwermedalje verower.

## **IAAF ONDER 20-WÊRELD KAMPIOENSKAP - Finland**

Baie geluk aan Meike Strydom wat by die bogenoemde byeenkoms 'n 5de plek behaal het. Sy het daardeur ook haar Springbokkleure verwerf. 'n Prestasie waarop ons baie trots is. Sy is maar onder 19.

## **AFRIKA SENIOR BYEENKOMS - Nigerië**

Meike het by hierdie byeenkoms meegeding teen die beste senior vroue van Afrika en het 'n bronsmedalje verower. Voorwaar 'n prestasie om op trots te wees.

## **OUDSTUDENTE:**

Baie geluk aan Jo-Ané van Dyk wat by die Afrika-spele 'n bronsmedalje verower het. Sy is ook gekies vir die Afrika-span om aan die Inter Kontinentale byeenkoms later die jaar te gaan deelneem.

***Kwaggas het altesaam sestig medaljes tydens die SA-skole, junior en senior byeenkomste verower. Baie geluk aan die bogenoemde atlete wat vir puik prestasies by die SA- byeenkomste gesorg het. Dit is die meeste medaljes wat ons skool in 95 jaar by die drie verskillende SA- byeenkomste kon verower. Kwagga-atletiek is beslis 'n krag om mee rekening te hou.***

## 17.2 BERGFIETS (A. VAN TONDER EN C. VAN DYK)

Bergfiets groei elke jaar. Ons het weer eens hierdie jaar baie prestasies bereik en die vreugde, genot en samesyn is baie vervullend.

Ons neem hoofsaaklik aan drie dissiplines deel:

Eerstens is daar die SPUR-reeks wat in 'n XCO-formaat aanneem.

Ons het gedurende 2017, 15de van al die deelnemende skole geëindig. Leonora du Preez en Tristan Nortje het ook vir die Wes-Kaap deelgeneem en onderskeidelik 11 de en sesde geëindig.

Die skool neem as 'n span deel en nadat ons al vier byeenkomste gewen het, word ons vir die tweede agtereenvolgende jaar as weners van die reeks bekroon. Tistan Nortje, Mia Bester, Jonatan van Jaarsveld, Alissa Coetzer, Christian Hattingh en Nelis du Plessis sal dan gedurende die Oktobervakansie 2018 aan die interskole finaal in Magaliesburg deelneem. Daar word ook 'n interprovinsiale skole kompetisie gehou en Tristan Nortje en Christian Hattingh is as die weners van hul ouderdomsgroepe in die Wes-Kaap span ingesluit.

Die tweede dissipline is die marathonreeks. Dit bestaan uit agt marathonne waarvan die beste vyf resultate bereken word vir 'n finale posisie in die reeks.

Twintig leerders neem hieraan deel en behaal gereeld podium posisies. Die laaste marathon word gedurende die Oktobervakansie in Plettenbergbaai aangebied.

Tristan Nortje is as die SA Marathonkampioen 2018 gekroon.

Die derde dissipline is die XCO-reeks. In die Suid-Kaap word dit die Madibaz reeks genoem. Die reeks bestaan ook uit vier bene. Die finale byeenkoms is in Oktober waarna die punte uit die beste drie vir die finale posisies bereken sal word.

Adriaan Venter en Tristan Nortje het aan die einde van 2017 Eden-kleure vir hierdie dissipline verwerf.

**Tristan Nortje** behaal 'n derde plek op die SA XCO Kampioenskappe 2018.

Die Kwaggas dra hul klere met trots en ons dank gaan aan **Safari Braai** en **Coimbra** wat ons klere borg.

## 17.3 DOGTERSHOKKIE: (MEV. B. GIBSON)

Die dogters het in groot getalle vir die hokkieproewe aangemeld en die volgende spanne kon saamgestel word: o/18 A-C, o/16 A-D, o/14 A-B. Daar was 'n effense daling in die o/18-dogters se getalle en ons kon hierdie jaar nie weer 'n o/14 C- en o/18 D-span saamstel nie. Baie dankie aan elke speler wat betyds, netjies, korrek geklee en met entoesiasme by oefeninge en wedstryde opgedaag het.

**AFRIGTERS:** Baie dankie aan elke afrigter vir ure se oefen en naweke op die sportveld.

o/18: N. Olivier, M. Potgieter, T. de Swardt, & M. Basson.

o/16: B. Gibson, V. du Toit & G. Falck.

o/14: M. Minnie, M. Kalp & C. Russouw.

**TOERNOOIE:** Drie van ons spanne het tydens die Aprilvakansie aan verskeie toernooie deelgeneem. Die o/18 B-span het aan die *York Easter Festival* deelgeneem en die o/14 A- en B-spanne het aan ons eie *Combrink & Associates Kwagga Junior Hokkieweek* deelgeneem. Ons spanne het goed presteer en waardevolle ervaring opgedoen.

Die o/18 A & o/16 A&B-spanne se toernooie is ongelukkig tydens die Aprilvakansie gekanselleer en dit het definitief 'n rol in die prestasie van die dogters tydens die seisoen gespeel.

**KWAGGA JUNIOR HOKKIEWEEK:** Kwaggas het in April die agtste suksesvolle Kwagga Junior Hokkieweek, met 'n nuwe borg **Combrinck&Associates**, aangebied. Die volgende skole het aan die o/14-toernooi vir seuns en dogters deelgeneem: Outeniqua HS (A- & B-spanne), Oakhill School, Hugenote HS (seuns), Jim Fouché HS, Pearson HS, Oudtshoorn HS, Glenwood House, Paarl Girls' High en York HS (dogters).

Baie geluk aan Paarl Girls' High wat die toernooi gewen het en die Kwagga o/14 A-dogters wat naaswenners is.

**WEDSTRYDE:** Die volgende tabelle dui die uitslae van die A- & B-spanne teen die skole in die SWD-liga aan.

Opponent	<b>o/18 A</b>	P	<b>o/16 A</b>	P	<b>o/14 A</b>	P
Punt	1-1	<b>1</b>	2-1	<b>2</b>	3-0	<b>2</b>
Riversdal	2-0	<b>2</b>	*		*	
Oudtshoorn	0-0	<b>1</b>	0-0	<b>1</b>	5-0	<b>2</b>
Sentraal	*	<b>2</b>	*	<b>2</b>	3-0	<b>2</b>
York	0-1	<b>0</b>	0-1	<b>2</b>	7-0	<b>2</b>
Glenwood	1-3	<b>0</b>	1-0	<b>2</b>	1-1	<b>1</b>
Oakhill	1-4	<b>0</b>	1-0	<b>2</b>	1-1	<b>1</b>
Lang Gim	0-1	<b>0</b>	1-0	<b>2</b>	0-1	<b>0</b>

Opponent	<b>o/18 B</b>	Pts	<b>o/16 B</b>	Pts	<b>o/14 B</b>	Pts
Punt	8-0	<b>2</b>	3-1	<b>2</b>	0-0	<b>1</b>
Riversdal	*	<b>2</b>	*	<b>2</b>	1-0	<b>2</b>
Oudtshoorn	0-0	<b>1</b>	1-0	<b>2</b>	0-0	<b>1</b>
Sentraal	2-1	<b>2</b>				
York	4-2	<b>2</b>	4-0	<b>2</b>	2-1	<b>2</b>
Glenwood	6-0	<b>2</b>				
Oakhill	2-0	<b>2</b>	1-1	<b>1</b>	4-0	<b>2</b>
Lang Gim	2-0	<b>2</b>	0-0	<b>1</b>		

## **INTERSKOLE TEEN SKOLE BUIE SWD:**

Die groot interskole sportdae het uiteenlopende uitslae opgelewer. Op 14 April neem ons teen **Paarl Girls High** (tuis) deel. Elf dogterspanne het meegeding: twee eindig gelykop en nege spanne verloor.

Op 12 Mei ding ons mee teen **HS Stellenberg** (tuis). Uit die 10 dogtershokkiespanne wat wedstryde gespeel het, het vyf gewen, twee gelykop gespeel en drie verloor.

**HTS Drostyd** op 19 Mei (weg), wen drie dogterspanne en twee spanne speel gelykop.

Interskole teen **HS Framesby** op 28 Julie (tuis), ses wedstryde gespeel en al ses spanne wen op die dag.

Interskole teen **HS Durbanville** op 4 Augustus (weg), agt spanne neem deel: ses het gewen, een span speel gelykop en een span verloor.

**Paarl Gimnasium** op 21 Julie (weg), geen dogterspan het gewen nie.

**TOERSPANNE:** Op 24 Julie besoek **St. Peter School van Engeland** die Kwaggas en speel wedstryde teen ons o/16 A- en o/18 A-spanne. Die o/16 A span verloor 1-2 en die o/18A-span wen 6-0.

**KONDISIONERING:** Dank aan mnre. W. Lutsch (senior groep) & C. Richardson (middelbaan groep) wat die spelers in die gimnasium kondisioneer. Julle lewer 'n groot bydrae tot die spanne se gesonde oefengewoontes, fiksheid en sukses.

**SKEIDSREGTERS:** Baie dankie aan mnre H. Smit, T. Terblanche, D. Grobler, R. Bernt, A. du Preez & F. Olivier, asook die hokkie-seuns en -meisies wat as skeidsregters opgetree het. Spesiale dank aan Alexander Labuschagne en Michael du Plessis wat op verskeie geleenthede as skeidsregters opgetree het.

**KOMMUNIKASIE EN PUBLISITEIT:** Me. B. Muller beman die webwerf en die Facebookblad waar die sportprogramme en uitslae deurgegee word. Baie dankie vir die bydrae tot goeie kommunikasie. Dank gaan ook aan mnr. Hugo Redelinghuis van die George Herald wat gereeld hokkiefoto's in die koerant geplaas het.

**PRESTASIE-TOEKENNINGS:** Baie geluk aan die volgende spelers wat erkenning ontvang het.

### Meriete o/14 A:

Talitha Reinstorf  
Zia Claasen  
Caro Giliomee  
Cheniél Crouse  
Michelle Human

Maya van Eck  
Shani Ehlers  
Mariska Bedeker  
Elanie Leeuwner

### Meriete o/16 A:

Caitlin Potgieter  
Nikita Labuschagne  
Jana Colyn  
Amy Wessels  
René Kemp

Marchell Barnard  
Chené Adam  
Maya Hartlief  
Christelle Saunders

Meriete 1<sup>ste</sup> span:

Mia Wessels  
Bianca Aucamp  
Lea Loock  
Mariné Kruger  
Lana le Roux  
Carla Coertze  
Alexis Demeyer

Lisha Collins  
Jana Rossouw  
Leani Jacobs  
Gemma Hoffeldt  
Ineke Ferreira  
Zanellé Myburgh

Meriete 2de span:

Danielle le Roux  
Anna-Mart Ferreira  
Megan Maartens  
Petri Esterhuizen  
Chanellé Booyens  
Monique Fechter  
Marinique van Loggerenberg

Jani Senekal  
Cornel Lamprecht  
Zinzi Dambuza  
Anel Bedeker  
Zoë Giliomee  
Amoreen Engelbrecht

Junior kleure: Eden o/14 A

Monya Lindeque  
Mila Barnard

Carina Leeuwner  
Talita van Eeden

Volkleure: Eden o/16 A

Faronay James

Cara Bergh

Volkleure met lourier: Eden o/18A

Luné van der Westhuizen

Leierskap Meriete:

o/14 A-kaptein: Mila Barnard  
o/16 A-kaptein: Jana Colyn  
2de spankaptein: Petri Esterhuizen

Leierskap Halfkleure Eerste spankaptein:

Lea Loock

## **TERUGVOER VAN DIE AFRIGTERS:**

### **o/14 A: M Minnie**

Die dogters het groei as 'n span getoon en het goeie leiers opgelewer.

Ons poog om volgende jaar nog 'n doelwagter op te lei aangesien dit hierdie jaar vir ons 'n uitdaging was.

### **o/14 B: M Kalp**

'n Groot bekommernis is leerders wat nie meer hokkie wil speel as hulle nie die A-span haal nie.

Toernooi:

Leerders sukkel omdat dit 'n A-span toernooi was, maar dit was ongelooflike ondervinding vir hulle gewees. Baie onttrek en ek moes die span volmaak met leerders wat eintlik vir die C-span gespeel het.

Seisoen:

Een van die groot uitdagings was die gebrek aan 'n doelwagter. Dankie vir Carina wat elke keer ingestaan het as een van my spelers onttrek het. My span vaar baie goed. Verloor net teen Paarl Gimnasium. Die span toon goeie gees. Die kaptein is 'n dinamiese leier en die span het na haar opgekyk en sy het almal bymekaar gehou.

### **o/14 C: C Russouw**

Wedstryde gespeel: 4

Wedstryde gewen: 1

Wedstryde gelykop: 1

Wedstryde verloor: 2

#### **Goeie aspekte:**

Die o/14C-hokkiedogters het leerders gehad wat by elke oefening was en elke wedstryd gespeel het. Ware sportmanskop asook kwaggas is dus in die span gekweek.

#### **Negatiewe aspekte:**

Die o/14C-hokkiedogters het die jaar begin met 'n hele paar leerders. Soos die seisoen gevorder het, het daar al hoe minder leerders vir oefeninge opgedaag.

## **17.4 SEUNSHOKKIE (F. OLIVIER)**

Hoërskool Outeniqua se seunshokkie het in 2018 'n baie positiewe en opwindende seisoen ervaar. Met volledige C-spanne in elke ouderdoms groep en baie entoesiastiese afrigters kon ons die jaar met vele hoogtepunte afsluit!

### **o/14A**

Die o/14A-span het die seisoen met 'n toernooi in Port-Elizabeth te Pearson begin. Hulle het teen top spanne gespeel en hulself goed van hul taak gekwyt. Die span het slegs 'n paar oefeninge voor die toernooi gehad en moes vinnig leer wat van hoërskoolspelers verwag word!

Die jaarliks Kwagga Junior Hokkie Week was die volgende uitdaging vir die seisoen. Die seuns het die heelweek goeie hokkie gespeel en met 'n bronsmedalje die toernooi afgesluit!

Die volgende leerders het in Julie aan 'n toernooi in Bloemfontein deelgeneem:

Chris Fourie

Dante Nortjé

Die span het sterk opposisie gehad die jaar en baie gegroei. Ons hou hul vordering mooi dop en is opgewonde oor die toekoms!

Baie dankie aan hul afrigter, Rene Berndt, vir die harde werk!

### **o/14B en C**

Die o/14B-span het teen A-spanne gespeel by die Kwagga Junior Hokkie Week en met ware Kwagga-flair het hierdie spelers nooit teruggestaan nie en baie mooi hokkie gespeel!

Hulle het deur die seisoen uitstekende hokkie gespeel en het slegs een wedstryd verloor. Hierdie groep toon ongelooflik baie potensiaal, en ons hoop om te sien dat almal sal aanhou om hard te werk!

Die o/14C-span bestaan uit 'n groep hardwerkende spelers wat hul hokkie baie geniet. Die span het 'n paar groot wedstryde gewen, en met die hoogtepunt van 'n 4-0 oorwinning teen Paarl Boys High.

Baie dankie vir die afrigtingspan, Cameron de Oliveira en Gertian van der Linde vir hul harde werk.

### **o/16A**

Na 'n moeilike begin van hul seisoen, met 'n toernooi wat gekanselleer was in die Kaap, het die o/16A-span ongelooflike hokkie begin speel. Die o/16A-span word genooi om aan die topskole toernooi te gaan deelneem. Hulle het teen die beste spanne in Suid-Afrika deelgeneem en agtste in Suid-Afrika geëindig.

Die hoogtepunte van die seisoen was die groot oorwinnings teen York (6-0) en Oakhill (4-0). Ons is trots op die seuns se prestasies en sien uit na die volgende seisoen.

Die volgende leerders het in Julie aan 'n toernooi in Pietermaritzburg deelgeneem.

Jaco-Hein Louw

Crispin Kaizer

Baie dankie aan Tiaan Terblanche (afrigter), Christopher Richardson (kondisionering) en Dreyer Rahl (spanbestuurder) vir 'n suksesvolle seisoen.

### **o/16B en o/16C**

Gedurende die seisoen het hulle gereeld teen A-spanne gespeel en goeie resultate behaal. Daar is verskeie spelers wat deur die jaar baie ontwikkel het en sal dus reg wees om volgende jaar die sprong na 'n A-span te maak.

Baie dankie aan mnr. Marnus Nel (afrigter) wat goeie werk verrig het.

Die C-span het gemengde welslae behaal. Dit was lekker om te sien hoe die span saam oefen en hulself deur die seisoen geniet. Die spelers se vaardighede het baie goed ontwikkel! Baie dankie aan Diwan de Kock, vir die ontwikkeling van spelers se vaardighede.

### **2de en 3de Span**

Die 2de Span het 'n uitstekende seisoen gehad. Hulle wen 12 uit die 16 wedstryde. Die derde span het hard gewerk en wanneer hulle die geleentheid gekry het om 'n wedstryd te speel het dit goed gegaan. Baie dankie aan Aniel du Preez wat altwee groepe hanteer het en sodoende gesorg het dat die spelers goed ontwikkel het. Ons sal graag wil sien watter van hierdie spelers volgende jaar by die 1ste Span gaan aansluit!

### **1ste Span**

Die 1ste Span het 'n besige en suksesvolle seisoen gehad. Orals waar ons gegaan het, het die spelers 'n goeie indruk geskep met hulle goeie en vinnige spel, met hul gedrag op en van die veld af. Hulle was waarlik ambassadeurs van die skool.

Die span speel 32 wedstryde teen van die sterkste skole in die land. Hulle het slegs vier van hierdie wedstryde verloor en vyf gelykop gespeel.

Hulle wen 23 wedstryde in die seisoen en teken 100 doele aan. Die span het slegs 23 doele afgestaan, en eindig dus die seisoen met 'n positiewe doelverskil van 77. Alhoewel die resultate goed was, is daar altyd ruimte vir verbetering.

Spesiale melding moet gemaak word van die volgende prestasie:

- 100 Wedstryde vir Outeniqua se eerste Seunshokkie Span: Chairo Africa en Marc Fouché
- Meeste doele vir die 1ste Span: Ruach Roux (37)
- Speler van die toernooi by Fairmont en Oakhill se fees: Ruach Roux.

Baie dankie aan Fred Olivier (afrigter) wat hierdie jaar reeds 100 keer as afrigter die span gebrei het. Dankie ook aan Walter Lutsch vir sy uitstekende kondisionering gedurende die seisoen.



## 17.5 GHOLF( HJ SMIT)

Hoërskool Outeniqua het vanjaar met 'n jong span aan die toernooie deelgeneem. Die spanne het hoofsaaklik uit Graad 8 tot 10-leerders bestaan. Outeniqua het aan dogters die geleentheid gegee om op Woensdae afrigting by Fancourt te kry.

Hoërskool Outeniqua gholf het aan twee groot toernooie in 2017 deelgeneem:

- Afrikaans Hoër Seunsskool se uitnodigingstoernooi waaraan ses junior seuns deelgeneem het.
- Grey College PE se uitnodigingstoernooi waar net graad 8 tot 10-leerders deelgeneem het.
- Outeniqua eindig derde in die Suid-Kaap kampioenskappe vir 2017.
- Outeniqua speel teen Framesby en Paarl Gimnasium en behaal oorwinnings.

Baie geluk aan Eben Spangenberg en Christo Lamprecht wat die Suid-Kaap gedurende 2018 verteenwoordig het.

Baie geluk aan Christo Lamprecht wat Suid-Afrika verteenwoordig het.

### Christo Lamprecht se gholfprestasies oor die afgelope jaar:

#### Suid-Kaap Ope Amateurtoernooie

- Wenner: *Goose Valley Ope, Goose Valley, Plettenbergbaai* (Mei 2018)
- Tweede: *Plettenbergbaai Ope, Plettenbergbaai CC* (Junie 2018)
- T3: *Sanlam Cape Province Ope, Kingswood & George GC* (Februarie 2018)

#### Nasionale Juniortoernooie

- Lid van die GOLFRSA Nasionale Span
- Wenner: *Lion of Africa Junior Championship, Clovelly GC, Kaapstad* (Oktober 2017)
- Wenner: *NOMADS Inland NOOM, Johannesburg CC* (Desember 2017)
- T2: *Final of Bridge Fund Managers Junior Series –South Tournament*
- T4: *NOMADS Inland NOOM, Benoni Country Club* (Januarie 2018)
- 4<sup>th</sup>: *SA Boys U/19 Stroke Play, Woodhill Country Club* (April 2018)
- T5: *SA Boys U/19 Match Play, Woodhill Country Club* (April 2018)
- Wenner: *Dimension Data Junior Open, Fancourt & Kingswood* (Junie 2018)

#### Nasionale Ope Amateurtoernooie

- Wenner van *African Amateur Team Championship* as lid van die SA Juniorspan
- 2<sup>de</sup>: *African Amateur Stroke Play Championship, Glendower Golf Club* (Februarie 2018)
- T9: *Sanlam SA Amateur Match Play, Durban Country Club* (Februarie 2018)
- 4<sup>de</sup>: *Boland Amateur Stroke Play, Worcester GC* (April 2018)
- 3<sup>de</sup>: *WP Amateur Stroke Play, Milnerton GC* (April 2018)
- Gekies vir die 2018 SA Premier IPT Span by Oubaaai GC (September 2018)

#### Internasionale Ope Amateurtoernooie

- Kwalifiseer en speel die *BMW SA Open Kampioenskap, Glendower GC* (Januarie 2018)
- Wenner: *East of Ireland Open Amateur Kampioenskap, County Louth, Ireland* (Junie 2018)
- Christo Lamprecht is die jongste buitelandse speler om in 76 jaar as die kampioen bekroon te word.
- T8: *St Andrews Links Trophy, Skotland* (Junie 2018)
- T11: *Junior Players Invitational Tournament – TPC Sawgrass, Jacksonville, VSA* (September 2018)

Baie dankie vir die ouers wat hulle kinders so ondersteun en die skool met die toernooie help.

## **17.6 KRIEKET: (J. ELS)**

Die krieketspanne van die Hoërskool Outeniqua het 'n besondere goeie seisoen beleef en Hoërskool Outeniqua se naam met trots in die Eden en George gedra.

### **Ligas**

Krieket in Hoërskool Outeniqua is gesond met twee spanne wat in die EDEN-Superligas en twee2 spanne in die Promosieliga deelgeneem het.

### **SWD-superliga, Coca Cola T20.**

Die o/19A's het aan die nasionale T20-kompetisie deelgeneem en die finaal teen Langenhoven Gimnasium gewen. Hulle het verder teen die WP en Boland wenner in Kaapstad gaan deelneem en hul baie goed van hul taak gekwyf. Matthew Thorne is vir die Nasionale All Star span wat in Johannesburg in die kompetisie se finaal deelgeneem het gekies.

In die Eden Superliga het die eerste- en o/15 A-span onoorwonne in hul onderskeie ligas geëindig.

Die o/19B- en o/15B-span het goed gevaar in die Promosie-liga teen die ander skole se A-spanne.

### **Provinsiale Spelers: EDEN**

Op provinsiale vlak word Hoërskool Outeniqua goed verteenwoordig met spelers in al die ouderdomsgroepe Eden-kleure ontvang het. Hulle is:

#### **o/19 A**

Odin le Roux

#### **o/17 A**

Armin Kadé

Zinedine Robinson

Matthew Thorne

Ruan Joubert

#### **o/15 A**

Schalk Vermeulen

Matthew Thorne het weer eens van Krieket Suid-Afrika (CSA) 'n studiebeurs ontvang ter erkenning van sy volgehoue goeie spel en talent.

## **17.7 MUURBAL (NJ ZANDBERG)**

Die muurbal is hierdie jaar deur Me Nicola Zandberg, Me Lenelle Taljaard en Mnr Monré Swanepoel (afriqter) hanteer. Daar was ongeveer 30 spelers met een span in die A-liga asook twee spanne in die B- en C-liga onderskeidelik. Ons het 'n uitstekende jaar met pragtige prestasies beleef.

### **PRESTASIES VAN SPELERS**

#### **EDEN-SPELERS:**

Hierdie jaar het 12 spelers die Edenspan (voorheen SWD) gehaal en het aan die SA Plattelandtoernooi in Bloemfontein deelgeneem.

#### **o/14 A**

Áine Ferreira  
Malan Viljoen  
Philip Myburgh  
Uys Cronje

#### **o/16A**

Carmen Venter  
Chloê Landsberg  
Estian de Kock

#### **o/19A**

Alouise Campher  
Hilge Halbich  
Lloyd Landsberg  
Reynier van Rooyen  
Tinus Botes

#### **SA PLATTELANDSPELERS:**

**Die volgende 9 spelers is in die SA Plattelandspan opgeneem wat EDEN by die INTERPROVINSIALE TOERNOOIE verteenwoordig het:**

#### **o/14**

Philip Myburgh (A-span)

#### **o/16**

Carmen Venter (A-span)  
Chloê Landsberg (A-span)  
Estian de Kock (B-span)

## **o/19**

Alouise Campher (A-span)

Hilge Halbich (A-span)

Lloyd Landsberg (A-span)

Reynier van Rooyen (B-span)

Tinus Botes (B-span)

### **SPELERS IN SUID-AFRIKAANSE SPANNE OPGENEEM:**

Alouise Campher het weer eens die uitsonderlike prestasie behaal deur opgeneem te word in die o/19-dogters SA Muurbalspan. Daar is ongelukkig nie die jaar 'n toernooi vir die span nie.

### **UITSLAE VAN A-LIGA WEDSTRYDE:**

Die eerstespan het vir die derde opeenvolgende jaar die A-liga gewen. Baie geluk aan ons spelers met hierdie volgehoue pragtige prestasie.

### **A-C LIGA uitslae**

	<b>AANTAL GEWEN</b>	<b>AANTAL GELYKOP</b>	<b>AANTAL VERLOOR</b>
<b>A-LIGA</b>	<b>18</b>	<b>0</b>	<b>2</b>
<b>B-LIGA</b>	<b>18</b>	<b>0</b>	<b>2</b>
<b>C-LIGA</b>	<b>33</b>	<b>0</b>	<b>12</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>69</b>	<b>0</b>	<b>16</b>

## **17.8 NETBAL (MEV. H. VAN ROOYEN)**

Kwagga-netbal spog hierdie jaar met 26 netbalspanne wat aan verskeie toernooie, liga's en interskolewedstryde deelgeneem het. Ons het die afgelope seisoen bykans 227 wedstryde gespeel. Vyf nuwe afrigters het by die afrigtingspan aangesluit: E. Davis (o/14 E en F), T. Moore (o/15 C en D), A. van der Mescht (o/17 A en o/16 A) en L. Hayes (o/17 C en D). Me Luddick het ook later in die jaar by ons aangesluit. Ons het ook gebruik gemaak van twee buite-afrigters, naamlik mee. H Terblanche (o/16 en o/17B), en D. Pretorius (o/15 en o/16 E).

Ons 2018-netbalseisoen het al vroeg begin met deelname van ons A-spanne aan die Loerietoernooi te Wittedrift. Hierdie was 'n ideale geleentheid vir beide afrigters en spelers om hul voete vir die besige seisoen te vind.

Gedurende die Maartvakansie het die o/18 A-span aan die welbekende Waterklooftoernooi deelgeneem, waar hulle groot welslae behaal het. Outeniqua-spelers het hulself deeglik laat geld en goeie oorwinnings behaal. Die Paarl Gimnasiumtoernooi waaraan die o/14 - o/16 A-spanne sou deelneem, is enkele dae voor die skool gesluit het, gekanselleer.

George-streeksproewe het aan die begin van die tweede kwartaal plaasgevind met die Edenproewe kort daarna. Die Wes-Kaapproewe het vanjaar in Mei te Caledon plaasgevind.

Baie geluk aan die volgende spelers wat tot die Edenspanne verkies is. Hierdie spelers het gedurende die Julievakansie aan die Interdistriktoernooi deelgeneem:

o/14: Juanette Spangenberg

o/15: Lise Norman, Ruschan Juries.

o/16: Minke Scheun, Heimne Esau, Ancois Jordaan.

o/17: Tonelle Alberts en Chevonney Jantjies.

o/18: Anuchka Julyan

Lise Norman en Ancois Jordaan is as onderkaptein van hul onderskei spanne aangewys en Minke Scheun as kaptein.

Outeniqua-netbal spog vanjaar met vyf Wes-Kaap spelers. Hierdie groep het gedurende die Julievakansie aan die *All Ages Toernooi* in Boksburg deelgeneem:

o/15: Kayley Muller en Lané Coertze

o/17: Alicia Hannes

o/18: Michelle Groves en Charné van der Westhuizen.

Lané Coertze is tot onderkaptein en Michelle Groves tot kaptein van hul onderskeie Wes-Kaapspanne verkies. Michelle Groves is nog elke jaar van 0/14 tot 0/18 as die kaptein van haar Wes-Kaapspan aangewys.

Michelle Groves het van 25 Mei tot 2 Junie 2018 aan die 0/18 *International Netball Event* in Queensland, Australië gaan deelneem en Proteakleure in Netbal verower. Kort na haar terugkoms, is Michelle weer eens gedurende die *All Ages Toernooi* tot die SA o/19-netbalgroep verkies. Dit is vir Hoërskool Outeniqua 'n groot voorreg om Michelle Groves geluk te wens met haar verkiesing tot hierdie groep. Ons skool is voorwaar trots op haar besonderse prestasie.

Die o/14 A-, o/16 A- en o/18 A- spanne was streekswenners en het tesame met die o/15 A- en o/17 A- spanne deurgedring om aan die Wes-Kaap Topskoletoorndooi deel te neem.

Ons eerste netbalspan het vanjaar in die skool se 95ste bestaansjaar geskiedenis gemaak. Tydens die Wes-Kaap Topskole het die eerstespan onder die Top 3-spanne in die Wes-Kaap geëindig en aan die Nasionale Topskoletoorndooi in Boksburg gaan deelneem. Gedurende hierdie toernooi het die span deurgedring tot die Top 8-skolenetbalspanne in die land. Hierdie agt spanne het van 8 tot 12 Augustus 2018 deelgeneem aan die *Elite Toptoorndooi* te Wits Universiteit om hul posisie op die Top 8-ranglys van Suid-Afrika te bepaal. Tydens hierdie toernooi het ons 'n sewende posisie op die SA skoleranglys behaal, wat 'n eerste vir enige netbalspan van Hoërskool Outeniqua is. Baie geluk aan Mnr en Mev Stronach en aan elke eerstespandogter. Julle dissipline op en van die baan was voorwaar 'n voorbeeld waarna elke dogter kan streef. Dankie vir die Kwagga-netbalbeeld wat julle tydens hierdie seisoen met integriteit gedra het. Hierdie is voorwaar 'n hoogtepunt vir elke matriek eerstespanspeler om jou netballoopbaan aan Hoërskool Outeniqua op so 'n ongelooflike hoë noot te kon afsluit.

Baie geluk aan die volgende spelers wat erkenning ontvang het:

## **MERIETE**

Landi Nell  
Courtney Impondo  
Áine Ferreira  
Sharlene Swanepoel  
Lize-Anne Minnie  
Neline Naudé  
Marizelle du Plessis  
Christelle Retief  
Abigail Smith  
Jani Schmidt  
Shané Kruger  
Chané Deyzel  
Deàndri Boucher  
Carmi Scholtz  
Anya de Jager

Zani du Plessis  
Simoné Botha  
Nicola Putter  
Riancke Slump  
Anuk Maloney  
Le-Zhaun Saaiman  
Anna de Villiers  
Elzé Burger  
Charné Pretorius  
Luka Rossouw  
Inge Jacobsohn  
Carla Nel  
Munae Troskie  
Chrisna Strydom  
Janet Kruger

## **MERIETE (Leierskap)**

Nicola Putter  
Christelle Retief

Lané Coertze  
Alicia Hannes

## **HALFKLEURE**

Juanette Spangenberg  
Lise Norman  
Tharien Kruger  
Nika Wolmerans  
Rianli Badenhorst

Ruschan Juries  
Adéle Agenbag  
Elri Neethling  
Chané Gricius

## **HALFKLEURE (Leierskap)**

Tharien Kruger

## **JUNIOR KLEURE**

Lané Coertze

Kaley Muller

## **VOLKLEURE**

Heimne Esau

Minke Scheün

Ancois Jordaan

Chevonney Jantjies

Tonelle Alberts

Anuchka Julyan

Alicia Hannes

## **VOLKLEURE (Leierskap)**

Minke Scheün

## **VOLKLEURE MET LOURIER**

Charné van der Westhuizen

## **VOLKLEURE MET LOURIER (Leierskap)**

Michelle Groves

## **NOBILITAT LABOR EN EREKLEURE**

Michelle Groves

Op plaaslike gebied het ons B-, C- en D- spanne aan die George-streek liga deelgeneem. Ons is trots op ons spanne wat baie goed gevaar het.

Interskole, teen skole buite ons streek, het uiteenlopende welslae gelewer en ons spanne het waardevolle ervaring opgedoen. Ons beplan om Kwagga-netbal in 2019 tot groter hoogtes te neem.

Ek wil graag die volgende afrigters bedank vir die lang ure wat hulle die afgelope seisoen aan Kwagga-netbal spandeer het. Mee. M.Stronach, S. Zwiegelaar, M. Eygelaar, E. Kaplan, J. Minnie, E.Davis, T. Moore, A van der Mescht, L Haynes, T. Luddick en E. Nieuwoudt. Dankie vir julle ongelooflike entoetiesme en passie. Baie dankie aan ons twee buite-afrigters mee. H. Terblanche en D. Pretorius. Julle het jul afrigtingstaak met onderskeid en professionaliteit uitgevoer. Dankie aan me E. Rautenbach vir die hantering van die tegniese tafel tydens tuiswedstryde.

In die besonder dank aan Mnr. en Mev. Stronach wat vanjaar hul agtste seisoen as spanbestuurder en afrigter van die eerste netbalspan voltooi het. Dit wat julle oor die afgelope agt jaar vir Hoërskool Outeniqua se eerste netbalspanne gedoen het, is van onskatbare waarde. Dankie vir julle lang ure van beplanning, afrigting en naweek op naweek wat julle onbaatsugtig opgeoffer het vir 'n sport waarvoor julle 'n ongelooflike passie het.

Baie dankie aan die borge van die eerste netbalspan: *Henties, Kempston Motors, Bottelierskop en Mercedes*. Ons spelers het die borge se naam hoog gehou. Besondere dank ook aan Henties wat vanjaar die afrigters se rompies en bippies vir die A en B-spanne geborg het. Dit word hoog op prys gestel. Dankie aan mnr. Nico Bezuidenhout van *Southern Cape Sport Tours* vir die borg van die afrigters se baadjies.

Dankie aan mnre W. Lutz en C. Richardson vir die puik kondisionering van ons spelers. Ook aan mee. R. Lamprecht, B. Müller, me M. Stronach en Mnr Stander vir die skakelwerk tussen die skool en die gemeenskap.

Spesiale dank aan mnr. P. Cloete (adjunkhoof: Sport) vir al die reisreëlings en ondersteuning gedurende die seisoen. Baie dankie aan mnre.F. De Swardt en F. Botha vir die instandhouding van ons netbalbane. Aan mee. I. Brink en H. Erasmus tesame met hul noodhulp-leerders, baie dankie vir toegewyde diens wat tydens die netbalwedstryde gelewer is.

Dankie aan die volgende SA-gegradeerde skeidsregters wat opgetree het: mee. L. Odendaal, M. Wolmerans, C Booysen, N. Schmidt en P. Pienaar. Ons waardeer julle bereidwilligheid en betrokkenheid.

Dankie aan elke ouer en ander belangstellendes wat die spelers so getrou langs die bane ondersteun het. Sonder 'n gesonde ouer-ondersteuningsbasis sou Kwagga-netbal nie vanjaar soveel sukses kon bereik nie.

Ten slotte dankie aan ons Hemelse Vader wat ons deur die seisoen veilig bewaar en van ernstige beserings vrywaar het. Dankie vir die gawe om met talentvolle dogters wat 'n passie vir netbal het te kon werk.

Ons sien uit na 'n bedrywige en suksesvolle 2019-seisoen.

### **17.9 RUGBY (J. JANSEN VAN RENSBURG)**

Die Hoërskool Outeniqua het die jaar op die rugbyveld met 13 spanne teen die beste skole in Suid-Afrika kragte gemeet, en hulle goed van hulle taak gekwyd.

Hoërskool Outeniqua word as die nr. 8 rugbyskool in Suid-Afrika aangewys. Hierdie ranglys neem die laaste vyf jaar se A-spanne se uitslae in ag en ons is ook dan weer die toprugbyskool in die Suid-Kaap.

Ons kyk terug op 'n suksesvolle jaar en is ook baie opgewonde vir die toekoms van Kwagga rugby.

### **STATISTIEK 2018 (SPANNE WAT 5 OF MEER WEDSTRYDE GESPEEL HET)**

<b>SPANNE</b>	<b>GESPEEL</b>	<b>GEWEN</b>	<b>VERLOOR</b>	<b>GELYK</b>	<b>WEN%</b>
o/14 C	5	2	3	0	40
o/14 B	7	1	5	1	21
o/14 A	13	6	6	1	50
o/15 B	10	5	5	0	50
o/15 A	13	7	4	2	62
o/16 C	5	3	2	0	60
o/16 B	10	4	6	0	40
o/16 A	13	11	2	0	85
o/19 C	11	4	7	0	36
o/19 B	10	5	5	0	50
o/19 A	14	7	7	0	50

### **EERSTESPAN**

Die eerstespan het nie die jaar baie goed begin nie. Gedurende die Aprilvakansie verloor ons albei die wedstryde by die Noord-Suid Toernooi in Pretoria. Direk na die toernooi het ons egter by die *World Schools* rugbyfees in die Paarl teen St Ignatius (Amerika) met 91-0 en ook teen 'n Italiaanse skolespan onself weer op die wenpad met 'n telling van 47-13 gesit.

Ons behaal goeie oorwinnings oor EG Jansen (34-31) by die Wildeklawer Superskole toernooi, Stellenberg (31-22), Langenhoven Gimnasium (50-7), Framesby (22-14) en Durbanville (47-13).

Die span sluit die seisoen af deur 19de op die rugby365 se ranglys te eindig.

Ons sien ook uit na 'n splinternuwe interskole in 2019 teen die Hoërskool Waterkloof van Pretoria.

Baie geluk aan die volgende o/18-spelers wat in die onderskeie provinsiale spanne opgeneem is.



## **CRAVENWEEK: (VYF SPELERS)**

Pieter Ferreira, Ridge Gaffley, Abré Minnie, Braam van Huyssteen, Brian Williams.

## **AKADEMIEWEEK: (SEWE SPELERS)**

Auburn Bezuidenhout, Jonathan Joseph, Eldon Lotz, Herschelle Otto, André Pretorius, Zinedine Robinson.

Baie geluk aan Bennett Nortje wat as kaptein van die span aangewys is.

## **SWD o/20 CURRIECUP: (DRIE SPELERS)**

Darryn Fortuin, Sergio Stalmeester, Aylan Schabert

Baie dankie aan mnre. Abré Minnie, Jacques Wolfaardt, Henry Grimes, Jeandré Blom (afrigters), Walter Lutsch (kondisionering), Piet Cloete (spanbestuurder) vir julle harde werk gedurende die seisoen. Dankie ook aan mnre. Rynard van As (skoppers) en Ian Hattingh (skrums) wat as spesialiste op hul gebiede opgetree het.

## **TWEEDESPAN:**

Ons o/19B-span het die jaar op 'n goeie noot afgeskop deur albei hulle wedstryde by die Noord-Suid Toernooi te wen en hulle reken met Garsfontein (29-26) en Menlopark (26-23) af.

Die Daisies toon fantastiese spangees met 'n positiewe gesindheid en onbaatsugtige karakter.

Baie geluk en baie dankie aan mnre. Braam Tukker en Vernon Muller vir hulle harde werk.

## **DERDE- EN VIERDESPAN:**

Hierdie spanne speel met 'n goeie gesindheid en lewer altyd net hul beste vir hul skool. Ons sal graag meer wedstryde, veral vir die vierde en vyfde spanne wil reël om seuns meer geleentede te gee om te speel. Die derdespan het veral in hulle oorwinning teen Framesby (31-19) vir ons gewys dat ons diepte in die toekoms net beter gaan raak.

Baie dankie aan mnre. Piet Cloete en Anton Hattingh wat die spanne afgerig het vir hul harde werk.

## **o/16-SPANNE:**

Die o/16 A-span het 'n geslaagde seisoen gehad. Hulle neem aan die Paarl Gimnasium Prestige Toernooi deel waar hulle al drie hul wedstryde onder andere Waterkloof (40-3) en Monument (18-3) wen.

Uitstekende oorwinnings is oor Paarl Boys High (26-21), Stellenberg (48-14), Drostyd (34-25), Framesby (58-3) en Durbanville (64-3) behaal. Die span het ook onoorwonne van die Wildeklawer Toernooi teruggekome waar hulle met Glenwood en Menlopark afgereken het.

Baie geluk aan die o/16 A-span wat die nr. Twee posisie op die nasionale ranglys beklee.

Die o/16 B en C-span het ook bestendig presteer en hulle samespel het ons beïndruk.

Baie geluk en dankie aan mnre. Deon Minnie, Jaco Jansen van Rensburg, Naas Gibson, Charl Kitching, Wian Small (afrigters), Christopher Richardson (kondisionering) vir 'n wonderlike jaar.

## **GRANT KHOMOWEEK:**

Daar word 14 spelers van Hoërskool Outeniqua in die SWD-span opgeneem:

Ayden Booysen, Braydon Booysen, Francois Breytenbach, Leonardo Coetzee, Marno de Koker, Philip Fouche, Lyle Jansen, Johann Jördens, Chadley Josias, Caston Michaels, Henry Tromp, Schalk Vermeulen, Laurence Victor.

Baie geluk ook aan Tinsley Stuurman wat as kaptein van die span aangewys is.

## **o/15- SPANNE:**

Die o/15 A- span beleef ook 'n goeie seisoen. Hulle neem aan die Canon Junior Rugbyweek deel en wen al drie hulle wedstryde teen Boland Landbou (10-3), Diamantveld (61-0) en Grey High (31-7). Hulle lewer goeie spel teen Stellenberg (40-7), Framesby (57-10) en 'n spannende gelykopstryd teen Paarl Gimnasium (op hulle tuisveld) het die jaar goed afgesluit.

Die B- en C-spanne speel ook goeie rugby. Die B- span het weer eens met 'n paar ander skole se A-spanne die jaar afgereken, baie dankie vir julle goeie gesindheid.

Baie geluk en dankie aan mnre. Robert Gerber, Jaques Els, Hendri Swanepoel en Coenie Strydom vir hulle harde werk.

## **o/14- SPANNE:**

Die o/14 A- span het 'n jaar beleef waar 'n bietjie meer geluk aan hulle kant dalk 'n goeie seisoen in 'n uitstekende seisoen kon verander het. Hulle neem deel aan die Canon Junior Rugbyweek en klop Waterkloof (34-17) en HTS Middelburg (17-0). Goeie oorwinnings is teen Glenwood (17-14), Framesby (10-5) en Oakdale (19-7) behaal.

Die B- en C-span speel ook goeie rugby en ons hou julle entoesiasme vir die toekoms dop.

Baie geluk en dankie aan mnre. Liaan Scriven, Ian Hattingh, Steyn van Loggerenberg, Jacques Till vir baie ure se harde werk.

## **CRAVENWEEK o/13**

Baie geluk aan Jacquin Ruiters en El-Thearin Meintjies.

## **SEWES RUGBY:**

### **LANGERRY o/17-SEWES:**

Die Outeniqua o/17-sewesspan het op 24 Augustus aan die Langerry Sewes Toernooi in Port Elizabeth gaan deelneem. Die Kwaggas eindig eerste in hulle groepwedstryde met groot oorwinnings oor Cillié (39-7), Nico Malan (29-7) en Kwazakhele (42-0). In die kwarteindstryd klop ons Despatch (21-14), maar val ongelukkig vas teen Grey in die halfeindstryd (17-24) en eindig die toernooi met 'n algehele derde plek.

## **FIRST CHOICE o/19-SEWES:**

Ons sewesspan neem op 1 September aan die *First Choice Sewes Toernooi* in Humansdorp deel. Die span speel uitstekende rugby met sewe o/16- spelers en vier o/17-spelers in 'n o/19-toernooi. In die groepwedstryde klop ons Brandwag 24-7 en Despatch 38-17.

In die kwarteindstryd klop ons Nico Malan 26-12 en in die halfeindstryd ook vir Grey 26-17. Ongelukkig val die span vas in die finaal teen Paarl Boys High. Die span word as naaswenners aangewys.

## **PAARL SEWES:**

Die Marius Schoeman Sewes Toernooi in die Paarl het weer eens groot kompetisie en opwinding opgelewer. Outeniqua klop Melkbos 24-12, HTS Drostdy 31-12 en Paarl Boys High Uitnodigingspan 36-12 en eindig tweede in hul groep. In die uitspeelwedstryd klop die Kwaggas die 2017 wenners Paul Roos met 26-15. In die kwarteindstryd kom ons teen die Noordvaal wenners, Garsfontein te staan en wen 19-12. Ons verloor ongelukkig 24-28 teen Paarl Boys High, maar eindig die toernooi in die top vier uit dertig spanne.

## **ONDERSTEUNING:**

Baie dankie aan mnre. Hans Daehne, Walter Lutch en Christopher Richardson wat wondere met ons seuns op die gebiede van biokinetika en gimnasiumwerk verrig.

Die dienste van ons fisioterapeut, Wessel Minnie, en mediese dokters dr.M Herbst, dr. Beneke asook dr. Tommie Smook word opreg waardeer.

Ons grootste dank moet aan ons Hemelse Vader gaan wat ons weer eens deur 'n ongelooflike seisoen gedra het en ons veilig bewaar het.

Dankie ook aan ons borge, ouers en ondersteuners vir hulle volgehoue ondersteuning van Outeniqua rugby.

## **WAT IS KARAKTER?**

**Dit is om in jouself, jou span en 'n krag wat van binne kom te glo.**

## **KARAKTER**

**Gee alles wat hy het omdat niks anders goed genoeg is nie.**

**DIT IS RESPEK VIR ALMAL omdat elkeen ons deel het om te doen.**

## **KARAKTER**

**Is die moed om jouself te toets en die wysheid om te weet, ons is sterker saam.**

**RUGBY bou sedert 1823 karakter.**

## **17.10 SKAAK (Y. PITTS)**

### **Uitsonderlike prestasies:**

Nicola Putter het tydens die Aprilvakansie aan die SA Junior Geslote Skaak Kampioenskappe in die dogters o/14-afdeling deelgeneem. Sy het die toernooi gewen en daarmee saam verwerf sy die titel van SA o/14-dogters skaakkampioen. Op grond hiervan verteenwoordig sy Suid-Afrika by die Wêreld Jeug Skaak Kampioenskappe in Oktober in Griekeland en kwalifiseer sy outomaties om deel van die SA o/16-Olimpiade span te wees. Hierdie span neem teen die einde van die jaar aan die Wêreld o/16-Olimpiade in Turkye deel.

Na afloop van die Wes-Kaap Individuele toernooi was Suné Swart (o/18-dogters) en Wikus Jordaan (o/15-seuns) gekies om die Wes-Kaap span by die "National Winter Games" te verteenwoordig. Hierdie toernooi was ongelukkig gekanselleer weens die borg wat onttrek het.

### **Topskole uitslae:**

#### **Eden Topskole:**

o/17 gemeng - 1ste  
o/15 A gemeng – 1ste  
o/15 B gemeng – 3de  
o/15 meisies – 1ste

#### **Wes-Kaap Topskole:**

Onder 17 gemeng – 3de  
Onder 15 gemeng – 2de (gelyk 1ste m.b.t punte)  
Onder 15 meisies – 3de

### **SAJSK:**

Die volgende leerders het plekke in die Eden skoleskaakspanne verwerf, vir deelname aan die 2018 SA Junior Skaakkampioenskappe:

#### **o/16 Gemeng:**

Cameron Botes  
Grant Campbell  
Bianca de Villiers  
Corné Fourie

Wikus Jordaan  
Jan-Abraham Mostert  
Juan Odendaal  
Nicola Putter

#### **o/16 Meisies:**

Lauri-Kay Michaels  
Janke Muller

#### **o/18 Gemeng:**

Kyle Beukes  
Nelis Smit  
Suné Swart

#### **o/18 Meisies:**

Anje Campbell

## **17.11 SWEM (C. VAN ZYL)**

Leerders wat aan swem deelneem, is aan klubs verbonde. Hulle swem om kwalifiserende tye te behaal vir galas op verskillende vlakke. Vlak 1 en 2 streekgalas sowel as 'n enkele nasionale gala word gehou. Die volgende leerders het aan die onderskeie galas deelgeneem:

### **Vlak 2**

Christelle Kruger  
Luné van der Westhuizen

### **SA Junior Nasionale Gala**

Andre Kleynhans  
Gustav Schlechter

Die volgende Kwaggas het die skool op die areas soos aangedui verteenwoordig:

### **Edenkleure**

Andre Kleynhans	Larize Goosen
Christelle Kruger	Marnus Kotze
Gustav Schlechter	Eugene vd Merwe
Lara Schlechter	Leoh Venter
Luné van der Westhuizen	Marnis Grobler
Michelle Human	

### **SA Jeug Kampioenskappe**

Andre Kleynhans  
Gustav Schlechter

## **17.12 TENNIS (A. WARREN)**

Hoërskool Outeniqua Tennis het 'n baie suksesvolle jaar beleef - spelers het hul deeglik laat geld tydens ligawedstryde, skooltoernooie en die nasionale toernooie waaraan deelgeneem is.

### **EDEN Skole Liga**

Ons het ses spanne in die provinsiale liga ingeskryf. Die eerste dogterspan het hul klas getoon en alle ligawedstryde gewen. Die jong seunspan toon ook groot belofte en 'n blink toekoms word vir hul voorsien.

### **Tjaart Vorster Tennistoernooi - Cradock**

Tydens die Tjaart Vorster Tennistoernooi in Cradock het die dogters tennis uit die boonste rakke gelewer en is as kampioene gekroon. Baie geluk!

### **EDEN - spelers 2017**

Sestien tennisspelers het provinsiale kleure verwerf.

## **EDEN Inter Provinsiale Toernooi (IPT)**

o/19

Bernice Bezuidenhout  
Natasha Smit  
Jaymi-Lee Bezuidenhout  
Arancha Fortuin  
Jewlin Jonkers

o/15

Arno Colyn  
Louis Fourie

## **EDEN by ander Provinsiale toernooie**

o/19

Chané Gricius  
Maaïke Ferreira  
Natasha Smit  
Anna de Villiers

o/16

Susan Nortjé  
Mariesa du Plessis  
Sharlene Swanepoel  
Arno Colyn  
Eathan Crouse  
Tiaan Basson  
Pieter Breytenbach

Baie dankie aan alle spanbestuurders vir hul moeite met bywoning van ligawedstryde asook die ondersteuning van alle tennisouers.

## **17.13 TWEEKAMP, BIATHLE, TRIATHLE, DUATHLE EN LAZERRUN: (I GIBSON)**

Hoërskool Outeniqua tweekamp-atlete het weer eens vir 'n uitsonderlike seisoen gesorg.

In Februarie neem 11 Kwagga Tweekamp atlete aan die 27ste Highgate Inter Tweekamp Kampioenskappe in Oudtshoorn deel.

500 atlete uit sewe provinsies het deelgeneem. SWD behaal algeheel derde plek en Outeniqua het eerste in die skole afdeling geëindig. Drie atlete wat besonders gevaar het, was:

Gustav Schlechter (goud)  
Lara Schlechter (brons)  
Andre Kleynhans (silwer)

Baie geluk aan die volgende Tweekamp-atlete wat hulle puik van hul taak gekwyt het tydens die 43ste Jaarlikse S.A Tweekampkampioenskappe te Pretoria wat in Maart plaasgevind het.

Die volgende atlete het hul provinsie se naam hoog gehou:

o/15 seuns: Christian Hattingh  
Mattias Erasmus

o/15 dogters: Elize Smook

o/17 seuns: Gustav Schlechter (goud, seuns o/17, 2367 punte)

o/17 dogters: Jade Borrett  
Abigael Grobler

o/19 dogters: Lara Schlechter (onderkaptein, brons, dogters o/19, 2381 punte)

Ekstras: Andre Kleynhans (spankaptein)  
Larize Goosen

Reserwes: Christel Smook

#### **Biathle:**

Andre Kleynhans en Stefan Schoeman is gekies om die Wes-Kaap te verteenwoordig by die SA Biathle en albei het pragtig gevaar.

#### **Triathle:**

Stefan Schoeman het 'n vierde plek by die SA's behaal en is gekies om Suid-Afrika in die Wêreldbyeenkoms in Egipte in Oktober te gaan verteenwoordig. Ons wens hom alle sterkte toe!

#### **Duathle:**

Christian Hattingh het 'n bronsmedalje in die SA's losgeslaan.

#### **Spesiale melding:**

Outeniqua Hoërskool se Tweekamp-atlete is as Suid-Afrika se nommer een skolespan gekroon.

#### **Leerders wat erekleure ontvang:**

Elize Smook  
Christian Hattingh  
Mattias Erasmus  
Andre Kleynhans (span-kaptein) 6de plek met 2246 punte  
Jade Borrett (5de plek met 2274 punte, dogters o/17)  
Larize Goosen  
Abigael Grobler  
Christel Smook

Lara Schlechter (3de plek met 2381 punte, brons, dogters o/19)

Gustav Schlechter (1ste plek met 2367 punte, goud, seuns o/17)

Op LAZERRUN-gebied het twee van ons atlete uitstekend gevaar.

Andre Kleynhans het tweede en Stefan Schoeman 14de by die SA's gekom. Hulle altwee is dan ook gekies om Suid-Afrika tydens die wêreldbyeenkoms op 29 en 30 September 2018 in Ierland te gaan verteenwoordig.

### **17.14 WATERPOLO (J. J. V. RENSBURG)**

Hoërskool Outeniqua se waterpolo is nog aan die ontwikkel, maar groei elke jaar. Ons het twee spanne wat aan die Eden seuns- en dogtersliga deelneem en kompeteer met Glenwood House, York en Oakhill.

Hierdie jaar het ons seuns veral baie goed gevaar. Ons het ook in die WP B-liga ingeskryf en wedstryde in Kaapstad gaan speel om meer swembadtyd vir ons spelers te gee. Die waterskaarste het daartoe bygedra dat ons slegs twee keer kon gaan speel voor die WP die liga afgestel het.

Die dogters (Alex girls) en seuns (Pearson Stayers) spanne het in Februarie aan toernooie in Port Elizabeth gaan deelneem en ook waardevolle ervaring daar opgedoen.

Ons seuns en dogters speel ook in Oktober in George in die jaarlikse CO-ED toernooi wat hierdie jaar deur Glenwood House aangebied word.

### **EDEN WATERPOLO:**

Ons wens vyf van ons leerders geluk wat SWD by die nasionale waterpolo toernooi verteenwoordig het.

Christelle Kruger, Lucian Rossouw, Phillip du Toit, Dawid Fölscher en Jandré Strydom.

### **DANKIE:**

Baie dankie aan mnre Arthur Squire en Marnus Nel (afrigters) asook me. Minda-Mari Minnie (afrigting/bestuur) vir ure se werk langs die swembad. 'n Spesiale woord van dank ook aan mev. Gena van der Watt ('n ouer) vir al die werk agter die skerms en ons borg *Just Water* vir hul ondersteuning.

### **17.15 KONDISIONERING**

Die Kwagga Kondisionering werksaamhede kan saamgevat word as volg:

Die gereelde navorsING, opstel en aanbieding van effektiewe en funksionele kondisioneringsprogramme; noue afrigtersamewerking en gereelde kommunikasie in die bestuur van spanne; die ontwikkeling, onderhouding en bestuur van 'n funksionele, praktiese en koste effektiewe gymnasium; die benutting van die fasiliteit deur 'n groot spektrum lede.

### **OHS GIMNASIUM ONTWIKKELING**

Die beplande aankope van 10 x Concept II SkiErg's kon hierdie jaar halfpad realiseer en ons hoop om die ander helfte die komende jaar aan te skaf om die stel te voltooi. Die voordeel van die SkiErg's ontwerp is dat dit nie vloerspasie opneem nie, maar teen die muur agter die gewigroosters gemonteer word. Dis dus spasie ekonomies en werk fantasties!



## FINANSIES EN BESTUUR VAN GIMNASIUM - Hans Daehne

Die gimnasium het weer 'n besige jaar belewe en die ledetal het tot 82 volwassenes( 2017:75) toegeneem waarvan 23 jaarliks vooruit betaal. Terselfdertyd het die uitgawes baie gedaal.

Die aantal leerders wat betaal, het effens gedaal van 97 in 2017 tot 82 in 2018.

Die aantal sportlui wat in spanverband oefen (rugbyspelers, atlete, tennisspelers, waterpolo-, netbal-, hokkies- en krieketpelers ) met **gratis gimnasiumgebruik** het gestyg.

**Gimnasiumomset vir 2018:** R128,080 (R126,930 1% meer as in 2017) {begroot R130,000}

Begrote omset vir 2019: R130,000

**Foie vir 2019:** effens meer as vir 2018

### Volwassenes

Jaarliks vooruitbetaalbaar:		R1400
6 maande "	"	: R800
3 maande "	"	: R500
maandeliks "	"	: R200

### Leerders

Jaarliks vooruit betaalbaar		: R500
6 maandeliks "	"	: R300
3 maande "	"	: R200
1 Maand "	"	: R100

**Ontwikkeling:** Die toegangshek kan nou met 'n afstandkontrole beheer word R3000.

**Instandhouding:** Die slytasie op die toerusting is baie hoog en daar was soos in die verlede ook in 2018 baie reparasies nodig.

Algemene instandhoudingskoste R3,033, Kabels R787, Batterye R233, Noodhulp R557, Skryfbehoeftes R279. Die totale instandhoudingskoste vir 2018 het gedaal na R4,200 (R7,325 in 2017) omdat minder ontwikkelingskoste nodig was.


**Opsomming:** Die nuwe ski-ergometers vind selfs by die volwassenes aanklank. Die gimnasium het 'n skoon en netjiese voorkoms. In die nuwe finansiële jaar sal 'n industriële stofsuier aangeskaf moet word en

die ruimte vir die skoonmaaktoerusting moet van 'n sluitbare kas voorsien word. Die waterverkoeler het na 20 jaar diens ook aan die einde van sy leeftyd gekom.

## EERSTE SPANNE SE KONDISIONERING

Primêre doel is om die werkkapasiteit te vermeerder oor 'n breë spektrum tyd en modaliteit domeine (Eksplousiewe & volhoudbare dryfkrag) en 'n voorbereidingskultuur te skep deur gereelde oefening, dissipline, harde werk en 'n klem op *basics* en passie vir uitnemendheid.

Die kondisionersprogram werk hand aan hand met die afrigters. Die afrigter verskaf die dissipline met die bywoning. Die spelers wat gereeld bywoon, ervaar die resultate. Die Somersportsoorte het 'n invloed op die bywoning van die afseisoen, en dis veral die krieketspelers wat agter raak gedurende die somermaande.



Die effektiwiteit van die kondisioneringsprogram is net so goed soos die bywoning en die bywoning kan net verkry word deur die afrigters se standpunt van erns en opvolg na gemiste sessies. Die bestuur rondom hierdie aspek is een groot sleutel vir 'n suksesvolle afseisoen!



### Hokkie (Dogters) 1ste Span

2015: 45 Sessies – Gemiddelde bywoning van 17 uit 45 sessies is bygewoon (38%)  
30 Spelers Okt – Des 2014; 13 Spelers Jan – Aug 2015 [2 Tennisspelers, 3 Atlete, 1 Tweekamp, 1 Golfspeler in groep]  
4 Spelers (Marietjie, Kristi, Lanney en Kara) het bo 50% bywoningsyfer gehad vir hele seisoen.

2016: 44 Sessies – Gemiddelde bywoning van 20 uit 44 sessies is bygewoon (46%)  
30 Spelers Okt – Feb 2016 [1 Tennisspeler, 3 Atlete]  
Net 3 spelers (Megan Pienaar en Annika en Angelique Heunis) het bo 70% bywoningsyfer. 7 spelers bo 50% bywoningsyfer.

2017: 64 Sessies – Gemiddelde bywoning van 35 uit 64 sessies is bygewoon (55%)  
30 Spelers Okt – 18Jan 2017; 14 Spelers Jan – Aug 2017 [1 Muurbalspeler, 1 Atleet, 1 Tweekamper]  
2 Spelers bo 80% bywoning (Annika & Angelique Heunis) en 2 Spelers bo 65% bywoning.

2018: 76 Sessies – Gemiddelde bywoing van 41 uit 72 sessies is bygewoon (57%)  
 27 Spelers Aug – Feb 2018 [1Muurbal, 3 Atlete, 2 Tweekamp, 1 Waterpolo]  
 5 Spelers bo 75% (Mia,Mariné,Zanelle, Jana,Carla); 3 Spelers bo 60%

Die afrigting, bestuur en administrasie rondom die span was baie streng, wat gesien kan word in uitstekende bywoningsyfer van die groter meerderheid spelers. Daar moet al die krediet aan die afrigters (Nesta en Mia) gegee word! Die kultuur in die span en die werksetiek was op 'n baie hoër vlak as ooit tevore by die hokkie dogters.



### Hokkie (Seuns) 1ste Span

2015: 31 Sessies – Gemiddelde bywoning van 12 uit 31 sessies (38%)  
 19 Spelers van Okt 2013[2 Krieketspelers, 1 Tennisspeler en 1 Atleet in groep]  
 5 Spelers (Darren, Christiaan, Sipiwe, JG, Thomas) het bo 50% teenwoordigheidsyfer gehad vir hele seisoen.

2016: 36 Sessies – Gemiddelde bywoning van 12 uit 36 sessies (35%)  
 3 Krieketspelers in groep  
 2 Spelers (JG Luus en Cameron de Oliviera) het bo 70%. 4 Spelers bo 50% bywoningsyfer.

2017: 72 Sessies – Gemiddelde bywoning van 38 uit 72 sessies (53%)  
 29 Spelers van Okt tot 19 Jan 2016; 15 Spelers Jan – 30 Aug 2017 [7 Krieketspelers, 2 Swemmers, 1 Gimnas, 1 Muurbalspeler]  
 4 Spelers bo 60% bywoning, 1 Speler bo 70% bywoning (Rudi Adendorff)

2018: 68 Sessies – Gemiddelde bywoning van 30 uit 67 sessies (45%)  
 32 Spelers van Sep – Feb 2018 [5 Krieketspelers, 1 Waterpolo, 2 Muurbal, 1 Swem]  
 3 Spelers (Stephen, Ryan, Dawson) bo 75% bywoning, 4 Spelers bo 50%

Die bywoningsyfer lyk nie so goed nie a.g.v. die baie spelers wat somersportsoorte beoefen het, asook ekstra Wisk klasse, maar dit moes steeds baie beter gelyk het. Die span se aerobiese fiksheid was egter die beste ooit met 'n gemiddelde (12+ spelers) **Bleep van 115 en Sprint Repeat van 744!** Hulle het die werkspeil aansienlik verhoog van vorige jare en 'n nuwe norm agtergelaat vir die spanne wat volg.



### Atletiek

Al die Atletiekafrigters maak gebruik van die gimnasium op 'n gereelde basis.



### Netbal 1ste Span (en 2de Netbalspan)

2015: 37 Sessies – Gemiddelde bywoning van 21 uit 37 sessies (57%)  
 21 Spelers, [8 Atlete & 1 Tennisspeler in groep], 14 spelers na proewe.  
 5 Spelers bo 70% bywoningsyfer gehad vir die hele seisoen.

2016: 48 Sessies – Gemiddelde bywoning van 24 uit 48 sessies (50%)  
 20 Spelers, [2 Tennisspelers, 8 Atlete in groep] voor proewe.  
 3 Spelers (Adri Uys, Janneke Agenbag en Karien Kruger) het bo 70% bywoningsyfer

<p>2017: 78 Sessies – Gemiddelde bywoning van 44 uit 78 sessies (56%)  20 Spelers in groep deurentyd  2 Spelers bo 60%, 1 bo 70%, 2 bo 80% bywoningsyfer (Adele Agenbag en Michelle Groves)</p>
<p>2018: 64 Sessies – Gemiddelde bywoning van 47 uit 66 sessies (71%)  22 Spelers, [3 Tennis, 3 Atlete]  5 Spelers bo 80% bywoningsyfer (Adele, Michelle, Nika, Charné, Chané), 1 bo 70% en 2 spelers bo 50%</p>

Hierdie span was tops in hulle bywoning en werksetiek! Dit was uit en uit 'n plesier om met die spanne (o/18 & B) te werk. Die effek van sielkundige voorbereiding en die eienaarskap daarvan het veral gedurende hierdie seisoen sterk navore gekom.



## Rugby 1ste Span

2013: 137 Sessies – Gemiddelde bywoning van 82 uit 137 sessies (60%)  
12 Voorspelers se gemiddeld was 97.5 sessies (70%)  
10 Agterspelers se gemiddeld was 64 sessies (46%)  
32 Spelers: Oktober – Desember 2012 (24 Gereelde spelers)

2014: 156 Sessies – Gemiddelde bywoning van 83 uit 156 sessies (53%)  
12 Voorspelers se gemiddeld was 112 sessie (72%), [1 Atleet]  
10 Agterspelers se gemiddeld was 52 sessies (33%), [5 Krieketspelers, 1 Atleet, 2 Nuwe (Jan) spelers]  
32 Spelers: Okt – Des 2013 (26 Gereelde spelers)

<p>2015: 152 Sessies – Gemiddelde bywoning van 72.5 uit 152 sessies (48%)  12 Voorspelers se gemiddeld was 90 sessies (59%)  10 Agterspelers se gemiddeld was 51.5 sessies (34%) [5 Krieketspelers, 1 Atleet]  32 Spelers: Okt – Des 2014 in afseisoengroep</p>
---

<p>2016: 116 Sessies – Gemiddelde bywoning van 55 uit 116 sessies (48%)  13 Voorspelers se gemiddeld was 61 sessies (53%) [1 Krieketspeler, 2 Atlete]  10 Agterspelers se gemiddeld was 48 sessies (41%), [2 Krieketspelers, 3 Atlete, 1 Tennisspeler]  40 Spelers: Aug – Feb 2016</p>
--

<p>2017: 98 Sessies – Gemiddelde bywoning van 50 uit 98 sessies (51%)  13 Voorspelers se gemiddeld was 58 sessies (59%) [1 Krieketspeler, 1 Atleet]  10 Agterspelers se gemiddeld was 40 sessies (40%) [1 Krieketspeler]  40 Spelers: Aug – Feb 2017</p>
--

<p>2018: 88 Sessies – Gemiddelde bywoning van 48 uit 88 sessies (54%)  13 Voorspelers se gemiddeld was 48 sessies (54%) [1Krieketspeler, 1Atleet, 1 Detensie]  10 Agterspelers se gemiddeld was 49 sessies (55%) [3Krieketspelers, 1Tennis, 1 Detensie]  55 Spelers: Okt – Feb 2018  6 Spelers bo 70% bywoning (Leon,Bennet,Ruan, Abré,Ridge &amp; Dillon)</p>
--

Die Krieketspelers in die groep beleef elke seisoen 'n agterstand wat kondisionering aan betref op seniorvlak.

Kondisioneringstye is na 05:00 3x per week voor skool geskuif. Dit het gehelp het met die bottelnek middagprogramme.

## **Muurbal**

Van Januarie af het ons deurlopende sessies geskeduleer. Ons het 63 sessies gedoen waar die gemiddelde bywoning 4 spelers per sessie was. Monré is baie proaktief met die spelers.

Selfprogramme word oorhandig tydens elke eksamen en vakansietye.

\*Sessie ≠ tydgleuf nie, maar Fiksheidskomponent gerig ± 20min



## **\*Gimnasium voorskool & Fit Kwagga klasse**

### Fit klasse:

Maandae: 05:15

Dinsdae: 07:45 en 18:00

Donderdae: 05:15; 07:45 en 18:00

Vrydae: 07:45

*\*18:00 Klasse – Johann Smit*

*\*14:30 Klasse – Christopher Richardson (Onnies)*

Ons CrossFit Kwagga affiliasie is einde 2016 beëindig. Die klasse het voortgegaan onder 'n nuwe naam: Fit Kwagga, geskoei op dieselfde formaat.

## **MIDDELBAAN KONDISIONERING – Christopher Richardson**

### **Onder 16-hokkie dogters**

Die onder 16-hokkie dogters se bywoning was goed. Die seisoen het begin met 'n baie groot groep van **47 meisies**. En het later geëindig met **15 meisies**. Hulle houding teenoor die kondisioneringsessies was baie goed en positief en dit het in hulle wedstryde weerspieël. Die kommunikasie met die afrigter was ook baie goed. Hulle bywoning was 54%. Bo en behalwe baie spoed- en ratsheidwerk het ek met hulle kardiovaskulêre fiksheid gedoen. Baie van die dogters is die jaar nog onder 15 en gaan dus nog volgende jaar weer onder 16 hokkie speel.

### **Onder 16-hokkie seuns**

Die onder 16-hokkie seuns in 2018 het uitstekende houding en dissipline gehad en hulle bywoning het ook baie goed gelyk veral vanaf die tweede kwartaal. Die afrigter was baie betrokke en die span se fiksheid was die beste uit al die junior spanne! Hulle **Gemiddelde BLEEP was 102**. Bywoning was 73%, die beste uit al my spanne. Daar was 'n totaal van **15** kinders in die span. Hulle fiksheid het hulle deurgedra in moeilike wedstryde Dissipline en fiksheid = beter resultate.

## Onder 16-netbal dogters

Dit is 'n baie gedrewe en hardwerkende groep dogters. Alhoewel hulle bywoning die laagste, 34% was, was hulle een van die fiksste spanne waarmee ek die jaar gewerk het. Daar was `n totaal van **21** kinders in die groep. Hulle bywoning het goed begin, maar het wel later in die seisoen so klein bietjie gedaal. Die meeste van die dogters se dissipline was goed. Daar was wel 'n klein groep wat nie gereeld by oefensessies was nie. Hulle het 'n gemiddelde seisoen gehad, maar daar is 'n paar atlete wat definitief oor baie goeie potensiaal beskik. Afrigting en kommunikasie was ook baie goed.

## Waterpolo

Die waterpolo se kondisioneringsessies (*dry land*) vir seuns en dogters, het in April begin. Dit vind plaas op Dinsdae en Donderdae om 06:00 tot 07:00. Die bywoning deur net 'n paar kinders is goed, maar die seisoen gaan nou in die vierde kwartaal begin en die bywoning gaan verbeter. Kommunikasie met die afrigter is goed en hy is gemotiveerd. Ek is persoonlik opgewonde oor die groei van die skool se waterpolo.

## Onder 16-rugby

Daar was 63% bywoning. Daar was `n totaal van **45** kinders in die groep. Hulle het 'n bogemiddelde bywoning gehad en was verskriklik hardwerkend. Hulle kondisionering het baie goed gelyk en hulle is 'n span wat baie ver gaan kom. Daar is wel 'n paar spelers wat baie ekstra oefeninge gedoen het en wat gereeld by die kondisioneringsessies was. Daar is goeie leiding in die span en dit is 'n baie sterk rugby groep. Hulle houding en dissipline was uitstekend. Die fokus met die groep is om aan te hou met goeie kondisionering en fiksheid. Tesame met die goeie samewerking tussen my en die afrigters, kon ons (*rucking*) asook (*defense*) oefensessies by die kondisionering inwerk. Dit was baie lekker om saam met die groep seuns en afrigters te werk.

## Onder 15-rugby

Die o/15-groep is 'n baie sterk rugbygroep asook baie optimisties en hardwerkend met 'n bywoningsyfer van 70%. Daar was `n totaal van **52** kinders in die groep. Die sessies was baie goed bygewoon en daar is verskriklike goeie talent in die groep. Die afrigters het wel verkies om baie fiksheidsessies op die veld, eerder as in die skool se gim, te doen. Alhoewel die span in die begin van die jaar bietjie gesukkel het om as 'n span saam te werk, het hulle in die tweede helfte van die seisoen baie beter gevaar. Hulle kondisionering en fiksheid het wel baie goed gelyk. Ek en die afrigters het baie goed saamgewerk en daar was baie goeie kommunikasie, asook afrigting.

## TEN SLOTTE

Een groot beplande bestelling (5 x Concept 2 SkiErgs PM5) word begroot vir 2018 om die huidige stel te voltooi!

Met Fred en Nesta Olivier (Hokkie Seuns en Dogters) en Abré Minnie (Rugby) wat met hul derde agtereenvolgende seisoen by die Eerste Spanne betrokke was, het dit die kontinuïteit met die weekritme aansienlik makliker laat glad verloop.

Met Christopher Richardson se teenwoordigheid vir sy tweede opeenvolgende seisoen by die Kwaggas, kan ons net 'n positiewe voorbereidingskultuur by die junior spanne sien ontwikkel.

Hans Daehne bly 'n juweel vir die skool met al sy kundigheid en vakmanskap in die gimnasium. Baie onderhoudskostes word gespaar met hom aanboord!

Dit bly 'n lekker uitdaging om die gimnasium, kondisioneringskultuur en fiksheidsvlakke van die spanne jaarliks by Outeniqua te bly verbreed en verbeter.

Ons beoog om die 2019-seisoen 'n baie meer speler gesentreerde benadering te probeer ontwikkel om proaktiwiteit en eienaarskap te bevorder. Dis tyd dat ons koppe bymekaar sit!

### **18. NOODHULP (C.E. BRINK EN H. ERASMUS)**

Kwaggas is so bevoorreg om 'n klein groepie getroue noodhulpleerders te hê wat met elke sportdag in wind en weer getrou op hul pos langs die veld is. Ons is baie dankbaar vir hulle onbaatsugtige diens. Van die leerders het hierdie jaar ongeveer 170 uur diens langs die veld gedoen.

Ons groet met hartseer vir mev Irene Brink, sy het verseker dat die noodhulp by Outeniqua van die hoogste standaard is. Ons gaan haar ongetwyfeld baie mis. Ons groet ook die gr.12's, Liezl Lamprecht, Rudolf Schutte en Miriska Maree, wat die afgelope vyf jaar baie van hul tyd vir die noodhulp opgeoffer het.

34 leerders het vanjaar die geakkrediteerde vlak 1-noodhulpkursus en 19 die vlak 3-noodhulpkursus gedoen wat deur die bekwame personeel van ER24 aangebied is. Ons moedig steeds leerders wat die kursus gedoen het aan om prakties by die sportdae betrokke te raak.

Ons is ook dankbaar vir Frontier Medix se betrokkenheid Saterdag by ons sportdae en die dienste van Pro Physio (fisioterapeute) en dr. Marcelle Herbst. Hulle dienste is ook in die middag na skool by die gimnasium beskikbaar.

## **19. KULTUUR**

### **19.1 OUTENIQUA KOORFEES: (A. VAN SANTEN)**

Dit het op 14, 15 & 16 Augustus 2018 plaasgevind en 22 kore het hieraan deelgeneem. Die beoordelaar was Phillipus Hugo. Hy is verbonde aan die US se Musiekdepartement. Daar was vanjaar weer net een optreesessie wat om 17:00 begin het. Al drie aande is baie goed deur ouers en die publiek bygewoon. Oor die drie aande het die kaartjestafel R15 000 se toegang- en kaartjieverkope ingevorder. Elke aand is begin met 'n verwelkoming deur me. Retha Smith (Dinsdagaand), mnr. Casper Brink (Woensdagaand) en mnr. Chris Hattingh (Donderdagaand).

Die beoordelaar het tydens sy repliek opgemerk dat hy verras is met die formaat van die koorfees en HS Outeniqua geprys dat ons koorsang in die Suid-Kaap op hierdie manier bevorder. Die Reëlingskomitee is dankbaar teenoor die skoliere en personeel wat elke aand behulpsaam was met die verkoop van kaartjies. Ons bedank ook mnr. Conrad van Zyl en sy klankspan vir hul skitterende werk.

Sonder die koorleiers en hul goed-gedissiplineerde koorlede sou die koorfees beslis nie gewees het wat dit is nie! Ons hartlike dank en waardering gaan aan hulle elkeen vir goeie samewerking. Denneoord NG Kerk was vanjaar weer eens die "gasheer" deur hul gebou beskikbaar te stel. Die koster was baie behulpsaam!

Die Reëlingskomitee bedank ook graag die volgende persone: mnr. De Swardt, mnr. Flippie Botha en die terreinpersoneel, mev. Chinese Scriven, mev. Christine Botha (wat al oproepe hanteer het), me. Leané Kotze, sowel as die aankondiger, Annika van Santen. Mnr. Chris Hattingh het die geskiedenis van die Koorfees opgeteken en dit is op die Koorfeesprogram gedruk. Hierdie is 'n waardevolle stuk geskiedenis en ons is baie dankbaar vir die tyd en moeite wat hy hierin gesit het. Ons opregte waardering daarvoor.

### **19.2 SKOOLKOOR: (P. RAATH)**

Daar is tans ongeveer 60 leerders in die skoolkoor. Ons oefen om 7:20 elke oggend. Ons koorkamp het op 2 - 3 Februarie 2018 plaasgevind. Aangesien oefentye beperk was tot oggende, en tye ook baie gewissel het, kon ons nie volgens 'n spesifieke skedule oefen nie. As gevolg daarvan het ons baie moeite gedoen om leerders se stempartye op te neem sodat hulle dit dan by hul huise kon oefen. Om oefentye in die oggende ten volle te benut, het ons alle stempartye terselfdertyd probeer afrig. Om dit te kan doen maak ons gebruik van rekenaarsagteware. Ons lees die bladmusiek in op 'n rekenaarprogram wat dan die verskeie stemme vir ons terugstuur. Ons plaas dan elke groep voor 'n luidspreker en alle stempartye hoor dus hul eie stemme.

Die skoolkoor het hierdie jaar aan twee aktiwiteite deelgeneem. Eerstens, Hoërskool Outeniqua se Klankbrousel in Mei en daarna die Outeniqua Koorfees in Augustus. By die Klankbrousel het die leerders hulle uitstekend van hul taak gekwyt met twee pragtige liedere: "Adiemus" en "The Seal Lullaby". Hierna het ons hard gewerk aan die Koorfees. Hulle het 'n pragtige gemiddelde A++-simbool behaal. Ons is baie trots op die vordering van die leerders. Nie net het hulle gehoor verbeter nie, maar ook hulle algehele koordisipline. Ons is ook trots om te sê dat leerders se vermoë om musiek aan te leer veral in die derde kwartaal verbeter het.



### **19.3 KLANKBROUSEL: (L. PETERSEN)**

Die Musiekdepartement het op 23 en 24 Mei 2018 'n baie suksesvolle konsertreeks aangebied. Al die Graad 10 tot 12- vakleerders het 'n spesiale uitvoering gedoen van solo- en ensemblewerke wat hulle sedert die begin van hierdie jaar aangeleer het. 'n Wye verskeidenheid van instrumentasie en style is gedek en die repertorium het aan elke tipe musiek liefhebber se smaak voldoen. Dit is duidelik dat al die uitvoerders deeglik voorberei het, want elke item het getuig van besondere musikaliteit en uitsonderlike kwaliteit. Die program is verder aangevul met uitvoerings deur die skoolkoor, vokale ensemble, instrumentale ensemble en "Jazz band". Die Klankbrousel het ook gasoptredes ingesluit van Magdalena de Vries, 'n bekroonde Marimba-spesialis, Dr. Anneke Lamont - 'n begaafde pianis en die rymkletsers, Hakkiesdraad Hartman, wat ook as aanbieder opgetree het. Bravo aan elke leerder wat deel uitgemaak het van hierdie konsertreeks en ook aan die musiekpersoneel vir hul harde werk!

### **19.4 JAZZ ENSEMBLE: (L. PETERSEN)**

Die Hoërskool Outeniqua Jazz Ensemble, ook bekend as "Die Katz" het 'n uitdagende 2018 beleef. Die groep bestaan tans uit 7 lede: Franco Engelbrecht (Gr. 11 - klavier), Dian Swanepoel (Gr. 12 – elektriese kitaar), Jewlin Jonkers (Gr. 12 - dromme), Eckardt Muller (Gr. 11 - baskitaar), Kerwin Albertus (Gr. 11 - saksofoon), Christelle Smook (Gr. 11 – saksofoon) en Lente Treurnich (Gr. 10 - saksofoon).

2018 was 'n moeilike begin vir die groep, maar ons het besluit om te fokus op die aanleer van nuwe musiek, veral omdat ons nuwe blaaspeleers bygekry het. Gedurende die eerste kwartaal is ons op 'n oefenkamp na Louvain Gasteplaas op Herold waar ons lekker kon oefen en mekaar beter kon leer ken. Op pad terug van die kamp het ons 'n optrede gehad by die Rosenhof plaas buitekant George. Dit was 'n baie aangename en suksesvolle ervaring. Daarna het die groep by die Kwagga Langtafel opgetree, asook by die Musiekdepartement se Etensuurkonsert wat by die NG Moedergemeente gehou is. Die aanvang van die tweede kwartaal was vir ons positief en ons kon Internasionale Jazz -maand vier met 'n werkswinkel saam met die Cape Jazz-pianis en –komponis, Ramon Alexander en sy orkes. Dit was 'n baie suksesvolle dag waar die lede individuele sessies met professionele musici kon hê. Na afloop van die werkswinkel het ons Ramon se konsert by die George Kunsteteater gaan bywoon. Kerwin Albertus het hier 'n gasoptrede gehad het en het twee van sy oorspronklike komposisies saam met die orkes gespeel.

Die Katz was ook bevoorreg om met Therese Benade van Kwela op Kyknet te gesels, toe sy en haar span 'n insetsel kom opneem het van Kerwin en sy musiekloopbaan. Dit was vir ons 'n lekker ervaring om so 'n professionele platform te kry om op te tree.

Ons het voortgegaan met oefeninge en kon optree by die Klankbrousel Musiekkonserte wat op 23 en 24 Mei in ons skoolsaal aangebied is. Die volgende hoogtepunt was die *National Youth Jazz Festival* in Grahamstad gedurende die Junievakansie. Hierdie fees is deur 3 van die lede bygewoon, naamlik Dian Swanepoel, Eckardt Muller en Kerwin Albertus. Vir hierdie 3 was dit 'n baie opwindende belewenis. Kerwin het ook die tweede rondte oudisies behaal vir die *National Schools' Band*. Eckardt Muller is ook opgeneem in die *National Youth Jazz Choir* o.l.v Natalie Rungan wat op die Feesverhoog opgetree het.

Die derde kwartaal het die ensemble aan die George Eisteddfod deelgeneem waar hulle A++ vir beide programme verwerf het. Hulle is ook gevra om die feeskonsert af te sluit.

## 19.5 VOKALE ENSEMBLE: (K. NETLEY)

Die vokale ensemble het 'n baie suksesvolle jaar agter die rug, met optredes by 'n paar plaaslike geleenthede. Hierdie sluit in deelname aan Skemerklanke met gasbeoordelaar Juanita Lamprecht van die Nelson Mandela Universiteit, die Curro Mosselbaai Koorfees en Jong Musikante Kompetisie wat deur die George Musiekvereniging aangebied is waar hulle ook aangewys is as die Beste Senior Vokale Ensemble. Met die Outeniqua Koorfees het hulle 'n algehele A++++ behaal.

Die ensemble het ook aan die Tygerberg Internasionale Eisteddfod in Stellenbosch deelgeneem en het 'n gemiddeld van 94% behaal. Die hoogtepunt van die jaar was 'n uitnodiging na die Gala-aand van die Tygerberg Eisteddfod in die Endlersaal van Stellenbosch se konserwatorium. Hulle het 'n beker sowel as prysgeld as een van die top vyf hoërskoolkore in die land ontvang. Die Ensemble-lede is: Mia Moore, Elisa Barnardo, Anke vd Schyff, Dominique Jv Rensburg, Elizma Beyleveld, Yzanne Potgieter, Karien Herbst, Marize Gouws, Nadeane Maritz, Eckardt Muller, Lee Miller, Kerwin Albertus, Tinus Botes, Dian Swanepoel, Franco Engelbrecht, Mondor Arries, Ben van Niekerk, Ian Grobler.

### MUSIEK

Jong Musikante

Marelise Coetzee: Beste Kontemporêre Solosang

Marize Gouws: Beste Senior Fluit

Elizma Beyleveld: Veelsydigste Musikant

Kerwin Albertus: Beste Senior Saksofoon; Beste Senior Presteerder

Vokale Ensemble: Beste Senior Ensemble

Ander leerders wat oudisies geslaag het: Felicia Lategan (2 klaviere), Mia Moore (solosang]

Musiekeksamens: Die volgende leerders het reeds tydens die eerste sessie Unisa se musiekteorie eksamens afgelê: Franco Engelbrecht Gr. 5 93% ; Anke vd Schyff Gr. 4 97% Jewlin Jonkers het vanjaar danksy fantastiese Gr. 5-uitslae in 2017 'n merietebeurs van Unisa ontvang. Hy het 98% vir sy vraestel gekry en word dus beloon as een van die toppresterders landwyd.

George Eisteddfod

Klavier: Reynard Visagie A A+; Ben van Niekerk A+ A+; Franco Engelbrecht A A+; Liezl Lamprecht A++; Elizma Beyleveld A++ A++; Felicia Lategan A+ A++ A+; Lara Vellema A+ A; Caro Giliomee A+ A+ A+; Inneke Theron A+ A++

Blokfluit: Mia Wright A A

Koorfees Vokale Ensemble A++++

Saksofoon: Kerwin Albertus: A++

Jazz Ensemble: Die Katz: Dian Swanepoel; Eckardt Muller; Kerwin Albertus; Franco Engelbrecht; Jewlin Jonkers A++ A++

Vokaal: Marelise Coetzee A+ A+ A++ A++; Mia Moore A+ A++ A++;

Khayakazi Vur-Vur A+; Emma Cronjé A+ A++; Dominique Jv Rensburg A++ A++ Nicolé Stoffberg A++ A++; Liezl Lamprecht A A A

Vokale Ensemble (o.l.v. Ben van Niekerk): Ben van Niekerk; Kerwin Albertus; Mia Moore; Elisa Barnardo; Dominique Janse van Rensburg; Luanke Pieters A+

Fluit: Dylan du Preez A++ A++; Dominique Snygans A+; Lara Vellema A++

Gala-aand: Marelise Coetzee: Beker vir Beste Senior Kontemporêre Vokalis Deelname: Jazz-band met Dominique Jv Rensburg (vokaal); Kerwin Albertus (saksofoon)

### **19.6 WEAR ART: (E. PRETORIUS)**

Die Ontwerpdepartement het twee Wear Art-vertonings op die 19de April in die Creàre-saal aangebied. Die tema vanjaar was "Building a Story". Die jong ontwerpers van ons voederskole, Laerskool Blanco, Laerskool Outeniqua en Laerskool George-Suid het stories en gedigte van hul gunstelingkarakters uit *Beauty and the Beast*, *Liewe Heksie*, *Three Blind Mice* en *The Minions* vertel. Die gr. 9-ontwerpers het die liedjies van die Beatles as inspirasie gebruik om hul hoede en maskers te ontwerp. Die gr. 10-, 11- en 12-ontwerpers het stories uit die natuur, die verhale van antieke stede en kleurvolle fantasiewêreld met hul ontwerpe vertel.

Die ontwerpers het met 'n verskeidenheid materiale gewerk en daarin geslaag om met moeilike materiale pragtige skeppings te maak. Die seniorleerders het ook hul nuwe naaldwerkvaardighede aangewend om suksesvolle loopplankontwerpe te vervaardig.

Vanjaar het 230 leerders vir die vertonings ontwerp. Die vertonings is met groot sukses deur onderwysers en leerders aangebied en die ouers het elke oomblik geniet. Hierdie uitstalling van die leerders se ontwerpe is 'n baie belangrike geleentheid vir blootstelling, maar ook goeie oefening vir jong ontwerpers om die belangrikheid van bemerking en professionele aanbieding van jou werk te bemeester.

### **19.7 ONTWERP HIGH TEA: (E. PRETORIUS)**

Die heel eerste High Tea is die 21ste April deur die Ontwerpdepartement aangebied. Die Creàre-saal is vir hierdie geleentheid omskep in 'n pragtige koninklike ruimte. Reuse silhoeëtte figure, handgedrukte koningsblou materiaal en die uitsonderlike ontwerpe van die gr. 12-leerders is as versiering gebruik. Gaste het by pragtiggedekte tafels met geurige eetgoed aangesit terwyl hulle na asemrowende ontwerpe van die leerders kon kyk. Sestig ontwerpers het hul werk vertoon. Die oggend is ook aangevul deur die ritmiese klanke van die Kwagga Jazz Katz. Die oggend was 'n ware koninklike oggend vir gaste en ontwerpers.

### **19.8 OUTENIQUA SCREENWORX: (E. PRETORIUS)**

Die Ontwerpleerders het met hierdie vertoning hul animasie, kortfilms en visuele kommunikasiewerk vertoon. Die inspirasie en konsepte het filmkarakters uit die verlede, kwessies uit die natuur en sosiale probleme soos afknouery ingesluit. Die tema blou as inspirasie het wonderlike en interessante konsepte opgelewer. Die kleur blou is as geslagspesifieke kleur, die simbool van die see en die lug en as blou diamante uitgebeeld. Die prosesse om te vervaardig is bitterlank en vir een kort animasiefilm kan tot 700 foto's of sketsies nodig wees. Die werke het ernstige kwessies aangespreek, boodskappe wat diep raak

gehad en gesorg vir lekker lag met skreeusnaakse oomblikke. Dit was van so 'n hoë standaard dat dit moeilik was om te glo dit is kinders se werk.

Die leerders van Laerskool Outeniqua en Laerskool Blanco het ook deelgeneem en pragtige skeppings vertoon. Die program is aangevul deur handgemaakte en handgedrukte produkte deur leerders, pragtige sang deur Hermuné Pienaar en uitstekende items deur die Kwagga Jazz Katz.

### **19.9 DANSPRODUKSIE: (W. VAN JAARVELD)**

Ons dansproduksie, "Om dieselfde vuur", was 'n groot sukses. Dit was ons eerste produksie van sy soort en met 'n span van ongeveer 85 dansers was die multi-dissiplinêre aanbieding 'n reuse spanpoging oor 'n periode van ongeveer agt maande. Die style wat ten toon gestel is, sluit in "Ballroom" en Latyns-Amerikaanse dans, Kontemporêre dans en Ballet, Spaanse dans en ook "Street" dans: 'n kombinasie van Hip-Hop, Musikale Teater en verskeie ander style.

Die produksie is ondersteun deur drie gaskunstenaars waaronder me. Lynette Petersen, Rosana Maya en mnr. William Constable. 'n Hoogtepunt van die aand was die Flamenco-solo deur internasionaal-bekroonde danser, Rosana Maya, in haar stuk *Tientos*. Dit is inderdaad nie dikwels wat gehore in die Tuinroete getrakteer word op Flamenco van hierdie gehalte nie.

